

DIE IMPAK VAN MOSAMBIEKSE IMMIGRANTE OP BEPAALDE ASPEKTE VAN DIE SOSIALE STRUKTUUR VAN 'N GRENSGEMEENSKAP

F.J.C. Barnard Hons. B.A.

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad Magister Artium in Sosiologie aan
die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Studieleier: Dr. J.F. Cronjé

Mei 2004

Potchefstroom

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling wil ek bo alles die Hemelse Vader loof vir die geleentheid waarin ek kon deel in my studiejare. Dit was ook 'n voorreg om die verhandeling aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te voltooi.

Die studieleier, Dr. JF Cronjé, word bedank vir sy aansporing, inspirerende leiding en volledige ondersteuning met elke faset van die verhandeling. Ek wil hom ook bedank vir die vormende invloed wat hy op my as student en as mens uitgeoefen het.

Hoë dank en waardering word ook uitgespreek teenoor die hoof van die Vakgroep Sosiologie, Prof. Dr. PH Möller, wat deur my studiejare asook met die voltooiing van die verhandeling onmisbare ondersteuning en akademiese leiding verskaf het.

Ook die ander dosente van die Vakgroep Sosiologie verdien erkenning en waardering. Dr. A Haasbroek, wie tydens die voltooiing van hierdie verhandeling oorlede is, was in vele opsigte 'n onmisbare steunpilaar wat my, soos haar ander studente, besiel en begeester het. Dit is daarom my voorreg om in dankbare erkentlikheid hierdie verhandeling aan haar en haar nagedagtenis op te dra.

'n Besondere woord van dank aan Proff. Marie Poggenpoel en Chris Myburgh van die voormalige RAU vir die waardevolle bydrae wat hulle met die beplanning van die studie, en veral met betrekking tot die insameling van die gegewens, gelewer het.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord

1	Hoofstuk 1 - Oriëntering en probleemstelling	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond	2
1.3	Probleemstelling en begrensing van studie	5
1.4	Doelstellings	6
1.5	Metode van ondersoek	7
1.5.1	Historiese prosedure	7
1.5.2	Opnameprosedure	8
1.5.3	Dataverwerking en interpretasie	10
1.5.4	Vetrouenswaardigheid	12
1.6	Hoofstukindeling	13
2	Hoofstuk 2 – Internasionale Migrasie: Teoretiese Begroning	15
2.1	Inleiding	15
2.2	Die rol van die nasionale staat in internasionale migrasie	17
2.3	Begrippe en teoretiese kontekste	20
2.3.1	Migrasie	20
2.3.1.1	Vrywillige migrasie	22
2.3.1.2	Gedwonge migrasie	22
2.3.1.3	Politieke migrasie	23
2.3.1.4	Ekonomiese migrasie	24
2.3.1.5	Suid-Noord migrasie	24
2.3.1.6	“Brain Drain”-migrasie	25
2.3.1.7	Konflikmigrasie	26
2.3.1.8	Epidemiese siekte-migrasie	27
2.3.1.9	Migrasie as gevolg van burokratiese onvermoë	27
2.3.2	Migrant	28
2.3.2.1	Vluchteling as migrante	29
2.3.2.2	Onwettige on ongedokumenteerde migrante	31

2.3.2.3	Onafhanklike vroulike migrante	32
2.3.2.4	Ongeskoolde kontrakmigrante	34
2.3.2.5	Geskoolde migrante	36
2.3.3	Mobiliteit	37
2.3.4	Die beweging van bevolkings of populasies	39
2.3.5	Oorsake van internasionale migrasie	46
2.3.5.1	Stootfaktore	47
2.3.5.2	Trekfaktore	51
2.4	Teorieë oor internasionale migrasie	54
2.4.1	Die assimilasieteorie	58
2.4.2	Die inkorporasieteorie	60
2.4.3	Die teorie van etniese enklawes	62
2.4.4	Teorieë oor burgerskap en transnasionisme	64
2.5	Slotperspektief	67
3	Hoofstuk 3 – Afrika, Suid-Afrika en Internasionale Migrasie	69
3.1	Inleiding	69
3.2	Kernmomente van migrasie in Suid-Afrika	69
3.3	Migrasie binne Afrika-konteks	74
3.3.1	Vroegste historiese tendense	74
3.3.2	Slawehandel	75
3.3.3	Kolonialisme	78
3.3.3.1	Portugal, Mosambiek en Suid-Afrika	79
3.3.4	Anti-apartheid migrasie	80
3.3.5	Migrasie as gevolg van burgeroorloë en konflik	81
3.3.6	Vroue en kindermigrante in Afrika	83
3.3.7	Migrasie en kriminaliteit	86
3.3.8	Die breinkwyn en diaspora in Afrika	88
3.3.9	Migrasie en natuurrampe in Afrika	90
3.3.10	VIGS en migrasie in Afrika	92
3.4	Rasionaal vir Afrika-migrante om na Suid-Afrika te kom	95
3.4.1	Migrante en die mynbou- en landbousektor in Suid-Afrika	96
3.4.2	Vroue-migrante as huiswerkers	104

3.5	Xenofobie in Suid-Afrika	107
3.6	Slotopmerkings	113
4	Hoofstuk 4 – Die impak van Mosambiekse immigrasie op die sosiale struktuur van die grensgemeenskap	115
4.1	Inleiding	115
4.2	Funksie en disfunksie	117
4.3	Kultuur	122
4.3.1	Taal	122
4.3.2	Die normatiewe komponent van kultuur	125
4.3.3	Etnosentrisme en xenofobie	128
4.4	Instellings	132
4.4.1	Die ekonomiese instelling	133
4.4.2	Die religieuse instelling	137
4.4.3	Huwelik- en gesinslewe	138
4.5	Status en rol	140
4.6	Samevatting	143
5	Hoofstuk 5 – Slotperspektiewe en oplossingsgerigte aanbevelings oor migrasie in Suider-Afrika	145
5.1	Inleiding	145
5.2	Samevattende bevindinge	146
5.3	Oorhoofse slotperspektiewe	146
5.4	Oplossingsgerigte aanbevelings	150
5.4.1	Inleiding	150
5.4.2	Die owerheidsektor	150
5.4.3	Internasionale optrede en interstaatlike verhoudinge	155
5.4.4	Burgerlike gemeenskap	157
5.4.5	Koördinerings van navorsing	160
5.5	Slot	161
6.	Bibliografie	163
	Bylaag A - Kaart	

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Redes vir besoek aan Suid-Afrika tydens mees onlangse besoek (%)	103
Tabel 2: Mees prominente vrese oor familie en vriende wat na Suid-Afrika gaan (%)	103
Tabel 3: Redes vir die hoë vlakke van xenofobie	109
Tabel 4: Suid-Afrikaanse houding teenoor immigrasie – 'n internasionale perspektief	110

HOOFSTUK 1

ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding

Internasionale migrasie is 'n wêreldwye verskynsel wat lank reeds bestaan. Volgens Hammar en Tamas (1997:1) was daar na raming teen die einde van die twintigste eeu reeds ongeveer 100 miljoen mense buite die land van hulle geboorte woonagtig. Die Wêreldbank (1995:65) het geraam dat daar teen die einde van die negentigs ten minste 125 miljoen mense buite hulle geboorteland woon. Richmond (2002:713) beweer dat 120 miljoen mense alleen buite hulle geboorteland **werksaam** is – dit sluit mense uit wat gemigreer het! Volgens tradisionele teorieë (vgl. Malmberg, 1997: 22) is die rede vir migrasie gewoonlik ekonomies van aard; dit kom ook voor asof migrasie hoofsaaklik vanaf arm lande na ryker lande geskied (Hammar & Tamas, 1997:1). Toenemende Westerse kommer, veral oor immigrasie uit Oos-Europa en Afrika, is 'n logiese uitvloeisel van genoemde aanname. Ondanks hierdie aannames, word dit egter gestel dat migrasie op veel groter skaal tussen ontwikkelende lande as van "arm" na "ryk" lande plaasvind (Anon., 1993:9).

Dit is algemene kennis dat immigrasie vanaf Suid-Afrika se buurlande 'n groot probleem is. Die **erns van die sosiale probleme** wat hand aan hand met immigrasie gaan, word egter in 'n groot mate steeds nie in Suid-Afrika besef nie; die klem val in dié verband meer op die ekonomiese en politieke gevolge. Die fokus van hierdie navorsing is om – op 'n kwalitatiewe wyse – die impak van Mosambiekse immigrante op die sosiale struktuur van 'n

grensgemeenskap in Suid-Afrika te bepaal (vgl. ook die bydrae van Brown (2002) oor die verband tussen migrasie en die sosiale struktuur van 'n gemeenskap). As gevolg van logiese redes (vgl. punt 1.5) was 'n kwalitatiewe ondersoek die mees geskikte navorsingsmetodologie om te volg. Kwalitatiewe metodes is ook by uitnemendheid geskik vir in-diepte bevindinge en om aan respondente "'n stem" te gee.

1.2 Agtergrond

Suid-Afrika is nie net 'n land van immigrasie nie, maar ook van emigrasie. Duisende Suid-Afrikaners, veral goed opgeleides of individue wat oor 'n bepaalde spesialiskundigheid op een of ander werkterrein beskik, emigreer as gevolg van 'n verskeidenheid redes na verskillende bestemmings in Europa, die Verenigde Koninkryk, die VSA, Nieu-Seeland, Australië en elders. Daar sou na hierdie tipe migrasie as **vrywillige migrasie** verwys kan word. Volgens die tipologie van Fischer, Martin en Straubhaar (1997:96-97) is dit dus internasionale "**high skilled**" migrasie (vgl. punt 2.3.1.1 en 3.3.8).

Immigrasie vanaf Suid-Afrika se buurlande (o.a. Zimbabwe, Zambië, die Demokratiese Republiek van die Kongo en Mosambiek) vind egter ook teen 'n kommerwekkende tempo plaas. Teen die agtergrond van ooglopende en ook algemeen gestelde redes, kan tereg na dié tipe verwys word as **politieke** (oorlog en politieke onstabiliteit in land van herkoms) en/of **ekonomiese** (werkloosheid en armoede) migrasie (vgl. punt 2.3.1.3 en 2.3.1.4). Hierdie tipe immigrant toon gewoonlik ook groot ooreenkomste met die internasionale "**low skilled**" immigrant (vgl. Fischer *et al.*, 1997:96-97), maar van hierdie migrante kan ook "high skilled" wees, byvoorbeeld mediese dokters uit Ghana ens. 'n Groot aantal van hierdie immigrante is onwettig in Suid-Afrika. Hoewel die

metodologie vir die ondersoek twyfelagtig was, het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aan die einde van 1994 geraam dat die getal onwettige immigrante in Suid-Afrika tussen 2,5 en 4,1 miljoen beloop (Solomon, 2001:3). Verskeie waarnemers (vgl. Minnaar, Pretorius & Wentzel, 1995:3) het bereken dat minstens 50,0% van alle nie-Suid-Afrikaners onwettige immigrante is (dit sluit die volgende kategorieë in: persone met vals dokumente, persone met Suid-Afrikaanse identiteitsboeke wat op onwettige wyse bekom is, persone met verstrykte toeriste visums, persone wat nie die korrekte verblyf-/werkpermitte het nie of persone wat die land op klandistiene wyse binne gekom het). Hierdie ongedokumenteerde immigrante het drie uitstaande kenmerke in gemeen (vgl. Heyman, 2000:640 oor ongedokumenteerde Mexikane in die VSA): eerstens is hulle totale "outsiders", tweedens is hulle desperaat op soek na geld en derdens verbreek hulle die immigrasiewette.

Volgens 'n berig deur die politieke redaksie van Volksblad (1999:9) is tot 90,0% van alle onwettige immigrante in Suid-Afrika uit Mosambiek afkomstig. As gevolg van dié besonder problematiese toedrag van sake, word daar slegs op **Mosambiekse immigrante** (wettig of onwettig) in hierdie studie gefokus. 'n Paar duisend mense probeer elke maand die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek oorsteek (Gibson, 1996:9) en meer as 400 onwettige Mosambiekse immigrante word daagliks uit Suid-Afrika gedeporteer, maar meer as driekwart van hierdie immigrante keer binne 24 uur weer terug na Suid-Afrika (Ngoro, 1997:1). Gedurende die jaar 2000 is 84 738 onwettige Mosambiekse immigrante uit Suid-Afrika gedeporteer (Henderson, 2001:141).

Dit is allerweë bekend dat internasionale en dan spesifiek Mosambiekse immigrasie, allerlei probleme vir Suid-Afrika

meebring. Een van die belangrikste knelpunte is sekerlik **ekonomies** van aard. Tony Twine (in Ngoro, 1997:2), 'n senior ekonoom van Econometrix, stel dit duidelik dat onwettige immigrasie 'n onnodige las op die ekonomie plaas. Hy verwys ook na die toename van **misdaad**: *"While we have a low rate of new jobs, we have a higher rate of growth of work seekers. And that has a lot of knock-on implications: there could be an increase in crime levels because they [illegal immigrants] increase the pool of labour and, perhaps, force South Africans into committing crime"* (Twine in Ngoro, 1997:2).

Verdermeer het die Departement van Binnelandse Sake, volgens die Departement se vorige direkteur-generaal, Mnr. Billy Masetlha, elke jaar meer as R 45 miljoen bestee om onwettige immigrante te deporteer (Henderson, 2001:142). Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) bestee boonop ook meer as R 700 miljoen per jaar aan grensbeskerming. Die SANW beraam dat die gemiddelde koste verbonde aan elke onwettige immigrant wat aangekeer en gedeporteer word, ongeveer R 4000 per immigrant beloop. Hierdie beraming is gebaseer op die menslike hulpbronne en administrasie verbonde aan die deportasieproses (Minnaar *et al.*, 1995:38). Meer spesifiek kos dit die SANW op die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek sowat R 1600 per onwettige immigrant as al die koste van dié grensbeskerming bereken word (Gibson, 2001:11).

Die Centre for Development & Enterprise (CDE) glo dat Suid-Afrikaners se vrese dat immigrante hulle werk bedreig, ongegrond is (Du Toit, 2000:7). Tog glo baie Suid-Afrikaners dat 'n toestroming van immigrante van die buurlande noodwendig **kompetisie in terme van werk en geld** gaan meebring. Ngobeni (1998) berig dat twee derdes van die mense wat deur Mail & Guardian in dié verband ondervra is, dit duidelik gestel het dat hulle

nie wil hê dat die regering vreemdelinge moet toelaat om in die land te woon en werk nie. **Xenofobie** kan uiteraard, as voortvloeiende van dié situasie, maklik beslag vind. Voorvalle van xenofobie is teweens algemeen in Suid-Afrika. Volgens 'n berig in die Volksblad (Anon., 2001:4) kan buitelandse smouse in Johannesburg dit byvoorbeeld kwalik meer waag om hulle stalletjies op die sypaadjies op te slaan. Ook elders in die land en selfs vanaf die kant van sekere staatsdiensdepartemente, word hierdie "vreemdelinge" met wantroue en selfs haat bejeën. In dié verband verwys Klaaren en Ramji (2001:37) in hulle artikel *Inside Illegality: Migration Policing in South Africa after Apartheid*, na operasie "Crackdown" van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) wat in 2000 begin het. Die volgende aanhaling bevestig die voorkoms van xenofobie selfs onder die SAPD: "Operation Crackdown exemplifies the process of criminilization of being black and foreign, just as apartheid criminilized blackness" (vgl. punt 3.5 en 4.3.3, waar die voorkoms van xenofobie in hierdie studie behandel word).

1.3 Probleemstelling en begrensing van die studie

Bo en behalwe al die bogenoemde probleme wat internasionale, maar meer spesifiek Mosambiekse immigrasie vir Suid-Afrika veroorsaak, word daar egter ook toenemend besorgde en onbeantwoorde vrae oor die **sosiale implikasies** van immigrasie op die Suid-Afrikaanse gemeenskap geopper.

Dit is onvermydelik dat die groot aantal Mosambiekse immigrante wat jaarliks na Suid-Afrika kom, 'n drastiese uitwerking op die gemeenskap waarvan hulle deel vorm, sal hê. Die **geïdentifiseerde problematiek** wat Mosambiekse immigrasie na Suid-Afrika binne 'n bepaalde gemeenskap kan meebring, kan in die volgende **navorsingsvraag** verwoord word:

*Wat is die impak van Mosambiekse immigrante op bepaalde komponente van die **sosiale struktuur** van 'n Suid-Afrikaanse grensgemeenskap?* Die spesifieke struktuurkomponente wat met die ondersoek onder die loep kom, is die volgende:

- kultuur
- instellings
- status en rol

Vanweë die omvangrykheid van die Mosambiekse immigrasieprobleem in Suid-Afrika is dit nie op hierdie vlak van navorsing haalbaar en prakties uitvoerbaar om die totale vraagstuk te bestudeer nie. Met dié projek word vervolgens slegs op 'n grensgemeenskap (aangrensend aan Mosambiek, geleë in die Noord-Oostelike provinsie van Suid-Afrika, Mpumalanga) gefokus (Sien Kaart, Bylaag A). 'n Onlangse studie van die RGN het bevind dat Mpumalanga in elk geval die hoogste toename van nie-opgetekende immigrante van ander Afrika-lande het (Jacobs, 2000:3). Die spesifieke grensgemeenskap is saamgestel uit blanke Suid-Afrikaanse boere, swart Suid-Afrikaners (hoofsaaklik Noord-Sotho-, Shangaan-(Tsonga) en Swazi-sprekend) en Mosambiekse immigrante. Die gemeenskap is uitsluitlik 'n landelike boerderygemeenskap.

1.4 Doelstellings

Die **primêre doelstelling** van die onderhawige studie is:

1.4.1 om die impak van Mosambiekse immigrasie op die **sosiale struktuur** van 'n bepaalde grensgemeenskap in Mpumalanga te bepaal, deur op bepaalde **struktuurkomponente** (kultuur, instellings, en status en rol) te fokus (**Hoofstuk 4**).

Ten einde behoorlik uitvoering aan bogenoemde doelstelling te gee – veral in die lig van die kompleksiteit en verweefdheid van die studieterrein van internasionale migrasie – is dit belangrik om die volgende te doen (vgl. punt 1.6):

- sekere tersaaklike konsepte en teorieë te omlin en te bespreek (**Hoofstuk 2**) en
- die tema binne Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks te plaas (**Hoofstuk 3**).

'n Verdere, **sekondêre doelstelling** van die onderhawige studie is:

1.4.2 om oplossingsgerigte aanbevelings en voorstelle ten opsigte van die migrasieproblematiek in Suider-Afrika en in Mpumalanga in die besonder te maak (**Hoofstuk 5**).

1.5 Metode van ondersoek

1.5.1 Historiese prosedure

Ten einde inligting oor internasionale migrasie in die algemeen en oor Mosambiekse immigrante in die besonder in te win, is van resente bronne soos boeke, koerantartikels, vaktydskrifte, populêre tydskrifte en die Internet gebruik gemaak. Voorts is **struktuur-funksionele aspekte**, wat as konseptuele raamwerk vir die analisering en aanbieding van die bevindinge gebruik word, ook deur literatuurontginning toegelig (vgl. die navorsingsvraag, punt 1.3; asook doelstelling, punt 1.4.1). Synde 'n **kwalitatiewe studie** (vgl. punt 1.5.2), is die literatuurstudie uiteraard ook gebruik vir die **rekontekstualisering** (literatuurkontrole) van die

navorsing na die insameling van die empiriese gegewens (vgl. 1.5.3).

1.5.2 Opnameprosedure (data-insameling)

Vanweë 'n geletterdheidsprobleem by die meeste potensiele respondente, is op **kwalitatiewe inligtingversamelingstegnieke** besluit omdat dit 'n meer ontspanne, informele en natuurlike bespreking van vraagstukke sal verseker.

'n Opgeleide onderhoudvoerder of moderator ("bemiddelaar") - nie die navorser nie - het vier **fokusgroepe** (ongeveer agt persone per groep) aan die hand van 'n basiese onderhoudskedule gelei. 'n Fokusgroep is 'n deeglik beplande gesprek in 'n ontspanne omgewing, wat ontwerp is om persepsies, menings en inligting omtrent 'n spesifieke onderwerp in te win (vgl. Kingry, Tiedje & Friedman, 1990:124). Fokusgroep-kenner Richard Kreuger (1994) verkies die term moderator bo onderhoudvoerder omdat "...this term [moderator] highlights a specific function of the interviewer - that of moderating or guiding the discussion. The term interviewer tends to convey a more limited impression of two-way communication between an interviewer and an interviewee" (Kreuger in Patton, 2002:386). Twee van die fokusgroepe het uit Mosambiekse immigrante bestaan en die ander twee uit lede van die plaaslike gemeenskap. Die moderator - hy was self voorheen 'n plaaswerker in die gebied - was vlot in die plaaslike tale wat meestal 'n mengsel van Swazi en Tsonga was.

Die fokusgroepbesprekings het in 'n "oop" en ontspanne atmosfeer in 'n kantoor op een van die plase in die gebied plaasgevind. Die kantoor is 'n 6-meter by 3-meter kamer met vensters aan die een kant en 'n tafel aan die teenoorgestelde kant. Die mure was wit

geverf. Die kantoor word normaalweg deur een van die boere gebruik vir plaasadministrasie. Respondente was op hulle gemak en besprekings was vrylik en gemaklik na elke vraag gestel is. Die twee belangrikste vrae wat aan Mosambiekse immigrante gerig was, was:

- *"Waarom het jy na Suid-Afrika gekom?"* en
- *"Hoe is dit vir jou hier?"*

Aan plaaswerkers wat nie van Mosambiek afkomstig was nie (hulle is ook ingesluit ten einde 'n volledige beeld van die situasie te verkry), is gevra:

- *"Hoe vind jy dit om saam met Mosambiekse werkers te werk?"*

Die proefpersone is volgens **doelgerigte steekproefneming** geselekteer (vgl. Miller, 2000:400-401). Doelgerigte steekproefneming behels dat respondente subjektief deur die navorser geselekteer word ten einde 'n steekproef wat blyk verteenwoordigend van die populasie te wees, saam te stel (vgl. Frankfort-Nachmias & Nachmias, 1992:175-176). Elke fokusgroep was saamgestel deur die mees geskikte persone (*"information-rich cases"* – Patton, 2002:46) volgens verbale vermoëns te selekteer. Vanweë die aard van die gemeenskap (vgl. punt 1.3) was die meerderheid respondente manlik gewees (meeste van die plaaswerkers in die gebied is manlik en sommige van die Mosambiekse plaaswerkers se vroue/saamwoonmaats woon steeds in Mosambiek).

Enkele belangrike fasette van suksesvolle kwalitatiewe onderhoudvoering – wat deurentyd tydens die funksionering van die

fokusgroepe verreken is - word vervolgens kortliks bespreek (vgl. Kvale, 1983:180-183). Die belangrikste faset van die kwalitatiewe onderhoud binne fokusgroepe is dat die respondente hulle **leefwêreld** moet beskryf. Op grond van sy/haar spontane beskrywings, kan respondente vervolgens **nuwe verbande en kontekste** "ontdek" wat die navorser sinvol sou kon gebruik in die interpretasie van die inligting. Die onderhoudvoerder moet die betekenis wat in die onderhoud oorgedra word **saamvat, interpreteer** en dit "**terugstuur**" na die respondente; sodoende ontstaan sinvolle interaksie en deurlopende interpretasie ("on-line-interpretation").

Daar is ook **persoonlike opvolgonderhoude** gevoer (die navorser was hier in 'n groter mate as by die fokusgroepe betrokke). Afgesien van onderhoude het die navorser ook van **veldnotas** gebruik gemaak om verdere inligting in te win. Veldnotas is notas (afgeneem deur die navorser) van terloopse gebeure, gesprekke, ensovoorts wat aanvullend tot die formele inligtinginsameling (fokusgroepe) gebruik kan word (vgl. Bailey, 1987:249-252). Sommige van die plaasboere is ook as **sleutelinformante** gebruik. Patton (2002:321) beskryf 'n sleutelinformant as "...people who are particularly knowledgeable about the inquiry setting and articulate about their knowledge - people whose insights can prove particularly useful in helping an observer understand what is happening and why."

1.5.3 Dataverwerking en -interpretasie

Die onderhoude met die respondente is op band geneem, vertaal en getranskribeer. Die vertaler - voorheen by die Departement van Binnelandse Sake werksaam en bedryf tans 'n onderneming op

Komatipoort wat in arbeidsverhoudinge spesialiseer – was ook vlot in al die plaaslike tale. Inligting uit die vertaalde weergawe is op kwalitatiewe wyse deur die navorser geïnterpreteer.

'n Meer teoretiese benadering (teenoor 'n praktiese benadering), waar op die interpretasie van geskrewe bronne (vgl. literatuurkontrole, punt 1.5.1) gefokus word, is as basiese vertrekpunt vir die interpretasie van die gegewens geneem. Meer spesifiek is die interpretasie van die gegewens binne 'n **struktuur-funksionele raamwerk** gedoen (vgl. punt 1.5.1).

Vier basiese stappe in **fenomenologiese analise** is ook as basis vir die interpretering van die bevindinge gebruik (vgl. Patton, 2002:482-487):

- **Epoche**

"...[T]he everyday understandings, judgments, and knowings are set aside, and the phenomena are revisited, visually, naively, in a wide-open sense, from the vantage point of a pure or transcendental ego" (Moustakas in Patton).

- **Fenomenologiese reduksie**

"In bracketing [Husserl's term-1913], the researcher holds the phenomenon up for serious inspection. It is taken out of the world where it occurs. It is taken apart and dissected. Its elements and essential structures are uncovered, defined, and analysed" (Denzin in Patton).

- **Verbeeldingsvariasie**

Deur gebruik te maak van verbeeldingsvariasie kan die navorser 'n verskerpte weergawe van die konstante (onveranderlike) tema ontwikkel. Die verskerpte weergawe is slegs 'n beskrywende illustrasie van 'n ondervinding en bevat nie die ondervinding self nie. Dit is dus 'n uittreksel van die inhoud sonder spesifieke verwysing.

- **Sintese van tekstuur en struktuur**

Hierdie fase van navorsing het te make met die raamwerk van al die ondervindings van die totale groep wat bestudeer is. Dit is dus "a way of understanding *how* the coresearchers as a group experience *what* they experience" (Moustakas in Patton). Deur strukturele sintese "kyk" die fenomenoloog verby die inhoudelike beïnvloeding van die ondervinding na dieper betekenis vir die individue wat eventueel, almal saam, die groep vorm.

1.5.4 Vertrouenswaardigheid

Volgens die model van Guba (Krefting, 1991:215-217) word vier belangrike elemente gestel wat vertrouenswaardigheid in kwalitatiewe navorsing verhoog:

- **Waarheidswaarde ("truth value")**

Die vertroue in die mate waartoe die konteks en bevindinge van die ondersoek as eg en betroubaar beskou kan word.

Hoofstuk 5:

Slotperspektiewe en oplossingsgerigte aanbevelings oor
migrasie in Suider-Afrika

HOOFSTUK 2

INTERNASIONALE MIGRASIE: TEORETIESE BEGRONDING

2.1 Inleiding

Soos reeds in Hoofstuk 1 gestel, is die migrasie van mense so oud soos die geskiedenis van die mensdom. Daar is trouens in die opgetekende 26 eeue van die geskiedenis van menslike beskawing veel meer aanduidings van die massale beweging van mense en groepe mense as van die konstante en permanente bewoning van bepaalde geografiese territoria. Kubat (1976:11, 22) beweer selfs: "Human history is an account of migrations of peoples all in search of a place to stay."; en gaan dan voort: "...the need of men to find a place from which they need not move. Such need, in this world, appears to be an almost utopian wish and the students of migration may expect to have their hands full for some time to come."

In die antieke stadstate van die Tigris en die Eufraat (in vandag se Irak), van Egipte, van Sparta en Athene van ou Griekeland, van die magtige Romeinse Ryk en van ander beskawings soos die Inkas en die antieke Sjinese, was grootskaalse migrasie van mense reeds aan die orde van die dag (Schuman, 1958:33-54). Groot gedeeltes van die migrasie van dié tyd is die gevolg van bloedige konflik waarin die Pax Romana 'n leeu-aandeel gehad het. Die opmerking van Coblentz (1970:61) is in die geval betekenisvol: "Like a python that has swallowed a deer and can eat not another morsel, the Roman Empire at the death of Julius Ceasar was so gorged on territory that it could consume little more."

Tydens die wêreldgeskiedenis daarna - deur die middeleeue, die opkoms van nasionale state na die godsdiensoorloë in Europa, die era van kolonialisme en veral gedurende die twintigste eeu - is migrasie 'n konstante realiteit van die mensdom se bestaan. Gaandeweg het die kloof tussen welvarende en arm lande al groter en groter geword en vandag beleef die wêreld as te ware 'n **migrasie-ontploffing**. In Hoofstuk 1 is reeds aangedui dat meer as 100 miljoen mense aan die einde van die twintigste eeu buite die grense van hulle onderskeie geboortelande geleef en gewerk het (Wêreldbank, 1995; Gungwu, 1997:1-19; Hammar & Tamas, 1997; Richmond, 2002). Die gebruik van statistiek in die studie van internasionale migrasie is egter problematies; gegewens en feite is soms hoogs onbetroubaar en bestaan selfs nie eers in baie lande van die wêreld nie. Baie navorsers maak van skattings en ekstrapolasies gebruik wat allermens 'n betroubare feitebasis daarstel (vgl. Hoofstuk 1 – punt 1.2) waar migrasiestatistieke wat op Suid-Afrika van toepassing is, weergegee word).

Globalisering en veral die rol van die internasionale massakommunikasie het in die laaste dekades 'n deurslaggewende rol gespeel om die armoede en haglike lewensomstandighede van miljoene mense regoor die wêreld sigbaar en dramaties te kontrasteer met die sogenaamde rykdom van ander lande en dele van die wêreld. Wêreldwyd het mense meer bewus geword van televisiebeelde van die oordaat van luukse hotelle en peperduur villas op die Franse Riviera wat in hulle eie gemoed gekontrasteer word met die slumgebiede van Kalkutta in Indië of Lagos in Nigerië. Daardeur is 'n baie sterk **sosiale menseregtedimensie** aan die hele vraagstuk van internasionale migrasie gegee.

Die kloof tussen ryk en arm lande en ook tussen ryk en arm mense ("inequality") het derhalwe van kardinale belang in die hedendaagse

problematiek van internasionale migrasie geword. In die verband verwys Choucri (2002:97-120) na die skitterende afwesigheid van begrip daarvoor dat interstaatlike verhoudinge en die realiteite daarvan 'n baie meer prominente rol in die wetenskaplike begrip van internasionale migrasie behoort te vorm. Internasionale migrasie het dus baie te make met die beweging van mense tussen die komponente van die wêreldpolitiek, naamlik nasionale state. Gevolglik is dit belangrik om kortliks enkele opmerkings in die verband te maak.

2.2 Die rol van die nasionale staat in internasionale migrasie

Teoreties beteken migrasie die beweging van mense tussen bepaalde entiteite. Daardie entiteite word in die staatkunde as "nasionale state", en by voorkeur in die sosiologie as "lande" en/of "samelewings" gedefinieer. 'n Nasionale staat is volkeregtelik 'n bepaalde geografiese territoria waaroor 'n regering – hetsy demokraties verkies of by wyse van 'n ondemokratiese diktatuur – gesag oor die mense wat op daardie grondgebied woon, uitoefen. Volgens die jongste beskikbare statistiek (Statistical Yearbook, 2001:864-868) is daar tans 191 state in die wêreld en die beweging van mense oor die grense van hierdie 191 state vorm die kernproblematiek van internasionale migrasie.

Nasionale state was die gevolg van die Vrede van Wesfale van 1648 waaroor die befaamde staatkundige wetenskaplike Hans Morgenthau (1967:264) in sy klassieke standaardwerk *Politics Among Nations* soos volg opmerk: "... the Treaty of Westphalia brought the religious wars to an end and made the territorial state the cornerstone of the modern state system". Verder het die wêreldberoemde Nederlandse juris, Grotius, in sy monumentale

werk *De Jure Belli ac Pacis* of "Die Reg van Oorlog en Vrede", die volkeregtelike grondslae van staatkundige soewereiniteit vasgelê.

Die betekenis daarvan vir die onderhawige studie is geleë in die feit dat state/lande deur grensafbakening onderskei word en dat wanneer mense van een van daardie state/lande na 'n ander beweeg, dit altyd die verhouding tussen die betrokke state/lande wesenlik beïnvloed. Soos reeds vlugtig in Hoofstuk 1 gestel, en mettertyd ook uit die navorsing vir hierdie studie sal blyk (vgl. punt 3.5 en punt 4.2), bring hierdie grootskaalse beweging van mense 'n natuurlike spanning teweeg tussen die beskouing dat state as eerste verantwoordelikheid na die belange van hulle bestaande inwoners moet omsien en hierdie belange as't ware teen die indringing van sogenaamde "buitelanders" moet beskerm. In die geesteswetenskappe word dit as "realpolitik" getipeer. Daarteenoor - en veral ook van toepassing op hierdie studie van Mosambiekse immigrante - is daar ook 'n meer liberale menseregtebeskouing ter sprake wat welvarende state "moreel verplig" om hulle minder welvarende bure se arm en hulpbehoewende inwoners by te staan deur onder andere aan hulle werkseleenthede te bied (vgl. die dilemma oor Afrika-state se rol tydens die era van "Apartheid", punt 3.3.4).

'n Bykomende faset van die bogenoemde problematiek van internasionale migrasie blyk duidelik uit die verhouding van Suid-Afrika met sy buurlande. Sommige politici in Suid-Afrika asook sommige "gewone mense" is van mening dat immigrante uit sommige Afrikalande (o.a. Mosambiekse immigrante) op morele basis werkseleenthede in Suid-Afrika "verdien" omdat van hierdie lande (o.a. Mosambiek) die African National Congress (ANC) daadwerklik tydens die sogenaamde "struggle" vir 'n demokratiese bedeling in Suid-Afrika bygestaan het. In die verband vra

McDonald, Mashike en Golden (1999:24) die volgende vraag: "... can one deny migrants access to these resources when South African exiles were granted asylum and support in other cash-strapped African countries during the anti-apartheid struggle?" In hierdie studie toon die bevindinge dat sodanige standpunt natuurlik nie deur die grootste gros van, interessant genoeg, swart Suid-Afrikaners gedeel word nie (vgl. punt 3.3.4, asook die opmerking van swart Suid-Afrikaners in Hoofstuk 1 – blykend uit die ondersoek van *Mail and Guardian* gerapporteer op 14 September 1998 – dat hulle vreemde migrante letterlik haat).

Die vasstelling van staatkundige grense tussen die state van Afrika is verder 'n ernstige probleem (vgl. Hoofstuk 3 - punt 3.3.1 – 3.3.3). Die staatkundige grense van Afrika is baie willekeurig tydens die Kongres van Berlyn in 1884 vasgestel. Die vasstelling van hierdie grense is meermale deur die Europese koloniale moondhede se selfsugtige eie belang gedikteer en daar het dikwels bloedweinig tereg gekom van die etniese, geografiese, kulturele en linguistiese realiteite van Afrika. In die verband verwys Sabela (2000:103) na die ontwrigtende gevolge vir Afrika as gevolg van "artificial boundaries". Dit wil dus lyk of minstens van die migrasieprobleme in ons kontinent te wyte is aan die gulsigheid van Europese koloniale moondhede wat dikwels ekonomiese uitbuiting bo die kulturele, etniese en geografiese realiteite van Afrika gestel het.

Laastens kan dit bowendien as feit gekonstateer word dat, as gevolg van die agrariese en landboukundige grondslag van samelewings in Afrika, migrasie 'n natuurlike en eeuelange werklikheid is. Net soos die olifant en wildstroppe van Afrika nie aan staatkundige grense en grensdrade gewoond was en is nie, was en is die mense van Afrika dikwels daaraan gewoond om met 'n

natuurlike Nomadiese bestaan oor "landsgrense" heen te migreer (vgl. punt 3.3.9).

'n Paar basiese begrippe en teoretiese kontekste wat die studie ten grondslag lê, word vervolgens omlin en toegelig.

2.3 Begrippe en teoretiese kontekste

2.3.1 Migrasie

Wetenskaplike definiëring rondom die begrip "internasionale migrasie" of selfs net "migrasie" is problematies. Die hooforsaak daarvoor is dat dit op die raakvlak of grysarea van verskeie vakwetenskaplike dissiplines lê. Ontleding van die begrip toon spoedig aan dat dit 'n sosiologiese, staatkundige, maatskaplike, sielkundige, juridiese, ekonomiese, historiese en selfs interstaatlike dimensie inhou. Talle ander faktore soos kulturele verskille, hongersnood en die idealistiese menslike drang om vorentoe te beur en aan jou gesin en familie 'n beter lewe te verseker en aan jou kinders 'n beter skolastiese opvoeding te gee, speel onder andere ook 'n rol.

Daar is derhalwe nie een allesomvattende definisie vir migrasie nie. Wetenskaplik is dit ook logies en aangewese om nie alles vir alle vakdissiplines te probeer wees nie en by 'n kort en eenvoudige definisie soos dié van Lewis (1974:7) te volstaan wat verwys na die "...movement of people between nations...". Lewis (1974:8) haal ook vir Eisenstadt en Thomas onderskeidelik aan wat opvolgend die volgende twee definisies gee: "We define migration as the physical transition of an individual or a group from one society to another. This transition usually involves abandoning one social setting and entering another and different one..." en verder: "Migration is

defined...as the movements from one country to another which take place through the volition of the individuals or families concerned" (vgl. Van Hear, 1998:1-62; Liao, 2001:437).

Selfs uit die hoek van die volkereg en die staatsreg vind mens nie klinkklare gedefinieerde duidelikheid oor die gefunderende juridiese begronding van migrasie nie. Kelsen (1966:366-371) beweer wel reeds byna vier dekades gelede dat die ontvangerstaat verantwoordelikhede met betrekking tot die beskerming van migrante, of wat hy "aliens" noem, het, in soverre dit beskerming behels: "...in that the government concerned is obliged to prevent violations of their personal dignity, their personal safety...". Die politieke regte en eiendomsregte van migrante hoef egter nie dieselfde te wees as die burgerregte van die gewone burgers nie. Von Glahn (1971:222) is taamlik uitgesproke oor die problematiek in dié verband: "Few areas in the international law of peace have evoked more numerous and more controversial questions than that which involves the relations between a state and aliens residing in its territory" (vgl. Akehurst, 1973:111-115).

In dié verband is Nafzinger (1983:846-847) se standpunt soos volg: "Above all, the global community should seek, by the operation of law, to facilitate natural processes of human migration as a means of accommodating basic human needs and human dignity." Hy is tog ook van mening dat die regte van migrante nie verabsoluteer behoort te word nie: "...A state has a qualified duty to admit aliens when they pose no serious danger to its public safety, security, general welfare or essential institutions" (vgl. Musarat-Akram, 1999:213-216).

Begripomlyning van migrasie is dus enigsins problematies en in soverre dit hierdie verhandeling betref, word dit in hoofsaak uit die

sosiologiese vakwetenskaplike hoek benader. Ander toepaslike wetenskaplike vertrekpunte sal egter ook telkens in oorweging geneem en in beoordeling gebring word.

Verder het migrasie in die jongste verlede van die wêreldgeskiedenis so 'n algemene verskynsel geword dat die voorkoms daarvan legio is. Wat volg is 'n kort teoretiese tabulering van die **vernaamste tipes migrasie** wat hedendaags voorkom. Dit gee nie voor om volledig te wees of 'n volledige teoretiese beskrywing van die tema te bevat nie. Die onderskeibare tipes migrasie is uiteraard ook nie onderling uitsluitend nie.

2.3.1.1 Vrywillige migrasie

Die grootste voorkoms van internasionale migrasie is vrywillig (vgl. Hoofstuk 1 - Agtergrond en aktualiteit). Dit is migrante wat self die keuse uitoefen om te migreer. Persone of groepe wat vrywillig migreer is gewoonlik op soek na beter geleenthede vir hulself en hul families. Die navorser is die mening toegedaan dat namate die klem op nasionale state afneem, vrywillige migrasie sal toeneem. Daar is ook 'n toenemende tendens van hoëvlak spesialiskundiges wat al hoe meer hulle kundigheid op die internasionale behoeftemark aanbied waar hulle die beste vergoeding ontvang. Dit gee op sy beurt tot 'n **swewende internasionale migrasiegroep** aanleiding wat uit eie keuse hulle kundigheid verkoop en sodoende poog om van die wêreld 'n beter plek maak.

2.3.1.2 Gedwonge migrasie

Gedwonge migrasie vind plaas as die persoon of groep wat migreer geen keuse in die voorafgaande besluitnemingsproses oor die migrasie uitgeoefen het nie. Veldtogte oor etniese suiwering soos

in die Balkanstate of ook in Rwanda en Burundi van die onlangse verlede, is hiervan klassieke voorbeelde (vgl. Hoofstuk 1 - Agtergrond en aktualiteit; punt 2.3.4 en 3.3.5). Oorlog en konflik is dus dikwels die oorsaak vir gedwonge migrasie. Die tirannieke optrede van diktators soos Idi Amin, Mugabe, Hitler en Saddam Hussein, om maar enkele voorbeelde te noem, het letterlik miljoene mense gedwing om teen hulle wil te migreer. Daar is ook talle Suid Afrikaners wat die feit dat hulle die land in die sewentiger en tagtigerjare vanweë politieke redes verlaat het, as 'n vorm van gedwonge migrasie beskou. Helaas sou die koms van die Mosambiekse burgers wat in hierdie ondersoek bestudeer word ook, ten minste gedeeltelik, as gedwonge migrasie bestempel kan word.

2.3.1.3 Politieke migrasie

Politieke (en ekonomiese – punt 2.3.1.4) migrasie hang uiteraard ten nouste met gedwonge migrasie saam en beide sou op die Mosambiekse immigrante in hierdie studie van toepassing gemaak kon word (vgl. Hoofstuk 1 - Agtergrond en aktualiteit; asook Hoofstuk 3 - punt 3.4). Politieke migrasie kom gewoonlik voor as die demokratiese burgervryhede en politieke medeseggingskap van mense hulle deur diktatoriale geweld ontsê word. Mense migreer dan na lande waar hulle vrye politieke deelname kan beoefen en deur die demokratiese wil van die meerderheid self hulle toekoms kan bepaal. Amerika as tipiese migrantenasie is tot 'n groot hoogte in die verlede deur hierdie vorm van migrasie gevestig en ontwikkel. Die demokrasie alleen is nie die antwoord as teenvoeter vir politieke migrasie nie — owerhede wat hulle owerheidstaak suksesvol in die algemene belang van al die inwoners van die staat beoefen, speel ook 'n rol. Uiteraard is daar 'n mate van oorvleueling tussen politieke en gedwonge migrasie.

2.3.1.4 Ekonomiese migrasie

Dit is wanneer migrante poog om hulle ekonomiese lewensomstandighede te verbeter. Die migrasieverskynsel kom normaalweg voor as mense, gewoonlik arm mense van die minder welvarende lande van die wêreld (byvoorbeeld Mosambiekse immigrante), hulle in die suksesvolle ekonomieë van die wêreld gaan vestig. In dié verband is die opmerking van 'n Mosambiekse migrant in Suid-Afrika nogal interessant, maar ook ontstellend: "Only those who like South Africa can see the advantages. As for me I can't see any...I only go there to work" (De Vletter, 1998:28). Hierdie tipe migrasie sal altyd in omvangryke getalle voorkom en onder andere deur die op- en afswaai van die wêreld ekonomie in sekere lande en streke van die wêreld bepaal word. Mense migreer gewoon net nie na lande waar hulle 'n **uitsiglose sukkelende bestaan** gaan voer nie, hoewel persepsies oor "verbeterde lewensomstandighede" soms misleidend kan wees. Uiteraard is daar ook 'n mate van oorvleueling tussen ekonomiese en gedwonge migrasie.

2.3.1.5 Suid-Noord migrasie

Ofskoon die sogenaamde Suid-Noord migrasie (politieke en ekonomiese migrasie) gedwonge of vrywillig kan wees, word dit allerweë in die literatuur as so 'n belangrike aangeleentheid beskou, dat dit as 'n selfstandige migrasie-tipe aangebied word. Suid-Noord migrasie is eintlik niks anders nie as die eeue-oue verskynsel van migrering van mense van arm en onderontwikkelde lande van die wêreld na die ryk ontwikkelde geïndustrialiseerde lande van die wêreld. Daar is 'n reuse ekonomiese gaping tussen die sogenaamde "arm Suide" en die "ryk Noorde". Hammar & Tamas (1997:12) is van mening dat dit juis as gevolg van hierdie gaping

is, dat Suid-Noord migrasie plaasvind. Hierdie tipe migrasie het aansienlik in getalle toegeneem; vanaf 230 000 vir die vyf jaar van 1960-1964 tot net minder as 'n miljoen vir die vyf jaar tussen 1985-1989 (Hammar & Tamas, 1997:11).

2.3.1.6 "Brain Drain" – migrasie

In die moderne tyd kom hierdie tipe van migrasie as 'n al groter wordende verskynsel voor (vgl. Hoofstuk 1 - Agtergrond en aktualiteit; asook punt 3.3.8). Die feit is dat die aanwassyfer in sommige lande in Europa besig is om onder die nulkoers te daal. Dieselfde tendens sal hom na alle waarskynlikheid in die VSA en ander hoogs ontwikkelde lande vestig. Teen dié agtergrond is dit eintlik logies dat hierdie lande nie sal kan groei en ontwikkel op ekonomiese, sosiale en wetenskaplik-tegnologiese gebied as daar nie migrante in hulle geledere gevestig word nie.

Dit is daarom nie vreemd dat byvoorbeeld Engeland en Kanada die afgelope tyd hoogs aantreklike salarispakette aan voornemende Suid-Afrikaanse migrante aanbied om hulle daarheen te lok nie. Derduisende hoogs-opgeleide Suid-Afrikaanse professionele mense soos mediese dokters, tandartse, aptekers, ingenieurs en ander professionele mense bevind hulle tans as migrante in die buiteland. Dit is 'n oop geheim dat Suid-Afrika se universitêre standarde op 'n baie hoë internasionale vlak is en dat sulke migrante 'n aanwinst vir die bestemmingstaat is (in die spesifieke beroepsveld, maar ook ekonomies).

Crush (2002:149,151-153) beweer dat in die tien jaar tussen 1987-1997 meer as 62 088 mense uit Suid-Afrika migreer het waarvan 10 140 met professionele kwalifikasies. Die tempo het daarna drasties toegeneem en in die drie jaar tussen 1998 en 2001 het 'n

2.3.1.8 Epidemiese siekte-migrasie

In die moderne tyd is daar geen beter voorbeeld van hierdie migrasievorm as die voorkoms van VIGS en die soms bykans vreesaanjaende gevolge wat dit by bevolkings tot gevolg het nie (vgl. punt 3.3.10). Hierdie pandemie mag moontlik, net soos die "swart pes" van eeue gelede in Europa, tot grootskaalse migrasie aanleiding gee. In Afrika is malaria en tuberkulose ook sterk motiveringsfaktore wat talle Afrikane na ander lande laat migreer. Die onlangse voorkoms van griep-epidemies in Hong-Kong, Singapoer en China (SARS-virus) het ook 'n belangrike rol in internasionale migrasie gespeel (vgl. punt 2.3.2.3).

2.3.1.9 Migrasie as gevolg van burokratiese onvermoë

Mense leef nie graag in lande waar die tipiese owerheidstaak van betroubare, ordelike en korrupsievrye administrasie nie toegepas word nie. In die ontwikkelende dele van die wêreld en sekerlik nêrens meer as in die grootste gedeelte van Afrika nie, kan burokratiese dienslewering nie anders as om in baie gevalle bykans pateties en ontoereikend beskryf te word nie. As mense se belastinggeld roekeloos verspil en op amateuragtige wyse op reuse staatsburokrasieë verkwis word, gee dit ook tot migrasie aanleiding.

Mens moet aan die Keiser gee wat hom toekom, maar as die Keiser se amptenare nie sorg dat die land billik regeer word nie, soek veral die professionele elite van lande elders 'n heenkome. Dit is juis om hierdie rede dat talle Suid-Afrikaners tans migreer of oorweeg om te migreer.

In dieselfde konteks is dit 'n onweerlegbare feit dat talle van die leierselite van Afrika wat in Europa en die VSA studeer en aan

daardie ordelike lewenstyl gewoon geraak het, net nie bereid is om na hulle state van oorsprong in Afrika terug te keer nie. Tydelike opvoedkundige migrasie word dus omskep in permanente migrasie, omdat hierdie migrante hulle nie kan vereenselwig met die burokratiese standaarde van hulle geboortelande nie.

2.3.2 Migrant

Die woord migrant is van die Latynse woord "migrare" afgelei wat letterlik beteken "om te beweeg van een plek na 'n ander". Lewis (1974:8) beskryf 'n migrant as: "...a person entering or leaving a place or region by means other than birth or death..." Lewis gaan ook verder met sy definiëring en span 'n wiskundige formule ($pt=po+b-d+I-o$) in waar die alfabetiese simbole elk 'n migrasieverskynsel impliseer (vgl. Lewis, 1974:8-11). Pogings om menslike gedrag wiskundig eksak te probeer verklaar neem nie die normatiewe emosionele en soms onvoorspelbare wispulturigheid van die menslike aard na behore in ag nie. Die natuurwetenskaplike fokus op die migrasieproblematiek word derhalwe nie verder in hierdie studie behandel nie.

Migrante is mense wat poog om hulle lewensomstandighede te verbeter; daarvoor bestaan 'n legio oorsake wat aanstons in meer besonderhede behandel sal word. Grondliggend en fundamenteel is egter die feit dat 'n migrant letterlik 'n revolusionêre besluit oor sy eie en sy familie se lewensbestaan moet neem. Dit is nie deel van die menslike natuur om maklik die bekende vir die onbekende te verruil nie. Migrante moet dus 'n **diepgrypende wilsbesluit** neem waarin die onsekere beloftes van 'n onbekende toekoms 'n beter lewensverwagting bied as die bekende en klaarblyklik uitsiglose realiteit van die bestaande onbevredigende daaglikse

lewensomstandighede (vgl. die bevindinge waar Mosambiekers hulle oor dié aangeleentheid uitspreek, punt 4.4.1).

Laastens kan gestel word dat die meerderheid van mense wat Suid-Afrika tans bewoon in elk geval almal afstammeling van migrante is. Wit Europeërs, swart Afrikane en gekleurdes van die Ooste het meer as drie en 'n half eeue gelede vol drome na die Suidpunt van Afrika gekom. In 2003 is daar steeds op die Afrika-kontinent 'n versugting om in die welvaart van Suid-Afrika deur middel van migrasie te deel (vgl. punt 3.4).

Net soos in die geval van migrasie, word daar natuurlik 'n aantal verskillende tipes migrante in die literatuur onderskei. Vervolgens volg 'n kort tipering en definiëring van die **vernaamste tipes migrante** wat aangetref word. Die identifiseerbare tipes migrante is ook nie noodwendig onderling uitsluitend nie.

2.3.2.1 Vlughtelinge as migrante

Mense wat vlug na veiligheid en 'n menswaardige bestaan is so oud soos die geskiedenis. Die internasionale regsposisie van vlughtelinge is in 1951 in die Geneefse konvensie oor "The Status of Refugees" vasgelê en is in Januarie 1967 opgevolg deur 'n Protokol wat by die Verenigde Nasies ontwikkel en aanvaar is (Von Glahn, 1971:208). In hierdie pogings tot definiëring word as uitgangspunt geneem dat 'n vlugteling 'n persoon is wat uit die land van herkoms vlug as gevolg van die daadwerklike gevaar van vervolging met betrekking tot die vlugteling se geloof, politieke oortuigings of etniese en kulturele agtergrond.

Cohen (1997:1) beweer dat die getal vlughtelinge wêreldwyd tans op tussen 18 en 20 miljoen geraam kan word. Die vlugtelingvraagstuk

is klaarblyklik grootliks die gevolg van sosio-politieke vervolging deur onderdrukkende regimes soos hierbo aangetoon. Dit kan egter nie ontken word dat konflik en oorloë, asook natuurrampe - veral in die afgelope twee dekades - tot miljoene vlugteling in die wêreld aanleiding gegee het nie.

Die kernmoment van die vlugteling as migrant lê in die feit dat hy of sy nie uit eie keuse migreer nie, maar deur onverwagte omstandighede tot migrasie gedwing word omdat dit die enigste geleentheid op oorlewing bied (vgl. punt 2.3.1.2). Vanuit hierdie perspektief is dit gewoonlik so dat vlugteling op baie kort tydskele verplig word om die lande van hulle oorsprong te verlaat en dat daar gevolglik geen geleentheid vir fisiese en sielkundige voorbereiding daarvoor bestaan nie. Dié vorm van migrasie vind dus onwillekeurig plaas, wat op sy beurt belangrike sosiale gevolge het vir die vestiging van sodanige vlugteling-migrante. Vanweë die feit dat ook die ontvangende lande wat die vlugteling moet huisves nie daarop voorbereid is nie, is dit logies dat hulle nie net met ope arms ontvang word en die ondersteuning gebied word wat moontlik is met beplande migrasie nie.

Die omstandighede waarbinne die vlugteling migreer bring ook mee dat dit dikwels ouer mense, vrouens, veral kinders en talle ander hulpbehoewende mense insluit wat normaalweg nie aan beplande migrasieprosesse deelneem nie (vgl. punt 3.3.6). Vanselfsprekend bring dit enorme gevolge teweeg, beide vir die vlugteling-gemeenskappe en die nuwe land van vestiging waar veel groter uitdagings vir die verskaffing van voedsel, basiese mediese dienste en werksgeleenthede die hoof gebied moet word.

Die vlugteling as migrant vestig soms permanent in 'n nuwe tuiste, maar dit is 'n bekende tendens dat die meeste van hulle verkies om

na hulle lande van oorsprong terug te keer as die oorsake vir hulle gedwonge migrasie nie meer teenwoordig is nie (vgl. punt 2.3.4).

2.3.2.2 Onwettige of ongedokumenteerte migrante

Hedendaags word die tradisionele begrip van "onwettige" migrante toenemend vervang deur die gebruik van die term "ongedokumenteerte" migrante. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie terminologiese verskuiwing nie alleenlik die gevolg is van die belangriker rol wat menseregte tans in die wêreldpolitiek speel nie, maar veral van die groeiende besef van die rol en plek van migrasie in die moderne wêreld en dat dit met veel groter begrip en empatie benader behoort te word. Onwettige migrasie dui op migrante wat teen die reëls van die volkereg, staatsreg, diplomatie en interstaatlike verdrae van een land na 'n ander migreer. Voorbeelde hiervan oor die hele wêreld is legio en buite die grense van Afrika is die onwettige instroming van Mexikane na die VSA, van Spanjaarde na Frankryk en van Turke na Duitsland bekende voorbeelde (vgl. Parillo, 2000:2-123, 321-397; Holmes, 1996:3-636).

Op die kontinent van Afrika is onwettige migrasie aan die orde van die dag. Die hoofoorsake daarvan is nie slegs te vinde in verskeie stoot- en trekfaktore (vgl. punt 2.3.5) nie, maar is ook die gevolg van die nie-beskikbaarheid van paspoorte en die nodige reisdokumente, asook die soms skreiende onvermoë van baie lande om die nodige dokumentasie te voorsien.

In die onwettigheid van hierdie tipe migrante is daar vir hulle soms groot voordele geleë. Hulle kan poog om hulle in baie gevalle as lang gevestigde inwoners van die ontvangende land voor te doen en sodoende die wrewel van vreemdelingshaat vry te spring. In die

geval van onwettige Mosambiekse migrante in Mpumalanga bring die gebrek aan identifikasie byvoorbeeld mee dat hierdie migrante wel mediese versorging in hospitale en klinieke ontvang wat nie die geval sou wees as hulle as Mosambiekers geïdentifiseer sou word nie. Hierdie tendens (gebrek aan identifikasie) is veral algemeen onder migrante in die Suid-Afrikaanse provinsies van die Wes-Kaap en Gauteng.

Onwettige migrante is waarskynlik ook geneig om hulle makliker aan verskeie vorme van kriminele misdaad skuldig te maak en dit is daarom voor die handliggend dat hierdie tipe migrante dikwels die hooforsaak van vreemdelinghaat is (vgl. punt 3.3.7).

Soos wat in Hoofstuk 5 met die aanbevelings aangetoon sal word, is dit vir Afrika in die algemeen en vir Suid-Afrika in die besonder van kritieke belang dat onwettige migrasie net nie sonder meer geduld sal kan word nie. Migrasie is 'n realiteit en moet aanvaar en in die normale gang van interstaatlike verhoudinge bestuur word, maar daar moet orde, verdrae en geldende en toepaslike voorskrifte wees ten einde dit nie meer ontwrigtend vir die ontvangende lande te maak as wat die uitdaging in elk geval vanself is nie (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings).

2.3.2.3 Onafhanklike vroulike migrante

Die onafhanklike vroulike migrant is die vrou wat migreer, maar dit as enkeling doen buite die huwelik-, gesins- of selfs familieverband. In die tradisionele beskouing is vrouens se plek in migrasie verklaar uit die huweliks- en gesinsverband. Die benadering is egter wetenskaplik onvolledig en dit is sekerlik nodig om die vrou as individu in eie reg as migrant te beskou.

Volgens Cohen (1996:xii-xiii) is die vrou as migrant tot onlangs "under-researched" as gevolg van hoofsaaklik twee redes. Eerstens het beleid in die verlede "aangedring" op gesin-migrasie en tweedens is die vrou ook agtergelaat in 'n sisteem van manlik-gedomineerde arbeid.

Cohen (1997:3) wys daarop dat daar hedendaags aansienlike getalle onafhanklik vroue aan migrasie deelneem. Hy wys verder daarop dat vrouens dikwels makliker werk kry in sekere beroepskategorieë soos huishulpe, skoonmakers en kinderoppassers. Dit is bowendien 'n wetenskaplike bewysbare feit, ofskoon dit nie 'n gewilde stelling op die Afrika kontinent is nie, dat die vroue van die kontinent oor die algemeen en tradisioneel baie meer hardwerkend as mans is (vgl. punt 3.3.6).

Aan die skadukant van onafhanklike vroulike migrasie is daar ongelukkig wêreldwyd, beslis ook in Suid-Afrika, 'n groot aantal vroue wat hulle as gevolg van ekonomiese redes tot prostitusie wend. As gevolg van die pandemiese afmetings wat die voorkoms van VIGS – waarna reeds verwys is – meebring, is die vernietigende effek van hierdie tipe migrant op die sosiale orde van veral lande in Afrika, selfverduidelikend.

Een voorbeeld in die verband: Poku (2002:636) verwys na Carletonville in Suid-Afrika waar 65% van die volwasse inwoners HIV-positief is; een van die hoogste voorkoms-syfers ter wêreld. Meer ontstellend is die feit dat 95% van die 85 000 mense wat hier woon, migrante is, waaroor hy (Poku) soos volg rapporteer: "... these hard working men rely on little else but home-brewed alcohol and sex for leisure..." en ook: "Such workers include truck drivers, road/dam/building construction workers, itinerant traders, soldiers, wildlife officers, seafarers, agricultural workers, miners and

commercial sex workers” (Poku, 2002:636). Bykans al hierdie “commercial sex workers” is vroue.

Dit is vandag 'n wêreldwye verskynsel dat toenemende getalle vroue die topvlakke van die bestuurskader in die owerheidsektor en besigheidsektor van talle lande betree. Ook hierdie elite-groepering van vrouens neem toenemend deel aan internasionale migrasie en vestig al meer die aandag op hulle.

2.3.2.4 Ongeskoolde kontrakmigrante

Hierdie tipe migrante is normaalweg die gevolg van 'n tekort aan 'n gepaste arbeidsmag in die ontvangerstaat. Fundamenteel hou dit verband met die verrigting van daardie vorme van arbeid waarvoor min en soms geen formele vaardighede vereis word nie. In Suid-Afrika se geval as bestemmingstaat word dit veral in die mynbou- en landbousektore toegepas. Letterlik miljoene kontrakmigrante het vir meer as 'n eeu vanuit verskeie lande in Suider-Afrika hulle arbeid vir bepaalde kontrakperiodes verkoop. As in aanmerking geneem word dat mynbou en landbou minstens in die twintigste eeu die hoekpilare van die Suid-Afrikaanse ekonomie gevorm het, is dit belangrik om die rol wat kontrakmigrante daarin gespeel het, te erken en te verreken (vgl. punt 3.4.1). Die totale ondersoekgroep in die onderhawige studie sou ook (soos reeds gestel is die klassifikasie-tipologie oor migrasie en migrante nie onderling uitsluitend nie) as ongeskoolde kontrakmigrante getipeer kon word.

In terme van politieke, sosiale en ekonomiese regte is hierdie tipe migrante gewoonlik die wat aan die agterste speen moet suig. Vanweë die kontraktuele tydelikheid van hulle migrasieverblyf is hulle regte dikwels beperk. Basiese politieke regte bestaan geensins en op sosiale vlak is hulle daaglikse lewensbestaan

gewoonlik ingeperk in die sieldodende bestaan van hostelle en kampongs. Oor hoe hy die voordele om in Suid-Afrika te leef ervaar, het 'n Mosambiekse migrante-mynwerker soos volg reageer: "How would I know? I only stay in the mine compound" (De Vletter, 1998:36; vgl. punt 3.4.1).

Vanweë die tydelike aard van die migrante se verblyf in die bestemmingstaat is dit logies dat hulle nie sal assimileer nie en sterk etniese enklawes bly (vgl. Teorieë oor internasionale migrasie, punt 2.4). Verder word wat hulle verdien grootliks aan die gesin en agtergeblewe familie gestuur (vgl. punt 4.4.1 en punt 4.4.3). Feitlik geen belegging word in die tydelike woon- en werkplek gemaak nie. As verder in aanmerking geneem word dat kontrakmigrante sonder eggenotes en familie moet leef is dit waarskynlik dat sedelike en morele verval aan die orde van die dag is; dit het natuurlik 'n wye sosiale rimpeleffek op beide die oorsprong- en bestemmingslande. In die Afrikaanse literatuur is daar waarskynlik min publikasies wat so treffend soos FA Venter se roman, *Die Swart Pelgrim*, reeds jare gelede hierdie tergende probleem belig het.

In die moderne tydvak sal die lot en lewensomstandighede van kontrakmigrante aansienlik moet verbeter. As gevolg van die dalende geboortesif in baie van die hoogs ontwikkelde lande mag kontrakmigrante in getalle en aanwending aansienlik toeneem; saam daarmee sal die toenemende globale menseregteklem ontvangerlande verplig om hulle regte en sosiale omstandighede grondig te verbeter.

2.3.2.5 Geskoolde migrante

Geskoolde migrante kan in die moderne konteks ten beste omskrywe word as daardie migrante wat oor hoë vlakke van tersiêre opleiding beskik en wat hulle in professionele beroepsrigtings bevind waarin daar gewoonlik 'n nypende tekort in die meeste lande van die wêreld voorkom. In die verband praat ons van mediese dokters, tandartse, aptekers, ingenieurs, rekenaarwetenskaplikes, regslui, ouditeure, aktuarisse en akademici (vgl. Hoofstuk 1 - Agtergrond en aktualiteit; punt 2.3.1.1 en 2.3.1.6). Hierdie tipe migrant word normaalweg met ope arms ontvang en geniet soms selfs voorkeurbehandeling in die lande waarheen hulle migreer. Soms is hulle migrasie slegs van tydelike aard – veral vir diegene wat hulle kundighede in die ontwikkelende lande van die wêreld aanwend as deel van 'n morele visie om die lewensomstandighede van ander mense te verbeter. Dit is egter ook 'n feit dat, veral Afrika, sommige van sy beste breinkrag en hoogsopgeleide leierselite as permanente migrante aan onder andere Europa, die Verenigde Koninkryk en die VSA moes afstaan.

Die toename in getal en voorkoms van hierdie tipe migrant moet internasionaal verwelkom word. Trouens, hulle het 'n groeiende belangrike en selfs soms onmisbare rol om te speel in die ontwikkeling van die mensdom. Hoëvlak professionele kundiges behoort selfs te oorweeg om, soos wat die stelsel van militêre diensplig mense verplig het om hulle lande te verdedig, vir 'n tydperk van 2-5 jaar internasionale "naastediens" in die ontwikkelende lande van die wêreld te lewer. Organisasies soos die VN en op die Afrika-kontinent, selfs die Afrika Unie, behoort ernstig te oorweeg om 'n register van hierdie beskikbare professionele kundiges op die verskeie beroeps- en werksterreine op te stel (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings). Daar kan dan internasionaal met sulke

professionele migrante onderhandel word om hulle dienste in die belang van ontwikkeling aan te bied. Uit so 'n perspektief kan hierdie tipe internasionale migrant as 'n welkome oplossing beskou word.

2.3.3 Mobiliteit

Mobiliteit is migrante se vermoë om van hulle staat van herkoms na die gekose bestemmingstaat te beweeg en is uiteraard 'n kernkonsep in die studie van internasionale migrasie. 'n Kernvraag is naamlik oor watter fisiese en finansiële middele migrante beskik om die verhuising oor interstaatlike grense heen moontlik te maak. Dit moet voor oë gehou word dat migrante normaalweg arm is en nie die weelde van moderne vervoermiddels het of die vermoë het om dit te bekom nie.

Parnwell (1993:12) is die mening toegedaan dat die mobiliteit van migrante deur fisiese, finansiële en psigologiese faktore beïnvloed word; ander faktore kan natuurlik ook 'n rol speel. Aan die **fisiese kant** is die afstand waaroor die migrant moet beweeg vanselfsprekend van kardinale belang. - Dit kan van enkele kilometers tussen grensgemeenskappe tussen Suid-Afrika en Mosambiek tot letterlik duisende kilometers tussen die Noorde van Mosambiek en Kaapstad strek. Mobiliteit is oneindig moeiliker as migrasie interkontinentaal plaasvind en duisende kilometers beweeg moet word. In die oorgrote meerderheid van ontwikkelende en onderontwikkelde lande van die wêreld is moderne lugvervoer, vervoer per see en riviere en ontwikkelde pad- en spoorverbindings dikwels karig of bestaan selfs nie eers nie, en moet duisende kilometers soms te voet deur migrante aangedurf word. Van die respondente in dié studie het aangetoon dat hulle van so ver as die Noorde van Mosambiek gekom het om op plase in Mpumalanga te

kom werk. Daar is dus van letterlik honderde kilometers, wat meestal te voet afgelê is, sprake.

Hierby moet gevoeg word die fisiese gevare en geografiese hindernisse soos berge, woude en woestyne, wat dikwels in lewensgevaar oorgesteek moet word. In Afrika veral, het talle migrante die prooi van roofdiere geword terwyl baie ander weer die slagoffers was van mynvelde wat as gevolg van sinnelose burgeroorloë 'n aaklige realiteit van ons kontinent geword het. As gevolg van die desperaatheid van hul situasie word migrante egter nie maklik deur fisiese ontberings afgeskrik nie. Sabela (2000:112) verwys na 'n demonstrasie op 31 Maart 1993 waartydens die SANW geïllustreer het dat 'n "fence jumper" slegs 1 minuut en 17 sekondes nodig gehad het om die 8 voet heining, drie rolle lemmetjiesdraad en 2 wildwerende heinings oor te steek tussen Mosambiek en Mpumalanga. Meer interessant is die feit dat 'n sogenaamde "frequent crosser" hierdie oefening, volgens die SANW, normaalweg in net 30 sekondes kan uitvoer!

Of die lande van bestemming oor die vermoë beskik om hulle grense effektief te patrolleer en onwettige migrasie aan bande te lê, is natuurlik ook bepalend vir mobiliteit. Oor die hele wêreld, maar veral in Afrika, is die grense tussen van die lande duisende kilometers lank en is daar dikwels hoegenaamd geen poging of vermoë om die beweging van onwettige immigrante aan bande te lê nie (vgl. Hoofstuk 1 – Agtergrond en aktualiteit, waar daar na die grens-situasie tussen Suid-Afrika en Mosambiek verwys word). Globaal blyk dit dat grenskruisings tussen ontwikkelende lande oor die algemeen nie so problematies (in terme van verhoudinge tussen lande) is as by die sogenaamde Eerste Wêreld wat, hoe langer hoe meer, alles in die stryd werp om die mobiliteit van onwettige migrante aan bande te lê nie.

Finansieël het migrante klaarblyklik ook 'n dilemma; hul mobiliteit word deur 'n gebrek aan fondse gekortwiek. Tydelike migrasie en wanneer 'n migrant familie en vriende in sy land van herkoms wil besoek vereis uiteraard fondse. Verder moet daar uit een of ander oord finansiële hulp beskikbaar wees vir basiese behoeftes soos voedsel en verblyf. Die kwantum van die beskikbare fondse bepaal natuurlik ook in 'n groot mate die aantal lede van 'n migrant se familie wat aan die proses kan deelneem.

Aan die **psigologiese kant** impliseer huwelike, familiebande, godsdiensoortuigings, kulturele bande en gebondenheid aan die gewese vaderlandse bodem besliste beperkings op die mobiliteit van migrante. Dit is betekenisvol om in dié verband te konstateer dat Mosambiekse migrante in Suid-Afrika tydens 'n meningsopname oor hulle toekomsverwagtinge gestel het dat slegs 18% in Suid-Afrika sal wil aftree en, nog interessanter, dat slegs 'n skrale 9% in dié land begrawe sal wil word (McDonald *et al.*, 1999:28). Van die respondente in hierdie ondersoek het egter aangedui dat hulle nie weer sal wil teruggaan na Mosambiek nie (vgl. punt 4.3.3).

2.3.4 Die beweging van bevolkings of populasies

Die beweging van migrante as bevolkingsgroepe het twee belangrike dimensies. In die eerste plek moet daar 'n onderskeid getref word tussen die **tydelike en permanente** voorkoms van migrasie. In die tweede plek is dit ook 'n realiteit dat migrasie **binne die grense van 'n enkele staat of land** kan plaasvind, maar dat dit ook – soos in hierdie studie – **'n internasionale karakter** kan toon. Genoemde twee “klassifikasietipes” is natuurlik ook nie onderling uitsluitend nie. Verder kan dit ook van die verskillende migrasie-tipes (vgl. punt 2.3.1.1 – 2.3.1.9) oorspan.

Tydlike migrasie is normaalweg gemik op 'n opportunistiese geleentheid om 'n migrant of sy familie se lewensomstandighede op die korttermyn te verbeter. Ekonomiese oorwegings speel in hierdie vorm van migrasie 'n deurslaggewende rol. As uit die invalshoek van die "brain drain" na byvoorbeeld die huidige situasie in Suid-Afrika gekyk word, is dit duidelik dat talle, hoofsaaklik blanke Suid-Afrikaners, hulle kundigheid, ervaring en bestuursvermoë tans internasionaal op 'n tydelike vlak aanwend en dat talle nie van voorneme is om hulle permanent buite Suid-Afrika te vestig nie (vgl. Hoofstuk 1 – Agtergrond en aktualiteit, waar reeds na hierdie toedrag van sake verwys is). In dié verband maak Crush (2001:149) die volgende sprekende opmerking in sy artikel met die gepaste titel "**The Global Raiders**": "Sourcing of skills from outside the boundaries of the nation state is an increasingly important method of making up for domestic training and experience shortfalls, compensating for brain drains to other jurisdictions and countering the impact of aging populations." Die navorser is van mening dat kundige professionele mense wêreldwyd van tyd tot tyd na 'n verskeidenheid lande op 'n tydelike basis sal migreer om hulle kundigheid as't ware te verkoop. In die geval van Suid-Afrika is dit 'n onweerlegbare feit dat die oorhaastige en ideologies-gedrewe toepasing van regstellende aksie 'n beduidende rol speel in die tydelike migrasie van top Suid-Afrikaanse professionele en bestuurskundiges.

Tydlike migrasie het deur die eeue ook dikwels voorgekom as gevolg van oorlog. Miljoene mense is tydens die oorloë van die wêreld tydelik uit hulle vaderlande verwyder en het tog soms later daarheen teruggekeer. In wêreldperspektief is daar hiervan oneindige voorbeelde. Harff (2003:60) maak in 'n baie volledige studie die bevinding dat in die tydperk 1995 tot 2001 in die hele wêreld meer as 44 miljoen mense gesterf het as gevolg van

politieke “volksmoorde”. Gegewe die feit dat die onderhawige studie binne ’n Afrika-konteks geskied, word kortliks op enkele voorbeelde van ons kontinent gewys. ’n Eerste voorbeeld is die vestiging van die Matabeles in die huidige Zimbabwe as die gevolg van Shaka se oorloë van verwoesting in die huidige Natal. Harff (2003:60) beweer dat tot 600 000 mense tussen 1956 en 1972 in Soedan as gevolg van politieke volksmoord dood is en tussen 1975 en 2001 meer as ’n half miljoen mense in Angola. Gasana, Jean-Bosco, Deo, Kareikezi en Rwanda (1999:163-166) toon aan dat vanaf die begin van April tot die begin van Julie 1994, die Hutu duisende Tutsis in Rwanda vermoor het (daar word later – punt 2.3.4 – weer na die geval van Rwanda teruggekeer). Miljoene mense het ook in dié tyd migreer en is eers in die onlangse verlede weer in hul lande van herkoms gevestig. Tydens die burgeroorlog tussen FRELIMO en RENAMO het miljoene Mosambiekers na Malawi, Zimbabwe en Suid-Afrika migreer. Die meeste van hulle het na die beëindiging van die oorlog na Mosambiek teruggekeer.

Permanente migrasie is wanneer migrante hulle permanent in hulle nuwe bestemmingslande vestig. Dit gaan gepaard met die geleidelike losmaak en afbreek van verhoudinge met die lande waaruit migreer word en die geleidelike aanvaarding van permanente burgerskap en inwoning in die nuwe land van vestiging. In die geval van Suid-Afrika is dit ’n algemene verskynsel dat veral professionele, semi-professionele en tegniese geskoolde individue die land verlaat om tydelik, en dikwels ook permanent, elders te gaan woon. In hoogs gespesialiseerde beroepsrigtings soos ingenieurswese of die mediese wetenskap is daar ’n groot behoefte aan gegradueerdes in veral ontwikkelde lande. In hierdie lande kan opgeleide Suid-Afrikaners veel meer verdien en het diesulkes ook meer beroepsgeleenthede en -vooruitsigte. Ten spyte daarvan dat slegs 18% van Mosambiekse migrante - volgens die

meningsopname onder 2.3.3 genoem - in Suid-Afrika sal wil aftree, het feitlik al die respondente in die onderhawige ondersoek aangedui dat hulle permanent in Suid-Afrika sou wou aanbly. Selfs die feit dat sommige van hulle onwettig in die land werk, ontnugter nie hierdie individue nie.

Migrasie binne die grense van 'n enkele land word nie normaalweg as volskaalse migrasie beskou nie (Parnwell, 1993:13). Ofskoon dit wydverspreid in veral Afrika voorkom, is dit nie die fokus van hierdie studie nie en word daar gevolglik nie in detail hieraan aandag gegee nie. Dit is terloops tog krities om daarop te wys dat migrasie binne die grense van 'n land dikwels die gevolg van state se burokratiese onbeholpenheid is. In Suid-Afrika is dit tans byvoorbeeld glad nie vreemd dat duisende Suid-Afrikaners van die Oos-Kaap hospitale en skole van die Wes-Kaap oorstroom omdat, ten spyte van genoegsame befondsing, basiese dienste nie in die Oos-Kaap voorsien word nie. Letterlik duisende verwagte Oos-Kaapse vroue gee in hospitale van die Wes-Kaap geboorte en keer daarna na hulle tuistes in die Oos-Kaap terug. Dit is sekerlik 'n belangrike vorm van tydelike migrasie as gevolg van sosio-mediese onbekwaamheid.

Met die **internasionale migrasie van populasies** vorm **ruimte, tyd, en motivering** basiese elemente. Die *ruimtelike dimensie* sal altyd in 'n studie van migrasie 'n belangrike rol speel. Dit hou verband met die afstand wat migrante moet beweeg, die kostes wat noodwendig styg as die afstande van beweging groter word en die ontwikkelingsvlak van die migrant (Jackson, 1987:34). Dit is logies dat arm en ongeskoolde migrante se bewegingsvryheid meestal tot hulle onmiddellike buurstate beperk sal wees. Daarteenoor het goeie migrante 'n groter keusevryheid met betrekking tot die

bestemmingsland en kan die ruimtelike dimensie globaal beter benut word.

Wat die *tydsdimensie* betref is dit duidelik dat dit hand aan hand met die ruimtelike dimensie gaan. Die migreringstydperk van migrante of te wel die tyd wat hulle in bestemminglande deurbring word natuurlik deur afstand, die getalle van die migrerendes, ekonomiese posisie en kostes asook werklike en potensiële gevare bepaal. Migrante met geld en moderne vervoermiddels in 'n hoogs ontwikkelde infrastruktuur kan selfs op 'n daaglikse basis migreer. Min migrante sal egter verkies om op 'n daaglikse basis die roofoere van die Nasionale Krugerwildtuin of die mynvelde van Angola te trotseer. Sodanige migrante word verplig om langer tye in die bestemmingstate deur te bring. Die meer finansieël welvarende migrant sou selfs die keuse kon uitoefen om tydelik in verskeie bestemminglande te werk en so, by wyse van eie ervaring, te bepaal watter bestemming vir die migrant die aanvaarbaarste is. So 'n vooruitsig is egter vir verreweg die grootste gros van die wêreld se migrante nie beskore nie.

Die *motiveringsdimensie* met betrekking tot migrasie bring die volgende fundamentele vraag na vore: Wat dryf die migrant om so 'n ingrypende besluit oor die verskuiwing van huis en haard te neem? Meeste migrante beweeg uit eie wil, maar daar is ook aansienlike getalle wat aan gedwonge of geforseerde migrasie onderwerp word (Jackson, 1987:37; vgl. Hoofstuk 1 – Agtergrond en aktualiteit, waar reeds verwys is na politieke en ekonomiese migrasie; asook punt 2.3.1.2). Die navorser hou die mening daarop na dat die belangrikste motivering van migrante geleë is in 'n diepgewortelde rasonale en soms emosionele oortuiging dat die migrant en sy familie se bestaande en toekomstige lewensverwachting duister is. Gevolglik gee die migrant aan die

ewige menslike drang om sy lewe te verbeter uiting; hy kies letterlik en figuurlik die wapad op soek na die plek waar hy en die familie en ook die nageslagte die goeie lewe kan geniet.

Dit lyk ook of daar saakmakende verskille tussen individuele motivering van enkelinge bestaan om te migreer en die groepdinamika wat by bepaalde **etniese groepe** teenwoordig kan wees om as groep te migreer. Laasgenoemde kom wyd in die wêreld voor waar veral minderhede as gevolg van politieke en sosiale diskriminasie as groepe besluit om elders 'n veilige heenkome te soek. Diskriminasie teen minderhede behoort veel meer aandag in die ontleding van die oorsake van migrasie te ontvang.

In een van die kruitvatte van die wêreldpolitiek — die Balkan — het grootskaalse diskriminasie teen minderhede vir baie jare reeds ook tot bykans nimmereindigende migrasie aanleiding gegee. Schwarzenberger (1964:458) verwys in dié verband na die einde van die Eerste Wêreldoorlog toe die geheime protokol tussen die Duitse en Russiese regerings van 28 September 1939 'n "...whole series of mass transfers of populations in Eastern Europe and in the Balkans..." teweeg gebring het. In die onlangse verwoestende konflikte in die Balkan het migrasie en regte van minderhede ook n deurslaggewende rol gespeel.

Die voormalige Amerikaanse ambassadeur in Joegoeslawië, Zimmerman (1995:19), maak hieroor die volgende kostelike opmerking: "At least Shakespeare and Freud would have understood the power of the irrational that provoked these and other madmen to destroy the human fabric of Yugoslavia." In die geval van Kambodja waar na bewering tot soveel as 3,5 miljoen Kambodjane in politieke geweld uitgemoor is, is die film *Killing*

In die verband is dit belangrik om daarop te wys dat hierdie voorkoms van grootskaalse migrasie weinig met 'n demokratiese keusevryheid van individue of groepe te make het. Die motivering daarvoor is gewoonlik in die magsbehepte ambisies van politieke elites in ondemokratiese state geleë (respondente in die onderhawige ondersoek het hierdie magsbeheptheid bevestig, soos wat dit vergestaltung gevind het in die burgeroorlog in Mosambiek). Internasionale organisasies sal veel groter verantwoordelikheid moet aanvaar om die slagoffers van gedwonge migrasie te vrywaar teen die opportunistiese magslus van politici wat graag voorgee om die belange van die "people" te dien, maar inderwaarheid baie keer nie 'n snars vir hulle welvaart omgee nie. Die VN, die United Nations High Commission on Refugees (UNHCR) en veral die nuutgestigte Afrika-Unie (AU) staan voor 'n reuse uitdaging om in dié verband internasionale migrasie – veral ook in Afrika – tot die wel en weë van die betrokke migrante te bestuur.

2.3.5 Oorsake van internasionale migrasie

Ofskoon vele oorsake vir internasionale migrasie aangebied kan word (vgl. onder andere die tipes migrasie, punt 2.3.1.1 – 2.3.1.9; die tipes migrante, punt 2.3.2.1 – 2.3.2.5) waar 'n aantal oorsake reeds geïmpliseer word), word die hele kwessie van sogenaamde **"stoot" en "trek" motiveringsfaktore** as *generiese* grondoorsaak van internasionale migrasie beskou. Vir die doeleindes van hierdie studie word dit ook as belangrike uitgangspunt aanvaar (vgl. Hoofstuk 4 – Bevindinge).

Herberle het reeds in 1938 daarop gewys dat "...there is a series of forces which encourage an individual to leave one place (push) and attract him to another (pull)..." (Herberle in Lewis, 1974:14).

Stootfaktore kan soos volg gedefinieër word: Dit is daardie faktore wat 'n individu of 'n gemeenskap forseer om te reageer op magte/beïnvloeding van buite hulle gemeenskap waarin hulle geen of weinig seggingskap het en wat die gang van hulle daaglikse lewensomstandighede fundamenteel beïnvloed. Die kern hier is die **afwesigheid van 'n willekeurige keusevryheid** om self die welvaart van die lewensomstandighede van die migrante te bepaal.

Trekfaktore behels die motivering wat individue of gemeenskappe het om deur die eie keuse van geleenthede migrasie aan te wend om eie lewensomstandighede te verbeter. Hier val die klem op **eie oordeel**; die voornemende migrant of migrantegroepe kan self 'n besluit in die verband neem. Die wêreld van beter geleenthede anderkant die grens is dus die motivering. Vervolgens word kortliks oor stoot- en trekfaktore uitgewei.

2.3.5.1 Stootfaktore

As die **eerste** stootfaktor let ons op **die onderdrukkende en diskriminerende optrede van owerhede** wat as gevolg van politieke, godsdienstige en etniese oorwegings mense en bevolkings tot migrasie aanspoor. Hierin lê 'n belangrike deel van die kernproblematiek van internasionale migrasie.

Crush (2002:150) beweer dat Suid-Afrika as gevolg van hierdie stootfaktor in migrasie by die "...brink of a serious skills deficit" is. Wocke en Klein (2002:441-453) is weer die mening toegedaan dat die Suid Afrikaanse owerhede selfs wetgewing sal moet oorweeg om – wat hy as beide stoot- en trekfaktore noem – te reguleer ten einde die uittoeg van intellektuele bekwaamhede te keer.

In die **tweede plek** as stootfaktor geld die **afname van die nasionale produksiebronne van state**. Wanneer myne uitgeput raak soos byvoorbeeld die goudmyne in Suid-Afrika of ander mynbouaktiwiteite afskaal as gevolg van 'n daling van pryse op die wêreldmarkte, verloor derduisende mense hulle werk en gee dit dikwels tot gedwonge migrasie aanleiding. Die "groot gat" by Kimberley in die Noord-Kaap is bes moontlik een van die wêreld se bekendste migrasiesimbole toe die diamantstormloop as kragtige stootfaktor fortuinsoekers in groot getalle laat migreer het.

Derdens onttrek individue hulle van hul bestaande gemeenskappe omdat daardie gemeenskappe nie langer **geleenthede vir persoonlike ontwikkeling, werkseleenthede of die aangaan van normale huweliks- en gesinsverhoudings** moontlik maak nie.

Samehangend met voorgaande is daar in die **vierde plek individuele vervreemding** van hulle gemeenskappe omdat hulle nie langer die kulturele, godsdienstige en lewensbeskoulike waardes van hulle families of gemeenskappe deel nie. Die beroemde Che Guevara is hiervan moontlik die wêreld se grootste ikoon. Sy opstand teen die Rooms-Katolieke kerkistiese konserwatisme in Latyns-Amerika het wêreldwyd groot invloed gehad en tot die inspirasie van vele migrerende revolusionêres gelei - wie as individue hulle nie onbetuig in die konfliksones van die wêreld gelaat het nie (Sinclair, 1970:47; Hodges 1977:13). Dit bly 'n feit dat hierdie romantiese revolusionêre migrante hulle merk op die geskiedenis en ontwikkeling van die wêreld gelaat het.

In die **vyfde plek** is daar die stootfaktor van die **beëindiging van werkseleenthede**. Coker (2002:45) maak dienaangaande die volgende kostelike opmerking: " ...we find ourselves living in a world

in which **jobs**, rather than **people**, **migrate** from region to region and continent to continent" (navorser se beklemtoning). Mackinlay (2002:24) verwys weer na onbeheersde inflasie se invloed as stootfaktor in migrasie.

Ironies genoeg is migrante self daarvoor verantwoordelik om deur verdringing van veral gevestigde werkerskorpse grootskaalse migrasie te veroorsaak. **Migrasie veroorsaak migrasie**. Die tema word later meer breedvoerig behandel in Hoofstuk 3, maar dit moet hier gekonstateer word dat dit wat Tuepker (2002:419) in die *Journal of Refugee Studies* "...bitterness over the past and insecurity regarding the future" noem, veral ook in Suid-Afrika aan die orde is. Die *makwerekwere* — skelwoord vir internasionale migrante - is nie gewild in Suid-Afrika nie.

Sesdens is **natuurrampe** 'n belangrike stootfaktor. Verwoestende droogtes, oorstromings en vloede, veldbrande en vulkaniese uitbarstings het deur die eeue tot massale mensemigrasie aanleiding gegee. Veral op die Afrika-kontinent speel natuurrampe 'n verwoestende rol. Die meeste Afrika-state se vermoë om natuurrampe te hanteer is tegnies en bestuursmatig uiters beperk en die migrasie wat hieruit voortspruit veroorsaak oneindige probleme op ons kontinent.

In die **sewende plek** is die **onvermoë om state administratief en burokraties te bestuur** 'n verdere stootfaktor. Die kwessie veroorsaak frustrasie en talle burgers van die sogenaamde "derde wêreld" verkies om te migreer omdat hulle doodgewoon nie langer die lang toue van staan en wag kan verduur nie. Hulle word gestoot om te migreer na 'n land waar hulle ondernemingsgees minstens nie deur die "red tape" van onbevoegdheid aan bande gelê word nie.

In aansluiting hierby kan natuurlik ook gestel word dat 'n skreiende gebrek aan ekonomiese geleenthede ook burgers uit die "derde wêreld" laat migreer (tiperend hiervan is die respondente in hierdie studie).

Die voorkoms van **epidemiese en endemiese siektetoetande** kan ook 'n verdere belangrike stootfaktor wees. In die verband kan niks meer dramaties wees as die pandemiese afmetings wat die MI-virus tans in Suid-Afrika en op die Afrika-kontinent aanneem nie (Heineken, 2001:7; Eberstadt, 2002:23; Elbe, 2002:161, 168; Rossouw, 2004:11).

Onveilige toestande van geweldsmisdaad en selfs konflik en oorloë dien ook as belangrike **stootfaktore** in internasionale migrasie. Niemand sal die feit ontken dat duisende, soms hooggeskoolde, Suid-Afrikaners veral vanaf 1995 Suid-Afrika verlaat het omdat hulle net eenvoudig nie langer die onaanvaarbare vlakke van geweldsmisdaad soos moord, verkragting en roof kon verduur nie (vgl. Du Toit, 2003:33). Die ontstellende hoë voorkoms van moord op blanke boere in die onlangse verlede in Suid-Afrika, asook Pres. Mugabe se beleid van grondhervorming in Zimbabwe, dien sekerlik ook as kardinale stootfaktor in die migrasie van baie kundige boere in Suider Afrika. Dit het weer 'n **uitkringende effek op voedselproduksie** en die **gevolglike migrasie van derduisende honger mense** oor grense na Suid-Afrika.

Laastens kan **bevolkingsontploffings** ook 'n stootfaktor in internasionale migrasie wees. In lande waar die populasie teen 'n abnormale tempo groei word die kompetisie om skaars hulpbronne so eng dat groepe en individue genoop word om 'n beter heenkome te gaan soek.

Alvorens aan trekfaktore aandag gegee word, kan gestel word dat die Mosambiekse migrante in hierdie studie se migrasiepatrone deur verskeie stootfaktore beïnvloed is. Van die belangrikste stootfaktore wat hulle beïnvloed het, is sekerlik sowel die onstabiele politieke situasie in die land, as die gebrek aan basiese behoeftes soos voedsel en werksgeleenthede (vgl. punt 4.2 en 4.4.1).

2.3.5.2 Trekfaktore

Fundamenteel as trekfaktor staan die **soeke en begeerte om in 'n werksgeleentheid of beroep te staan** en om aan gestelde idealistiese persoonlike verwagtinge te voldoen voorop. Parnwell (1993:87) beweer dienaangaande dat mense migreer nie omdat hulle noodwendig onmiddellike positiewe resultate verwag nie, maar hulle migrasie eerder sien as 'n belegging in die toekoms om wel hul lewensomstandighede op 'n later stadium te verbeter.

'n **Tweede trekfaktor** is die strewe om deur akademiese opleiding aan opvoedkundige inrigtings van naam kwalifikasies te verwerf wat die paspoort tot groter welvaart kan bied. In dié verband kan mens bykans beweer dat daar ook 'n vorm van **intellektuele "geletterheidsmigrasie"** plaasvind om aan die persoonlike ideale van elitemigrante te voldoen. Suid-Afrikaanse universiteite speel veral in die Afrikakonteks hierin 'n belangrike rol. Op dié terrein is daar waarskynlik min beter bronne as Mamphela Ramphele (1999:9) wat as rektor van die Universiteit van Kaapstad beweer het dat Suid-Afrika 'n historiese plig het om die mense van Afrika akademies by te staan en te ontwikkel.

In die **derde plek** is daar vanselfsprekend die trekfaktor van die verdien van 'n **groter inkomste**. De Vletter (2000:46) beweer dat Mosambiekse mynwerkers in Suid-Afrika soms 'n sogenaamde

fortuin verdien. Hy merk op: "...uneducated miners often earning more than government ministers". Volgens De Vletter lewe 60% van Mosambiekers in uiterste armoede en is enige vorm van inkomste beter as om geen inkomste hoegenaamd te hê nie. Mosambiekse immigrante in Suid-Afrika het in die onderhawige studie aangedui dat die hoofrede vir hulle migrasie wel finansieël van aard is. Hulle kan doodgewoon nie 'n bestaan vir hulself en hulle gesinne in Mosambiek bekostig nie (vgl. punt 4.2). Die inkomste wat enige werk in Suid-Afrika genereer maak die verskil tussen lewe en dood vir hierdie immigrante.

In die **vierde plek** is daar ook die trekfaktor om te streef na die **verbetering van omgewings- en lewensomstandighede**. In dié verband speel uiterste klimaatsomstandighede soms 'n rol, maar die verkryging van bevredigende behuising, skoolstelsel, basiese mediese dienste en ander gemeenskapsfasiliteite kan ook 'n rol speel. Hierdie trekfaktor is weereens baie akute in Afrika en ander ontwikkelende lande. Sommige **ontwikkelde lande** aan die ander kant is tans in 'n kommerwekkende situasie wat hierdie tipe migrasie aan betref. 'n Geboortekoers van onder die nulkoers in byvoorbeeld **Europa** is 'n trekfaktor om migrasie van buite, veral derde wêreld lande, aan te moedig. Mense word al ouer in die ontwikkelde deel van die wêreld. Hierdie veroudering laat **leemtes** ontstaan in die arbeidsmark vir **jong en aktiewe** individue. Peterson (1999:55) sê: "Global aging...will therefore ensure that immigration remains a major issue in developed countries for decades to come..." en "Global aging could trigger a crisis that engulfs the world economy. This crisis may even threaten democracy itself."

In die **vyfde plek** is daar ook die dimensie van die **afhanklikheid van naasbestaendes** van persone wat migreer het. Soms is daar

die behoefte van familie en selfs vriende om by 'n broodwinner wat migreer het aan te sluit, en klaarblyklik is die begeerte om by die migrant-eggenoot/-eggenote of migrant-vader/-moeder in die bestemmingsland te wees, sekerlik 'n deurslaggewende drang (Sinke, 2001:72).

Sesdens is dit ook waar dat sommige lande – en veral stede in daardie lande – as gevolg van hulle hoogs ontwikkelde kuns-, kultuur-, sport-, vermaaklikheids- en ontspanningsaktiwiteite sommige mense aanmoedig om te migreer. Die sogenaamde **“groot stad-sindroom”** is dus hier as trekfaktor ter sprake.

Bogenoemde (sesde) trekfaktor kom algemeen voor binne en tussen lande van die ontwikkelende wêreld. In verband met Mosambiekse migrante in Suid-Afrika beweer 'n boer tydens 'n onderhoud dat dit gaan om 'n “ticket to the big city” en 'n Mosambiekse migrant meld ook van 'n “passport to Jo'burg” (vgl. Mather & Mathebula, 2000:29).

Historiese, kulturele en tradisionele faktore het ook as trekfaktore 'n invloed op migrasiepatrone. Dit is 'n feit dat mense van die voorheen Franse kolonies van Afrika by hoë voorkeur verkies om na Frankryk te migreer omdat die taal, kultuur, administratiewe en politieke stelsels as 'n bekende tradisionele trekfaktor dien.

Laastens kan gestel word dat die geredelike beskikbaarheid van **inligting** 'n belangrike trekfaktor (en soms ook 'n stootfaktor) in internasionale migrasie kan wees. Inligting oor onder andere ekonomiese, politieke en militêre gebeure kan mense ook laat migreer.

Voorgaande is nie 'n volledige uiteensetting van stoot- en trekfaktore in internasionale migrasie nie. Dit is ook waar dat stoot- en trekfaktore nie altyd in netjies afgebakende dimensies voorkom nie. Daar is nie absolute grense nie en dit kom voor asof stoot- en trekfaktore dikwels met mekaar oorvleuel en mekaar ook interaktief beïnvloed.

Vervolgens kom teorieë oor internasionale migrasie aan die orde.

2.4 Teorieë oor internasionale migrasie

Alvorens spesifieke migrasieteorieë behandel word, is dit noodsaaklik om die verskillende **analisevlakke** van migrasie te belig. Uiteraard vind verskillende teorieë op verskillende analisevlakke toepassing. Die drie analisevlakke wat vervolgens kortliks aan die hand van Faist (2000:31-32) bespreek word, is **mikro-**, **makro-** en **meso-vlak** analise (vgl. Richmond, 1994:332-346).

- **Mikrovlak-analise**

Die kern van die mikrovlak-analise fokus op die individu. Dit gaan oor sy of haar vermoë om self hulle lotgevalle deur eie besluitneming te bepaal, of aan die ander kant, daardie individue wat eintlik die slagoffers van magte en invloede en gebeure buite hulle beheer is, en waarvan hulle in migrasieverband letterlik die slagoffers is.

Daar is individue soos vlugteling, slawe, sekere kontrakwerkers en veral vroue en kinders wat weinig of geen inspraak in hulle migrasiestatus het nie. Hulle migrasiestatus is nie die gevolg van eie keuse nie. Hulle is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Dit is die lot van miljoene migrante in die

sogenaamde Derde Wêreld. Aan die ander kant is daar individue wat oor die fondse, inligting, kontakte, "networking" en verbintenisse met mense wat reeds migreer het, beskik wat dit vir hulle moontlik maak om 'n hoë mate van outonomie te handhaaf in hulle besluit om te migreer. Klaarblyklik is dit daardie migrante wat in die "toplaag of die elite" van die wêreldbevolking voorkom.

Hierdie benadering berus in 'n sekere mate op die verabsoluttering van die menslike individu en kan sekerlik as teoretiese analise-model nie 'n volledige greep op die teoretiese begronding van migrasie bied nie. In billikheid is dit ook nie wat die benadering probeer wees nie. Dit is egter so dat migrante mense is; enige teorie of benadering wat dus migrasie wil begrend sal daarom nooit volledig kan wees sonder om die mens as primere handelingssubjek in berekening te bring nie (vgl. ook De Jong et al, 1983:472-481).

- **Makrovlak-analise**

Hierdie benadering berus op die uitgangspunt dat die breëre staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, sosiale en kulturele strominge van 'n gegewe tyd die teoretiese begronding van migrasie vorm. So gesien is migrasie die gevolg van saakmakende gebeure op die wêreldtoneel. By hierdie teoretiese benadering speel die politieke interstaatlike verhoudinge tussen die oorsprongland en die bestemmingsland van migrante 'n belangrike rol. Migrante-groepe se verhoudings met beide die regerings asook met tersaaklike nie-regeringsorganisasies kom ook onder die soeklig.

Aangeleenthede soos wetgewing en beleid en lande se vermoë om dit effektief toe te pas, speel ook 'n rol. Europese

bestemmingslande is byvoorbeeld baie meer streng en kieskeurig oor die opleiding, finansiële vermoë en etniese en kulturele agtergrond van migrante as wat tussen lande op die Afrika-kontinent toegepas word. Met hierdie teoretiese vertrekpunt word migrasie beoordeel binne die bestaande staatkundige realiteite waar mense, en dus ook migrante, se lot deur die heersende politieke orde van die tyd en die optrede van owerhede en regerings bepaal word.

Die navorser is van mening dat hierdie benadering onvolledig sal wees as die optrede en rol van internasionale organisasies asook streeksorganisasies nie ook in berekening gebring word nie. So is die beleid en bemoeienis van byvoorbeeld die VN, die Europese Unie en die Afrika-Unie met betrekking tot internasionale migrasie deurslaggewend. By die VN is selfs 'n sogenaamde spesiale agentskap bekend as die UNHCR, daargestel om toegewyde aandag aan internasionale migrasie te gee. Die UNHCR (2001:2-21) beweer op bladsy 11 soos volg: "The UNHCR is entrusted with responsibility of promoting and providing international protection to refugees".

- **Mesovlak-analise**

Hierdie teoretiese analisevlak met sy "ongemaklike" terminologiese woordkeuse kan beskou word as die middeweg tussen mikro- en makrovlak-analise. Dit fokus op die invloed wat staatkundige, sosiale, omgewingsfaktore op die migrant as individu en ook op groepe migrante het. In essensie is dit 'n teoretiese wisselwerking tussen individu en omgewing; die verhouding tussen die migrant as mens en die lotsbepalende gebeure van sy tyd en omgewing.

Dit fokus ook op die nuwe verhoudinge wat die migrant in sy bestemmingstaat opbou met ander individue (betekenisvolle andere), groepe en organisasies. Terselfdertyd word die bestaande verbintenisse met familie en belangegroepe in die land van oorsprong natuurlik nie noodwendig opgesê nie. In dié verband is ook die spoed waarmee migrante in hulle nuwe state geassimileer word, belangrik.

Tot vandag vind mens oor die wêreld Joodse en soms Duitse gemeenskappe wat ten spyte van hulle migrasie jare der jare gelede, nog steeds deur klubs en eiesoortige kultuuraktiwiteite hulle identiteit en kulturele eiendomlikheid handhaaf. Talle Suid-Afrikaners het Suid-Afrika na die Anglo-Boereoorlog in 1902 verlaat en onder andere in Argentinië en Kenia gaan vestig (vgl. Du Toit, 2003:27). Van hulle groepsbelang en kulturele oorsprong het daar vandag weinig oorgebly. Dieselfde sal moontlik waar word van die derduisende Suid-Afrikaners wat hulle in die afgelope 10 jaar veral in Engeland, Amerika, Australië, Europa en Nieu-Seeland gevestig het. Die wisselwerkende interaksie tussen die migrant as individu en die strominge en gemeenskappe van sy tyd, is dus die kern van hierdie teoretiese benadering.

Vanselfsprekend bestaan daar 'n hele aantal **teorieë** oor internasionale migrasie. Die grondslag van die teorieë word bepaal deur die vakwetenskaplike en ideologiese vertrekpunt waarmee migrasie as saakmakende internasionale realiteit beoordeel word.

In die sosiologiese vakwetenskap is die toespitsing op migrasie as afsonderlike dissipline egter relatief jonk. Dit was eers in die twintigerjare van die twintigste eeu wat dit teoreties beoordeel

is. Aanvanklik is daar veral op twee terreine gefokus: Eerstens op die vraag waarom migrasie plaasvind en hoe dit oor tyd volgehou word; In die tweede plek, wat met migrante in die bestemmingsland gebeur en wat die invloed is wat hulle op die sosiale, ekonomiese en politieke struktuur van die land het. Tradisioneel is daar op laasgenoemde, tweede stel, teoretiese vertrekpunte gekonsentreer. Dit was eers vanaf ongeveer die 1980's wat daar ook in die sosiologiese teoretiese benadering op die eerste stel vrae gekonsentreer is (Schmitter Heisler, 2000:77). Voorts word enkele teoretiese benaderings kortliks behandel.

2.4.1 Die Assimilasieteorie

Die teorie, wat waarskynlik die eerste sosiologiese teorie oor internasionale migrasie is, het sy oorsprong by die "*Chicago School of Sociology*" gehad. Hiervolgens word migrante met tyd sosiaal, ekonomies, kultureel en polities in die bestemmingsland se sosiale en politieke werklikheid geassimileer. Hulle word deel van die nuwe land en verloor inderwaarheid die wesenskenmerke van hulle oorspronklike totaliteit van menslike eienskappe. Vanselfsprekend moet aanvaar word dat in die proses bepaalde elemente van hulle sosiale en ander gedragspatrone ook in die bestemmingstaat 'n invloed sal uitoefen. Assimileer beteken nie net volledige opgaan van een stel waardes in 'n totaal nuwe stel wat in wese nie daardeur beïnvloed word nie. **Assimilasie is ook verandering en vernuwing.** Die bestaande sosiale stelsel is nie in beton gegiet nie en terwyl migrante deel van die nuwe orde deur assimilasie word, oefen hulle in die assimilasieproses 'n saakmakende invloed op die aanpassing van die sosiale orde uit.

Dit is nie vreemd dat die teorie sy oorsprong in Amerika gehad het nie. Hulle is grootliks 'n land van migrante en die bekende "melting pot" as simboliek impliseer juis dat die bestaande voortdurend verander deur die byvoeging van die nuwe. Dit impliseer egter ook die kardinale vertrekpunt dat die nuwe nooit sterk genoeg is om die bestaande te verdring nie; verander wel, maar *nie* verdring nie. Dít kan slegs deur oorlog en totale oorwinning verseker word.

In die geval van die Mosambiekse migrante in hierdie ondersoek het daar ook assimilasië plaasgevind. Dit wil egter blyk asof die meeste assimilasië deur die Mosambiekers self ervaar is. Omdat hulle groep relatief klein is, moes hulle noodwendig aanpas by die normatiewe komponent van die kultuur (waardes, norme en sanksies) wat reeds deur die plaaslike bevolking gevestig is (vgl. punt 4.3.2).

Mettertyd het verskeie navorsers begin om die teorie te kritiseer (Reeves, 1944; Kennedy, 1952; Herberg, 1956; Glazer & Moynihan, 1963) en hulle twyfel oor die teorie laat blyk. Volgens hierdie kritici verloor migrante nie noodwendig oor tyd hulle eie identiteit en sosiale lewenswaardes nie, en is daar baie bewyse dat migrante hulle as minderhede in hulle oorspronklike sosiale en kulturele waardestelsel handhaaf. Iets hiervan is ook in die onderhawige ondersoek by die Mosambiekse proefpersone bespeur. Na 1980 het die assimilasiëteorie soms onder verdere heftige kritiek deurgeloopt (Schmitter Heisler, 2000:77).

Die teorie word egter steeds hedendaags deur sommiges as bruikbare vertrekpunt aanvaar. Na die oordeel van die navorser sal die assimilering van migrante altyd 'n rol in die teoretiese besinning oor internasionale migrasie speel (vgl. punt 4.3.2).

2.4.2 Die Inkorporasieteorie

In teenstelling met die assimilasieteorie wat aanvaar het dat inkorporering van migrante vanselfsprekend plaasvind, lê die voorstanders van die teorie van inkorporasie klem op die interaksie tussen die migrant en die sosiale strukture van die ontvangstaat (Agüeros, 1971:1). Die fokus is hier op die problematiek van die migrant om in die bestemmingstaat aan te pas. Die sosiale wisselwerking tussen die migrant en die nuwe omgewing van die bestemmingstaat en die gevolglike konsekwensies van die interaksie word as teoretiese vertrekpunt geneem (vgl. punt 4.3). Hierdie teoretiese klemverskuiwing het veral vanaf 1970 gemanifesteer. Die Mosambiekse migrante het in die studie duidelik laat blyk dat hulle aanpassing problematies van aard was en dat die typerk van inkorporasie nie altyd glad verloop het nie.

Die benadering pas ook differensiasie op die migrante as groep toe en verreken die verskille in die sosiale, ekonomiese en kulturele ontwikkelingsvlakke van migrante. Op die broodlynvlak waar die kompetisie vir ekonomiese oorlewing soms ongenaakbaar hoog is, word migrante dikwels met hoë vlakke van nie-aanvaarbaarheid bejeën (vgl. punt 4.4.1). Aangesien die Mosambiekse migrante bereid is om vir minder loon te werk in Suid-Afrika het kompetisie tussen hulle en die plaaslike werkers ontstaan. Soos genoem het hierdie situasie die inkorporasieproses vertraag en dikwels gelei tot gevoelens van haat en jaloesie.

Dumbutshena (2002:5) se standpunt oor wat swart Suid-Afrikaners van swart migrante uit Afrika dink, is bykans ontstellend. Hy sê hulle word gesien as: "...impoverished scroungers who come to South Africa to drain the country's resources." Ewe opsienbarend is die mening van Oucho (2002:9) wat die standpunt van 'n swart

Suid-Afrikaner soos volg aanhaal: "...when our people went into exile they did not go to sell drugs, to steal, kill or look for jobs — they went to further the liberation struggle against the apartheid rulers. What is the reason for their people streaming into South Africa in millions?"

Dit word algemeen aanvaar dat die hoër elitegroepe onder migrante makliker geïnkorporeer word. Dit is korrek, maar aan die ander kant is daar soms hoë vlakke van snobistiese weerstand teen buitestaanders by die elite van alle lande teenwoordig. Inkorporering vind in sodanige gevalle eers in die tweede en derde geslagte van migrante plaas.

Die kultuur en tipe mens van die stad teenoor die platteland speel ook 'n rol. In die onpersoonlike "groot stad" word migrante, soos die ander stedelinge, deel van 'n onpersoonlike grys massa enkelinge waar mense hulle bitter min aan mekaar steur en aanvaarbaarheid in dié sin makliker plaasvind. Die platteland daarenteen, met sy tradisionele gebondenheid aan gevestigde sosiale gebruike en kulturele voorkeure, is moeiliker ontvanklik vir die inkorporering van migrante. Dit hou natuurlik ook verband met die feit dat werksgeleenthede op die platteland gewoonlik uiters skaars is. Bevindinge in die onderhawige studie ondersteun genoemde standpunt en het aangetoon dat die plaaslike gemeenskap in Mpumalanga 'n gevestigde kultuur het. Die Mosambiekers het dit moeilik gevind om geïnkorporeer te word met betrekking tot veral gebruike soos keleredrag, taal, religieuse gebruike en voedselvoorbereiding (vgl. punte 4.3.1, 4.3.2 en 4.3.3).

Inkorporering sal natuurlik ook van die gesindheid van die migrante afhang. Migrante kan nie verwag om met ope arms in

bestemminglande geïnkorporeer te word as hulle nukkerig en stuurs is en halsstarrig poog om aanvegbare kulturele gebruike in die nuwe omgewing op te eis nie. In dié verband is Moslem-migrante in Franse skole wat weier om hulle hooftooisels te verwyder 'n klassieke voorbeeld. In die inkorporasieteorie sal meer klem op die gesindhede van die migrante moet kom. Dit is gewoon **nie wetenskaplik eerlik** om hulle met 'n **menseregteverabsoluttering** altyd te bejammer en die skuld vir probleme met inkorporering voor die deur van halsstarriges in die bestemmingsland te lê nie.

2.4.3 Die teorie van etniese enklawes

Hierdie teorie het sy oorsprong in die tendens van bepaalde etniese groepe wat as migrante- eenhede of -enklawes die politieke, sosiale en ekonomiese strukture van bestemmingslande beïnvloed en soms selfs domineer. In Suid-Afrika is daar die bekende en sprekende voorbeelde van die "Griekse kafee", die "Portugese vis en skyfie-winkel" en die "Duitse biertuin". In die jongste verlede is daar ook in Suid-Afrika die negatiewe voorbeeld van die Nigeriese dwelmbase wat as migrantegroep in Suid-Afrika die onderwêreld van dwelms domineer.

Internasionaal is die bestaan en invloed van die Poolse enklawe, die Iere, die Meksikane, die Japannese en Roemeniërs onder andere as etniese enklawes in Amerika welbekend. Hulle speel 'n belangrike rol in sektore van die ekonomie en vier nog gereeld hulle nasionale feesdae as etniese simboliek in die nuwe land van hulle vestiging. Daar is waarskynlik min sprekender voorbeelde as die invloed van die Joodse migrante in Amerika wat as groep enorme ekonomiese beïnvloeding uitoefen en daardeur 'n beslissende rol speel om die Amerikaanse beleid met betrekking tot die konflik tussen Israel en

die Palestyne in die Midde-Ooste te beïnvloed (Cook, 2003:31-56; Moore, 1974:1001-1085). In dieselfde konteks moet die rol van die Siciliaanse Mafia in die misdaadwêreld binne die VSA erken word. So verkry selfs die wetenskap van kriminologie 'n plek in die teoretiese begronding van internasionale migrasie.

In die etniese migrasieteorie word soms onderskei tussen twee "arbeidsklasse" — die sogenaamde professionele migrante en die sogenaamde ongeletterde migrante. Eersgenoemde word 'n bykans klasgebaseerde deel van 'n etniese groep wat as gevolg van hulle professionele agtergrond makliker aanvaar word. Die uitgangspunt is natuurlik nie in alle gevalle waar nie. So byvoorbeeld is die Kubaanse dokters in Suid-Afrika sekerlik nie met ope arms in dele van Suid-Afrika ontvang nie. Ongeletterde migrante van bepaalde etniese groepe word deur gemeenskappe as 'n las beskou en daar is 'n verzet teen hulle inkorporering (Portes, 1995:12). Om klasseverskille vir die doeleindes van migrasieteorieë in etniese realiteite te projekteer, kom egter soms 'n bietjie kunsmatig voor.

Etniese solidariteit speel volgens Schmitter Heisler (2000:86) 'n belangrike rol in migrante se kanse op sukses in die staat van vestiging. Om by mekaar te staan om die trauma van die nuwe land se omstandighede te verwerk, maak migrante meer weerbaar as wanneer hulle individueel die mas moet opkom. Dit is in dié verband deurslaggewend om 'n onderskeid te tref tussen etniese gebondenheid aan die etnies-kulturele, sosiale en politieke beginsels van die land van oorsprong en gebondenheid aan die oorsprongland self. Kulturele gebondenheid moet egter nie verwar word met die burgerpligte wat migrante aan die politieke owerhede van hulle nuwe vestigingslande verskuldig is nie. Migrante is in terme van universele menseregte geregtig om hulle eie lewensbeskouslike kultuur te handhaaf. Dit kan egter nie

aanvaarbaar wees om op die duur 'n onpatriotiese gesindheid teenoor die nuwe tuiste ten gunste van 'n onvanpaste verknogtheid aan die oorsprongland te handhaaf nie.

Dit kom egter voor of 'n eng staatse nasionalisme besig is om te vervaag en migrante se bydrae tot hul nuwe tuiste word deur die meriete van die bydrae, en nie deur die aanvaarding van 'n nuwe "kulturele en sosiale etnisiteit" bepaal nie. Daar bestaan 'n onnodige **wetenskaplike negatiewe oor etnisiteit** se rol in die wêreld. Nazisme tydens die Tweede Wêreldoorlog en "apartheid" in Suid-Afrika het veel daarmee te doen gehad. Feit is egter dat dit vandag tog nog as kritieke realiteit in die wêreldpolitiek in die algemeen, en by teoretisering oor internasionale migrasie in besonder, in berekening gebring behoort te word.

2.4.4 Teorieë oor burgerskap en transnasionale (internasionalisme)

Hierdie teorie word uit 'n hoek van globalisering benader en berus op die aanname dat internasionale migrasie 'n dinamiese en voortstuwende proses geword het. Dit word deur globale kragte gedra wat oor nasionale grense heen transendeer (Surke in Gungwu, 1997:214-217). Volgens dié teorie het die wêreld 'n "global village" geword en gebruik die sogenaamde kapitalistiese "Weste" sy ekonomiese en geïndustrialiseerde mag om sy invloed vanaf kernlande na ander wêreld-dele uit te brei. Hieroor merk Robinson (2002:1068) op : "...emerging trends and directions have as their backdrop the current order of global capitalism. In this age of globalisation, a critical social science becomes self-knowledge of global society."

Soos die globaliseringsproses internasionaal versprei, word bufferstate en netwerke van handel, produksie, beleggings, vervoernetwerke en stelsels van kommunikasie daargestel. Hierdie netwerke stel die moderne "globale migrant" in staat om veelvuldige werkseleenthede oor verskeie nasionale state heen te eksploiteer. Sodoende word 'n nuwe **migrasierealiteit** gevestig waar die bekwaamhede van migrante hulle in staat stel om wêreldwyd aan "**talentmigrasie**" deel te neem. Migrasie verkry 'n internasionale of transnasionale dimensie wat 'n besondere positiewe uitwerking op die ontwikkeling van agtergeblewe gebiede in die wêreld het. In dié verband is die standpunte van Basch (1994:6) en Smith (1998:200) veral insiggewend.

Dié transnasionale dimensie werp ook lig op die onderhawige studie van Mosambiekse migrante. Hierdie migrante, wettig of onwettig, vul 'n sekere gaping in die arbeidsmark van Mpumalanga. Belangrike vaardighede word deur Mosambiekse immigrante opgedoen, terwyl hulle ook die plaaslike ekonomie ondersteun (vgl. punt 4.4.1).

Daarteenoor is Schmitter Heisler (2000:88) weer die mening toegedaan dat die proses en teorie van transnasionale globalisering sekere inherente nadele het. Sy beweer dat in 'n wêreld waar stabiliteit en voorspoed deur globalisering, groeiende ekonomiese interafhanklikheid en tegnologiese infrastruktuur bepaal word, state hulle invloed oor die in- en uitvloeï van kapitaal en arbeid verloor. Staatkundige soewereiniteit word dus ondermyn. Die wegkalwing van staatkundige soewereiniteit is na die oordeel van die navorser 'n onomkeerbare realiteit van transnasionale globalisering. In die internasionale milieu sal migrante meer en meer in verskeie bestemmingslande hulle kundigheid verkoop en is 'n aansienlike aantal swerwende kundigheidsmigrante reeds deel van die

internasionale migrasierealiteit. In die geval van die Mosambiekse migrante het hierdie tendens ook 'n merkbare invloed. Hoewel hierdie migrante nie oor hoë vaardighede beskik nie, bly dit 'n verlies vir Mosambiek as soewereine staat (vgl. punt 3.3.8).

In die transnasionale teorie oor migrasie speel die vraagstuk van burgerskap 'n belangrike rol. Burgerskap is op sy beurt die staatsregtelike grondslag waarop die politieke, sosiale en siviele regte van migrante baseer word. Hieroor bestaan in die staatsreg en volkereg omvangryke grondslae, verdrae en ooreenkomste (Von Glahn, 1971:159-222). Sommige sosioloë verwys hier na politieke, sosiale en siviele burgerskap wat na gelang van die tydsduur van migrante in die bestemmingsland aan hulle toegeken word. Hierin is sommige state baie meer toegeeflik as andere. In Europa word tans uiters streng burgerskapvereistes toegepas — plek-plek ook maar bra selektief, en veral op die laevlakse migrante toegespits. Dit is tog interessant om op te merk dat in ons eie geskiedenis meer as 'n eeu gelede, die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek het omdat Paul Kruger nie 'n basiese vorm van politieke burgerregte, naamlik stemreg aan wat die "uitlanders" genoem is, wou toestaan nie.

Dit moet stellig aanvaar word dat globalisering 'n ingrypende invloed op internasionale migrasie sal hê. Aan die een kant sal dit 'n elitemigrant tot gevolg hê waar burgerskap en die regte van migrante makliker en makliker toegelaat sal word as gevolg van selfsugtige motiewe by bestemmingslande. Aan die ander kant sal dieselfde realistiese en subjektiewe eie-belang meebring dat ongeskoolde migrante aan al groter wordende beperkings blootgestel sal word. In enige teoretiese besinning oor migrasie mag nooit uit die oog verloor word dat alle lande in die laaste

instansie in eie belang optree nie. Lande sal nooit internasionale welsynsorganisasies word nie.

2.5 Slotperspektief

Die teoretiese bestudering van internasionale migrasie as wetenskaplike dissipline staan, ten spyte van al die werk wat al in die verband gedoen is, nog grootliks in sy kinderskoene. Soos wat duidelik uit die voorafgaande hoofstuk blyk is daar nog geen gevestigde en aanvaarbare teoretiese perspektief oor die wetenskaplike grondslae wat internasionale migrasie as saakmakende verskynsel in die wêreld onderlê nie.

Na die oordeel van die navorser maak dit wetenskaplike sin dat die sosiologiese vakwetenskap die leidende rol behoort te neem om migrasie teoreties te ontleed. Sosiologie as vakwetenskap kan gemaklik historiese, staatkundige, sielkundige, maatskaplike, ekonomiese, juridiese en ander faktore inkorporeer en 'n geïntegreerde teoretiese geheelbeeld van die problematiek daarstel. Uit 'n studie van die literatuur wat tot dusver beskikbaar is, is dit egter helder en duidelik dat sodanige multidimensionele wetenskaplike benadering nog nie werklik suksesvol toegepas is nie. Ten einde 'n suksesvolle teoretiese geheelbeeld te bied is sodanige geïntegreerde teoretiese benadering noodsaaklik en onafwendbaar.

Die belang van 'n duidelike teoretiese begrip oor die verkynsel van internasionale migrasie is voor die handliggend. Globalisering, die vervaging van nasionale grense, die steeds groeiende kloof tussen "ryk" en "arm" lande, die rol van die internasionale massa-media en die eg menslike droom van alle mense om te soek na geleenthede om hulle lewensomstandighede so aangenaam as moontlik te maak, sal in toenemende mate daartoe bydra dat internasionale migrasie

in belangrikheid sal toeneem. Waar dit tot dusver as sosiologiese en staatkundige realiteit beide polities en wetenskaplik bra stief, en as 'n bykans "noodsaaklike euwel" aandag geniet het, sal die wêreld sy houding hieroor ingrypend moet verander. Die wêreld worstel reeds met die tergende en omvangryke gevolge van internasionale migrasie wat letterlik geen land in die wêreld gespaar word nie. Dit is hoog tyd dat 'n nuwe dinamiese teoretiese en sosio-politieke benadering daargestel word. Die VN, internasionale agentskappe, nasionale state, akademiese inrigtings, navorsingsinstitute en wetenskaplike studies sal almal hulle rol moet speel en verantwoordelikheid moet aanvaar (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbeveling).

In Hoofstuk 3 sal vervolgens – ten einde nader aan die fokus van hierdie verhandeling te kom – gelet word op **internasionale migrasie in Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks**.

HOOFSTUK 3

AFRIKA, SUID-AFRIKA EN INTERNASIONALE MIGRASIE

3.1 Inleiding

Migrasie vorm van die vroegste tye af 'n kerndeel van die bestaan van ons land asook van ons kontinent. Daarom is Suid-Afrika en Afrika in baie opsigte 'n laboratorium vir die studie van migrasie. Die bekende sosiologiese navorser van die Universiteit van Kaapstad, Francis Wilson, het hieroor die volgende standpunt: "The movement of people to, from, or within the sub-continent whether as colonialists, slaves, refugees, indentured labourers, immigrants, or oscillating migrants is one of the most arresting features of our history" (Wilson, 1976:1).

In hierdie hoofstuk word vervolgens aandag gegee aan die kernmomente van migrasie in Suid-Afrika, migrasie binne die Afrika-konteks, die rasionaal vir Afrika-immigrante om na Suid-Afrika te kom en xenofobie in Suid-Afrika.

3.2 Kernmomente van migrasie in Suid-Afrika

Ter aanvang kan begin word by die suidwaartse migrasie van swart bevolkingsgroepe uit Sentraal-Afrika wat gaandeweg Suider Afrika en later Suid-Afrika binnegedring en die bestaande Khoi en San bevolkings suidwaarts na die voormalige Kaap-provinsie afgedruk het. Oorloë en stryd oor grond en veestapels was kenmerkend van hierdie migrasie en het vry algemeen voorgekom. Die vestiging van Hollandse migrante vanaf 1652 was die gevolg van Europese pogings om ekonomiese belange wêreldwyd te vestig. Hulle is

sporadies deur talle Duitsers gevolg. Later het die Franse Hugenote hulle aan die Kaap as migrante gevestig ten einde godsdienstvervolging in hulle vaderland vry te spring. Nog later het die Britse Settelaars hulle in die Oos-Kaap kom vestig met die hoofdoel om politieke en sosiale orde in Suid Afrika te help bestendig.

Die epogmakende Groot Trek vanaf 1834 is ook 'n klassieke migrasiegebeurtenis in Suid-Afrika wat ongelukkig nog nooit na behore vanuit daardie perspektief beoordeel is nie. Uit sosiologiese perspektief bied dit die gulde geleentheid om byvoorbeeld stoot- en trekfaktore (vgl. punt 2.3.2.1 en punt 2.3.5) tydens die Groot Trek te bestudeer asook die vraag in watter mate assimilasië en die teorie van etniese enklaves by die Trekkermigrante teenwoordig was (vgl. Teorieë oor migrasie, punt 2.4). Die sosiologiese vraag moet ook nog beantwoord word oor hoe hulle as migrante hulle godsdienstige en kulturele identiteit in 'n landstreek wat - soos die Bybel sê - woest en leeg was, kon handhaaf.

Daar is ook die voorbeelde van Maleise en ander Oosterse migrante wat as slawe in veral die Kaap gevestig is en wat ook tot vandag toe in 'n groot mate hulle kulturele identiteit bly handhaaf het. In die voormalige Natal is Indiërs as migrante-arbeiders vir die suikerrietplantasies ingevoer en tot vandag handhaaf hulle waarskynlik steeds die mees eksklusiewe voorkoms van kulturele eiesoortigheid en vrywillige teenstand teen assimilasië van alle Suid-Afrikaanse migrantegroepe. Dit is ook gepas om op te merk dat uit hierdie geledere 'n wêreldfiguur van die twintigste eeu, Mahatma Gandhi, voortgekom het.

Shaka se verwoestingsoorloë het tot die migrasie van derduisende en die ontwikkeling van die trotse Matebelenasie in die huidige

Zimbabwe gelei. Ander het hulle weer as die huidige Basoetoenasie in Lesotho onder Mosjesj gevestig. Na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) aan die begin van die twintigste eeu, het talle Afrikaners Suid-Afrika verlaat en hulle onder andere in Kenia en Argentinië gaan vestig. Hulle het eerder migreer as om nogmaals onder die juk van Britse kolonialisme te staan. In die merkwaardige en ongelukkig onbekende boek: *Reisavonture onder die Boere in Argentinië*, wat deur L.A. en P.C. Schoonees (1934) verwerk is, word die volgende kostelike opmerking oor die tipiese gemoedstoestand van 'n Boeremigrant van dié tyd soos volg verwoord: "Die elfde Julie 1906 was vir my 'n dag van droefheid en vreugde: die droefheid vervul die hart as jy vir 'n lang tyd jou land gaan verlaat; blydschap ondervind jy, as jy iets goeds aan 'n deel van jou volk mag doen" (Schoonees & Schoonees, 1934:13).

In die laat twintiger en vroeë dertigerjare van die twintigste eeu migreer talle Suid Afrikaners as gevolg van die verwoestende droogtes van die tyd. Talle vestig hulle in die voormalige Suidwes-Afrika (Van der Walt, Wiid & Geyer, 1965:514-515). Die skrywer van hierdie verhandeling is die derde geslag afstammeling van een van daardie Suid Afrikaanse migrante.

Onder dié rubriek val die klem ook kortliks op "apartheid" en migrasie in Suid-Afrika. Oor die politieke beleidsrigting wat in die wêreld onder die skelnaam "apartheid" bekend geword het, is derduisende volumes en biblioteke vol geskryf. Dit is 'n wetenskaplik bewysbare feit dat die beleid van apartheid se ondemokratiese grondslag in 'n eenheidstaat en die basiese gebrek aan sosiale, ekonomiese en menseregte aan alle Suid-Afrikaners, talle inwoners van die land na die buiteland laat migreer het.

Tekenend van die tipiese rassisme wat by sommige Suid-Afrikaners voorgekom het, is die volgende standpunt van Van Rensburg wat drie dekades gelede gesê het: "...the Negro (African) differs fundamentally from the Caucasian (Whites) and Mongolian branches of the human race. What is meant here are not the superficial, easily recognisable physical differences of skin colour, shape of nose, lips, body-build, structure of hair, etc., but also differences in intellectual and mental capabilities" (Van Rensburg, 1972:116).

Sedert veral die geweld en opstande van die sestigjarige het letterlik duisende Suid Afrikaners die land uit protes verlaat om hulle as migrante in die buiteland te vestig. Bohning (1977:2) het reeds in 1977 hieroor opgemerk: "...because migration involves human beings directly in the evils of apartheid." Sommige van die migrante het die land uit vrees oor 'n veilige toekoms vir hulle en hulle kinders verlaat. 'n Rasseoorlog met bloedige gevolge is gevrees en was inderdaad 'n sterk moontlikheid. Ander het weer migreer uit oortuigde ideologiese verset teen die politieke stelsel en baie van die meer liberales met 'n sterk menseregtesiening wou hulle nie met die land assosieer nie. Onder hulle was toe reeds professionele persone en akademici. Dan was daar ook die "strugglemigrante" wat die land verlaat het om die "vryheidstryd" van buite die landsgrense voort te sit (vgl. punt 3.3.4). Na die gebeure by Sharpeville, die Rivonia-saak, die verbanning van die ANC en PAC en veral die landswye versetaksies van Junie 1976 en daarna, het duisende der duisende hoofsaaklik swart Suid-Afrikaners landuit – ook na verskillende Afrika-lande – gevlug om van daar die ondergang van die ou orde in Suid-Afrika te beplan en uit te voer (Mandela, 1994:131-617; Sisulu, 2002:179-424).

Eweseer is die moderne breinkwyn uit Suid-Afrika van hoofsaaklik hooggeskoolde professionele migrante een van die belangrikste

migrasiemomente in Suid-Afrika se geskiedenis (vgl. Hoofstuk 1 – Agtergrond en aktualiteit; punte 2.3.1.6 en 2.3.2.5, waar reeds van dié tipe migrasie en migrant melding gemaak is). Die migrasie van hooggeskoolde professionele migrante is natuurlik 'n goeie voorbeeld van die teorie van transnasionisme soos wat dit tans in die studie van internasionale migrasie manifesteer (vgl. Hoofstuk 2 – punt 2.4.4). Volgens die artikel **“Brain Drain now a Gush”** is die getal van hierdie tipe migrante wat Suid-Afrika verlaat tot vier maal so hoog as wat die amptelike statistieke aantoon (SAMP, 2004).

Die teorie van transnasionisme is reeds in Hoofstuk 2 behandel, maar Nagel se omvattende beskrywing hiervan is veelseggend en word derhalwe in detail aangehaal: “...the transnationalism approach contends, contemporary immigrants must adapt to a global system marked by flux and instability in which economic and cultural flows escape the control of nation states...new modes of political membership erode, traditional exclusive forms of citizenship. In this fluid globalised context, immigrants do not develop firm ties to their host societies, ...they retain social, financial, and political links to their homelands...these factors have led to the formation of communities whose members claim political membership in more than one state, contribute to the economies of one state, and thanks to improved transport technologies, maintain a physical presence in more than one state” (Nagel, 2002:973). Die verskynsel is natuurlik nie tot Suid-Afrika beperk nie en groot getalle professionele kundiges van ander Afrika-lande sien tans ook nie hulle weg oop om in hulle lande van oorsprong te woon en te werk nie (vgl. punt 3.3.8).

Die feit dat talle, hoofsaaklik Afrikaners, in die onlangse jare na *Orania* (in die Noord-Kaap) verhuis het, is nog 'n vorm van

versetmigrasie in Suid-Afrika en 'n toonbeeld van uiterste onwilligheid om sosiaal geassimileer te word in die nuwe politieke orde. Teoreties bied dit 'n besondere navorsingsgeleentheid as etniese enklawe (vgl. Hoofstuk 2 – punt 2.4), maar aan die ander kant ook 'n tasbare bewys van mense wat ten alle koste sal migreer ten einde hulle kulturele en godsdienstige identiteit te handhaaf (Jooste, 1991:81-142).

3.3 Migrasie binne Afrika-konteks

Die geskiedenis van Afrika word gedomineer deur migrasie en gebeure rondom migrasie van die mense van Afrika. Omdat die fokuspunt van hierdie studie die migrasie vanuit 'n bepaalde Afrikaland (Mosambiek) na Suid-Afrika is, is dit belangrik om sekere fasette of patrone van migrasie binne die Afrika-konteks vervolgens kortliks uit te lig (vir 'n volledige historiese perspektief oor hierdie saak, vgl. Hance, 1970:128-204).

3.3.1 Vroegste historiese tendense

Vanselfsprekend is dit nie die oogmerk van hierdie verhandeling om in detail aan antieke historiese gebeure in Afrika aandag te gee nie. Tog is dit belangrik om voor oë te hou dat die gewelddadige verspreiding van die Islam in Noord-Afrika die rol van talle Afrika-migrante – soms as patetiese uitgebuite mense tot die vermaak van die Romeinse heersers in die Colosseum en die Egiptiese beskawing langs die Nylrivier – krities beïnvloed het.

Daar is ongelukkig te min bekend oor die antieke geskiedenis van Afrika en daarom word sommige sosioloë toegelaat om weg te kom met die aanname dat migrasie in Afrika eintlik uitsluitlik aan die era van kolonialisme gewyl moet word. Manchuelle (1997:1-227)

verwys in sy uiters interessante werk na die *Soninke* wat in die 10de, 11de en 12de eeue een van die groot "historiese ryke" in Wes-Afrika gevestig het en wat self slawerny in daardie tyd as migrasieverskynsel toegepas het. Manchuelle (1997:12) beweer: "They came back from these periodic migrations with slaves whom they mostly used to further develop their own agriculture."

In Suider-Afrika was daar ook byvoorbeeld die Koninkryk van *Mapungubwe* wat in antieke tye tot grootskaalse ekonomiese bedrywigheide en voortvloeiende migrasie aanleiding gegee het (Van Aswegen, 1991:45-47).

3.3.2 Slawehandel

Een van die belangrikste historiese migrasie-gebeurtenisse op ons kontinent was sekerlik die handel in miljoene slawe uit Afrika wat veral in Amerika en Brasilië gevestig is. Die slawehandel uit Afrika het 'n diep sosiale en sielkundige impak op die mense van Afrika gelaat en dit verteenwoordig 'n hoofstuk in die geskiedenis van internasionale migrasie waaroor veral die Angel-Saksiese wêreld hulle koppe in skaamte behoort te laat sak. Butler beweer tereg "...some Africanists have argued that the diaspora is part of the extended history of Africa." Hy beskryf op 'n aangrypende manier hoe slawe uit Afrika van die "...slave depot in Ghana..." deur die nou gangetjie op die hawe, wat hy as 'n "...physical metaphor..." beskryf, vir ewig die "...gangplanks of the slaveships..." oorgesteek het deur die "...door of no return...", om nooit weer na hulle oorsprongstaat terug te keer nie (Butler, 2001:194, 204).

Hierdie gedwonge slawehandel uit Afrika verteenwoordig sekerlik die donkerste tydperk in die migrasiegeskiedenis van die kontinent. Vanaf die 14de eeu, maar veral in die 15de, 16de, 17de en 18de

eeue is miljoene Afrikane op wreedaardige en barbaarse wyse vanaf die grondgebied van Afrika na veral Amerika, Brasilië en in 'n mindere mate Europa "uitgevoer". Volgens Curtin (1997:75) is in die sewentiende eeu 1.9 miljoen slawe uit Afrika weggevoer terwyl die syfer vir die agtiende eeu en tot die jaar 1809 in die negentiende eeu soveel as 8.7 miljoen was. Tussen 1810 en 1870 – toe die slawehandel stopgesit is – is 'n verdere 2.6 miljoen mense uit Afrika as slawe na veral Brasilië en Kuba weggevoer. Hance (1970:129) beweer dat daar oor die algemeen geraam word dat in hierdie donker tydperk tussen 8 en 20 miljoen slawe uit Afrika weggevoer is. Hy beweer dat die meeste navorsing aanvaar dat 14 miljoen slawe 'n goeie gemiddelde skatting kan wees en dat niemand ooit in staat kan wees om die presiese getalle te bepaal nie.

Moslems van Afrika was as slawehandelaars ook aandadig aan hierdie wrede en brutale toepassing van migrasie en dit het tot vandag toe 'n baie negatiewe invloed op verhoudinge in die algemeen tussen die sogenaamde Arabiese state van Noord-Afrika en die hoofsaaklik swart state van Sentraal- en Suider-Afrika. Oor die algemeen moet aanvaar word dat die industriële omwenteling en ekonomiese ontwikkeling van die sogenaamde nuwe wêreld egter die hoofoorsake van slawerny was.

Die sosio-sielkundige gevolge van slawerny is vandag nog deurslaggewend in die politieke standpunte wat wydverspreid in Afrika voorkom. Hierdeur is 'n gevoel van minderwaardigheid onder baie Afrikane gekweek wat nou nog daartoe aanleiding gee dat hulle op talle maniere regstellende optrede eis vir die onregte wat tydens die slawe-migrasie van die verlede in Afrika gepleeg is.

In die afgelope dekades het veral in Amerika, 'n sterk nuwe tendens van 'n Afrika-diaspora ontwikkel. Talle Afrika-migrante wat hulle deesdae self Afro-Amerikaners noem het 'n nuwe morele standpunt, naamlik dat hulle verplig is om na Afrika terug te keer en te help met die heropbou van die kontinent van hulle oorsprong. Vir die meeste van hulle bly dit egter 'n vrome voorneme en van 'n grootskaalse hermigrasie vanuit die VSA na Afrika het weinig nog tereg gekom. Voorstanders van hierdie diaspora praat mekaar graag warm oor hulle morele verpligtinge by talle internasionale konferensies, maar die realiteit is dat min van hulle bereid is om die welvaart en lewensomstandighede van hulle nuwe tuistes vir die soms sukkelende Afrika-kontinent te verruil.

Dit is wel simbolies belangrik as Muhammed Ali en George Foreman om die wêreldswaargewigtitel in die Kongo boks (Ali se beroemde "*rumble in the jungle*"), maar so 'n gebeurtenis lei nie daartoe dat Afrikane terug migreer en die kontinent van hulle oorsprong help ontwikkel nie. In dié verband is die opmerking van die bekende aktrise, Whoopi Goldberg, op 20 April 1998 tydens 'n onderhoud met die "*Daily Telegraph*", veelseggend. Sy sê: "Listen, I've visited Africa, and I've got news for everyone: I am not an African. The Africans know I am not an African. I'm an American...this is my country. My people helped to build it and we've been here for centuries" (New African, 2001c:34).

Terselfdertyd mag natuurlik nie uit die oog verloor word – soos reeds onder punt 3.2 aangetoon – dat talle Maleiers uit die Ooste as slawe aan die Kaap gevestig is nie. Die Maleiers het as instelling deel van die ekonomiese en maatskaplike orde van die kolonie uitgemaak. Moderne kritiek ten spyte, beweer Muller (1968:116-118) tereg dat slawe aan die Kaap oor die algemeen goed behandel is en dat Lord Charles Somerset selfs verklaar het dat die slawe aan

die Kaap oor die algemeen as 'n gelukkige komponent van die samelewing beskou was. Ook talle Indiërs is ingevoer om op die suikerrietplantasies van Natal te werk (vgl. punt 3.2). Tussen 1860 en 1911 is om presies te wees 152 184 Indiërs as "indentured labourers" in Natal gevestig (vgl. Henning, 1993:1-194; Freund, 1995:3-11).

3.3.3 Kolonialisme

Kolonialisme was 'n kritieke internasionale gebeurtenis wat veral in Afrika 'n onuitwisbare sosiale invloed op migrasie uitgeoefen het. Tot vandag word kolonialisme deur talle toonaangewendes in Afrika as die hooforsaak van hulle ekonomiese verval en die gevolglike migrasie van miljoene van hulle burgers, aangedui.

Veral Europese kolonialisasie het die ontwikkeling van migrasie-realiteite op die kontinent betekenisvol beïnvloed. Nie alleen is die grense tussen state – en daar moet onthou word moderne state as politieke instelling was 'n vreemde konsep vir Afrikane – deur Europese moondhede vasgelê nie; maar godsdienstige, morele en geografiese realiteite is doelbewus skromelik in die vasstelling van die grense oor die hoof gesien. Die kerndilemma van kolonialisme vir migrasie in Afrika was dat die Europese moondhede in 'n groot mate op Afrika se mense en sy hulpbronne geparasiteer het en bloedweinig gedoen het om die state van Afrika en hulle mense te ontwikkel. Sodoende is 'n kontinent van onderhorige state daargestel wat gaandeweg ekonomies al meer en meer agter geraak het en dit het weer op sy beurt tot grootskaalse ekonomiese afhanklikheid en die soeke na werkgeleenthede buite Afrika aanleiding gegee. In die konteks is veral die twintigste eeuse migrasie uit Afrika 'n realiteit waarvoor kolonialisme minstens gedeeltelik verantwoordelik is soos Mamdani (1996:3-301) in sy

werk *Citizen and Subject, Contemporary Africa and the Legacy of Late Colonialism* aantoon (United Nations, 1979:35-40).

3.3.3.1 Portugal, Mosambiek en Suid-Afrika

Vanaf 1850 het Mosambiekse migrante in groot getalle op die suikerrietplantasies in Natal begin werk. In 1895 het die keiser van die Gaza-Provinsie, Mdungazi Nghunghunyane, die onderspit gedelf in die stryd teen die Portugese en na sy deportasie het die Transvaalse Mynbase en die Mosambiekers direk oor Mosambiekse arbeidsmigrante in Suid-Afrika begin onderhandel (Manghezi, 1998:16). Reeds tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), het die Britse Regering bepaalde kontrakvoorwaardes met Mosambiekse arbeidsmigrante onderhandel. Die Konvensie van 1909 en veral die Mosambiekse Konvensie van 1928 het belangrike riglyne neergelê waarvolgens Mosambiekse migrante in Suid-Afrika behandel sou word. Aanvanklik is die minimum kwota van migrante op 65 000 per jaar vasgestel maar dit het spoedig aansienlik toegeneem. Van die bepalinge in die Ooreenkoms van 1928 is kardinaal. Artikel 10 bepaal byvoorbeeld die identifikasie van die werkgewer; identifikasie van die werker; die werker se permanente adres in Mosambiek; die plek van werwing; die plek van werk; die aard van die werk; die tydsduur van die kontrak; die minimum salaris van die werker; besonderhede oor kos, klere en behuising; besonderhede oor die werkers se vervoer na die plek van die werksbestemming en ander spesiale voorwaardes.

Ten spyte van die afskaffing van slawerny het die Portugese in Mosambiek 'n gehate stelsel as 'n soort "werksplig" op die Mosambiekers afgeforseer wat as *shibalo* bekend gestaan het. Oor hierdie stelsel beweer Manghezi: "This colonial instrument of oppression, which came to be known locally as shibalo, was,

undoubtedly, one of the most important "push factors" which forced men to flee to the mines in South Africa." Manghezi (1998:17) verwys ook na die interessante mening van die stigtersleier van FRELIMO, Eduardo Mondlane, wat oor die stelsel van *shibalo* soos volg opgemerk het: "In 1899 ... a decree was issued which gave official sanction to this smooth transition from slavery to forced labour. It stated that all natives of overseas provinces are subject to the obligation, moral and legal, of attempting to obtain, through work, the means that they lacked to subsist and to better their social condition. If the worker failed through his own efforts to do this, the government could intervene to force him under contract into either its own service or that of an individual employer". Hierdie beskrywing word deur O'Laughlin bevestig met die mening: "Resistance to *shibalo* through flight was not there for escape from proletarianisation, but a way of finding a better paid job or any job" (O'Laughlin, 2002:519).

Dit het duidelik uit die onderhawige studie geblyk dat die onstabiele politieke geskiedenis van Mosambiek (vgl. punt 4.2) sowel as die regering se outonome beleidsrigting gedien het en tans ook dien as 'n betekenisvolle stootfaktor vir migrasie uit Mosambiek.

3.3.4 Anti-apartheid migrasie

Onder punt 3.2 is reeds vlugtig aan die kwessie van anti-apartheid migrasie – as deel van die migrasiegeskiedenis van Suid-Afrika – aandag gegee. Hier gaan dit spesifiek oor die meestal swart Suid-Afrikaners wat as gevolg van die "struggle" teen die beleid van apartheid na die "buiteland" (verskeie Afrika-lande) migreer het. Dit kan stellig met 'n groot mate van korrektheid gekonstateer word dat hierdie "politieke" migrante op die lang duur die mees deurslaggewende rol gespeel het om as eksterne drukfaktor die

demokratiese bedeling in Suid-Afrika te vestig tydens die onlangse staatkundige skikkingsonderhandelinge soos Mandela (1994:435-611) in sy outobiografie "*Long Walk to Freedom*" aantoon. In die verband is die sosiologiese ontleding van wat mens sou kon noem "struggle-migrante", 'n veld wat nog braak lê en heelwat meer navorsing oor gedoen moet word. Afgesien daarvan dat 'n menseregte-kultuur inherent aan ANC-beleid sedert die vroegste tye van die vestiging van die beweging in 1912 was, het die blootstelling van sommige van hierdie Suid-Afrikaanse migrante oorsee aan die konstitusionele en menseregte-kultuur van hulle tydelike verblyfstate tog 'n rol gespeel om hulle te oortuig om die nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika, ten minste teoreties, op 'n baie verligte grondwet te laat berus.

3.3.5 Migrasie as gevolg van burgeroorloë en konflik

Sedert Afrika veral in die dekade 60 van die 20ste eeu polities onafhanklik van die koloniale moondhede geword het, het talle moderne realiteite van migrasie op die Afrika-kontinent begin voorkom. Politieke onafhanklikheid het allermens stabiliteit, ekonomiese vooruitgang en die verbetering van lewensstandaarde van die mense van Afrika tot gevolg gehad. Inteendeel, Afrika se nuutgevonde politieke vryheid het in die afgelope halwe eeu tot 'n oorweldigende vloed van korrupte politieke leierskap en soms onbevoegde landsregering en administrasie aanleiding gegee. In sy uitstaande boek "*Africa Betrayed*", gee die akademikus van Ghana, Ayittey (1992:1-35, 97-113, 233-263), skerpsinnige perspektiewe op die mislukking van politieke leierskap in Afrika. Hy (Ayittey, 1992:7) sê: "Educated abroad and having assumed the trapping of foreign cultures and ideologies, a new wave of invaders struck Africa. They were actually returnees, sons of Africa who briefly left to pursue studies overseas or to go into exile. But they came back

with a vengeance to denigrate, to enslave, to destroy, and to colonise by imposing alien ideological systems upon the African people.” Dit het op sy beurt migrasie in en uit Afrika 'n realiteit gemaak het. In die nuustydskrif “*West Africa*” word beweer dat 16.2 miljoen van die huidige totaal van 175 miljoen migrante, in Afrika voorkom (West Africa, 2002e:25).

Moderne Afrika en eindelose burgeroorloë is sinoniem. In minstens die laaste halwe eeu kom bloedige burgeroorloë en konflikte tussen Afrika-lande met eentonige reëlmaat en verwoestende gevolge vir die kontinent en sy mense voor. Toure (1999:22) sê hieroor: “... Africa has been torn apart by extremely intense and internal conflicts which have resulted in thousands of deaths and the exodus and abandonment of millions of civilians.” (vgl. Toure, 1999:3-315). Dit het vanselfsprekend tot die migrasie van miljoene binne en buite die kontinent aanleiding gegee. Richmond (1994:214) beweer dat “T[t]he growing number of refugees and others displaced by war and ecological disasters is a disturbing feature of the African scene...”.

Statistieke in dié verband oor wat in Afrika gebeur het is skokkend. Daar is letterlik nie een staat in Afrika wat in die afgelope 50 jaar nie aan een of ander vorm van oorlog of konflik en gevolglike gedwonge migrasie onderworpe was nie (vgl. punt 2.3.4).

Die gevolge van hierdie vorm van migrasie was egter katastrofies vir Afrika. In die meeste gevalle moes internasionale organisasies soos die Internasionale Rooikruis en die UNHCR 'n kritieke rol speel om vlugtelingmigrante in tydelike migrasiekampe te vestig wat letterlik soos paddastoele regoor Afrika ontstaan het. Jacobsen (2002:585, 594) huldig die mening dat die lewensomstandighede in hierdie kampe dikwels veel beter was as die van die lande waarin

hulle geleë is. Hy sê: "... the food, security and education and health services in refugee camps are far better than those available to the local population." Hy maak verder die interessante opmerking dat hulp aan hierdie tipe vlugtelingkampe: "...the kudos" van "human rights organisations..." is. In terme van die belang van die moderne menseregtedogma gaan Jacobsen (2002:593) nog verder as hy beweer: "...when it comes to refugee assistance, host states have donors over a barrel".

Op hierdie manier salf die internasionale gemeenskap hulle morele gewetes. Dit is egter klaarblyklik nie die antwoord vir die migrasiedilemma van Afrika nie. Om aalmoese van voedsel en medisyne uit te deel is 'n menslike verpligting; maar die groter internasionale verantwoordelikheid is dat die wêreldgemeenskap moet toesien dat die politieke leiers van Afrika hulle politieke gesag en administrasie so hanteer dat die mense van Afrika nie van hulle wegvlug om elders 'n menswaardige bestaan te soek nie.

In sosiale verband is een van die tragiese gevolge van hierdie oorloë in Afrika die effek wat dit het op die vroue en kinders van ons kontinent.

3.3.6 Vroue en kindermigrante in Afrika

Die vroue en kinders van Afrika is sonder twyfel die grootste migrasie-slagoffers op die kontinent. Die waarheid is dat oorloë in Afrika tot grootskaalse kindermigrasie aanleiding gegee het wat Bruce (2001:41) soos volg beskryf: "...in the chaos of conflict and the breakdown of societal values, outsiders and family members alike are prone to exploit separated children."

Van die kind as onwillige dwelmsoldaat en dikwels ook dwelm-migrant tot die vrou as uitgebuite prostituut is die sosiale gevolge onberekenbaar. Dit behoeft geen wetenskaplike studie om aan te toon dat die sosiale gevolge van die versteuring van die familie en die gesinslewe uiteindelik 'n enorme impak op die sosiologiese en maatskaplike realiteite van ons kontinent sal hê nie. In die verband wys Cronjé, Strydom en Haasbroek (2003:128-129) in 'n onlangse studie op die verbrokkelende en destabiliserende effek wat Mosambiekse immigrasie op die gesinslewe het.

In 1994 het die Sekretaris-Generaal van die VN, Kofi Annan, vir Gracia Machel van Mosambiek aangestel om die effek van die burgeroorloë in Afrika op veral die kinders van die kontinent te ondersoek. In haar verslag sê sy onder andere: "...thousands of unaccompanied and orphaned children exist as street children or become victims of prostitution..."; sy sê verder in haar verslag: "Let us train children as "zones of peace". In this way humankind will finally declare that childhood is inviolate and that all children must be spared the pernicious affects of armed conflicts" (West Africa, 2002d:8-9).

Dit word beweer dat tot 40% van die prostitute in Italië vanaf Nigerië kom. Die internasionale "handel" in vroue en kinders het 'n multi-biljoen dollar industrie geword, soos die tydskrif *West Africa* van Julie/Augustus (2002c:8-9) opmerk: "Within the last 10 years the phenomenon of human trafficking has reared its ugly head globally and become a major international...".

Die wreedhede van verkragting wat in baie van die literatuur oor migrasievroue verskaf word, is soms te skrikwekkend om in die studie in detail te behandel. Die sosiale gevolg is egter 'n geslag van vroue wat in talle gemeenskappe van Afrika gevestig word wat

aan die mees brutale wreedhede blootgestel is. In 'n roerende standpunt van 'n Mosambiekse vrou wat as vlugteling en migrant na die sosiale verwoesting van haar land verwys, word die dilemma soos volg beskryf: "I remember a house filled with the happy shouts of children, ...always a fire with food cooking, ...my mother, she will never be the same after all the attacks...seeing her husband slaughtered...The horror of violence is etched on her face and her soul...No more laughter, no more stories, no more children...We cannot even perform the ceremonies that make us human... – we are living skeletons of the war" (Nordstrom, 1995:135).

Afrika en veral sy soldate se optrede teenoor vroue en kinders is meermale 'n orgie van wreedheid wat moeilik in woorde beskryfbaar is. Aangrypend en selfs verbysterend is die verwysing van Carolyn Nordstrom (1995:129-148) – wat self talle kere tydens die burgeroorlog in Mosambiek die land besoek het – in haar werk *War on the Front Lines* na hierdie wandade. Sy verwys na die verhaal wat 'n "regeringsvlugteling" haar oor die wreedhede van RENAMO tydens die oorlog persoonlik vertel het. Hy het gesê: "They took my son, and they cut him up, they killed him, and they put pieces of him in a large pot and cooked him. Then they forced me to eat some of this. I did it, I did not know what else to do" (Nordstrom, 1995:133). Dit is hoog tyd dat diegene wat hulleself moreel hoog voordoën by konferensies en die tragiese realiteite van Afrika eksklusief aan kolonialisme wy, 'n slag die hand in eie boesem steek en die wreedaardigheid wat Afrika teenoor migrante openbaar in die regte perspektief verreken.

Die heropbou van Afrika se sosiale infrastruktuur is op die herstel van gesonde familie- en gesinswaardes aangewese. Terwyl die vroue en kinders van Afrika letterlik en figuurlik verkrag word, sal van hierdie waardes min tereg kom. Dit is ironies dat leiers in

Afrika tans maklik hoop opgee met betrekking tot hierdie waardes wat eens 'n stewige fondament van tradisionele Afrika was.

Die verskynsel dat swart mans in Suid-Afrika toenemend jaloers raak oor die seksuele verhoudinge wat swart migrante uit Afrika met Suid-Afrikaanse vroue het, verdien ook hier vlugtige vermelding (vgl. ook die teoretiese oorsig oor xenofobie in Suid-Afrika, punt 3.5; die bevindinge, punt 4.3.3). Hieroor word in die *New African* van Julie/Augustus (2001b:14) soos volg berig: "They are taking our women. The familiar cry resonates across the land as black South African men rise up in arms against their brothers from up North. Sometimes literally. Coupled with the idea of foreigners stealing jobs, relationships between foreign men and South African women have led to unprecedented xenophobia in the country".

In Afrika is daar geen tekens dat geweld teen vroue en kinders wat in die migrasiesiklus verkeer gaan afneem nie. Die uitdaging is aan die regerings van Afrika en die internasionale gemeenskap om hierdie tragiese verskynsel deur baie strenger beheer en daadkragtige optrede te minimaliseer.

3.3.7 Migrasie en kriminaliteit

Aan die skudukant van internasionale migrasie is daardie migrante wat hulle doelbewus op velerlei vorme van kriminaliteit in die bestemmingstaat toespits. Dit is helaas nie 'n nuwe verskynsel nie. Die bekende Mafia van Sicilië in Italië was vir jare - en is steeds vandag - ten nouste gemoeid met die opbou en instandhouding van kriminele netwerke in Amerika. Na die beëindiging van die Koue Oorlog het talle lede van voormalige kommunistiese intelligensiedienste, veral van die KGB, wêreldwyd

begin om kriminele netwerke op te bou en hulle veral met dwelmsmokkelary in talle state van die wêreld besig gehou (Varese, 2001:123-191). Wolosky (2000:31) rig oor hierdie aktiwiteite 'n kwalik bedekte dreigement as hy sê: "In the battle against the oligarchs, Moscow and the West must rely on every weapon available. If they do not, the oligarchs will."

In Afrika is dit veral Wes-Afrikaanse migrante, met Nigeriërs aan die spits, wat grootskaalse kriminele aktiwiteite in veral Suid- en Suider Afrika koördineer en uitvoer. Shaw (2002:316) verwys na: "...global networks, answerable to nobody but themselves." Slegs die onwettige handel in kokaine het in Suid-Afrika tienvoudig toegeneem van 69 kg in 1994 tot 980kg in 1999; dit is natuurlik slegs gekonfiskeerde kokaine.

Dwelmbase van Wes-Afrika beheer talle geboue en hotelle in Johannesburg, Durban en Kaapstad en is betrokke by die vervalsing van tjeks, identiteitsdokumente, paspoorte, kredietkaarte en rybewyse en talle betaalde medewerkers in banke en staatsdepartemente word omgekoop om die kriminele aksies te loots. Vroue speel 'n belangrike rol en : "...are used either to traffic drugs or to do work in the sex industry" (Shaw, 2002:304). Uitgebreide netwerke is ook opgebou vir die smokkel van motors, selfone, sigarette, juwele en vuurwapens. Mosambiek is veral 'n belangrike deurgangstroete vir kriminele netwerke. Volgens die artikel *Foreign Syndicates Flourish in SA* is hierdie hoogs georganiseerde groepe; verder word in die artikel gestel: "They have missions statements, targets, turnover and leadership structures..." (SAMP, 2003).

Mosambiekse immigrante in Mpumalanga is volgens onderhoude met plaaslike boere wat tydens die ondersoek gevoer is, nie bekend

vir hulle betrokkenheid by kriminele aktiwiteite nie. Oor die algemeen wil hierdie immigrante hulle lewensomstandighede verbeter deur te werk en verder vermy hulle sover moontlik botsings met die gereg. Verwysings na enkele kriminele aktiwiteite het egter wel uit die fokusgroep-onderhoude na vore gekom. 'n Aanhaling soos die volgende is in 'n groot mate natuurlik ook tekenend van xenofobie (vgl. punt 3.5 en punt 4.3.3):

"Dit maak my baie kwaad as daar Mosambiekers oor die grens kom. Hulle wil baie keer net ons werk hê en ander kere verkoop hulle goed wat hulle gesteel het. Baie van hulle wil nie werk nie en steel ons vee en groente."

As in aanmerking geneem word dat dit wat van misdaadmigrante bekend is hoogstens die puntjie van die ysberg kan wees, is die werklikheid waarskynlik 'n donker en selfs verdoemende prentjie. Vanweë die voorkoms van misdaadbaronne as internasionale verskynsel en hulle transnasionale migrasiestatus sal geen land in staat wees om die probleem op sy eie op te los nie. Internasionale samewerking, verdragsluiting en konvensies, die uitruil van inligting en meedoënlose en ongenaakbare wetstoepassing teen hierdie migrante is 'n wêreldverantwoordelikheid. Gebrek aan optrede kan die dun ent van die wig word om positiewe fasette van internasionale migrasie te oorskadu (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings).

3.3.8 Die breinkwyn en diaspora in Afrika

Dit is 'n feit dat groot getalle professionele kundiges en sportsterre van Afrika hulle as migrante permanent in die buiteland gevestig het. In die *New African* van Februarie (2003a:60-61) word verwys

na die "historical brain drain from the African continent" en verder "...Africa had a critical skills gap which could be filled by professionals in the Diaspora". Die tragiese waarheid is dat baie van Afrika se talentvolle burgers, na hoogstaande opleiding in die buiteland, nooit na hulle state van oorsprong terugkeer nie. Hiervoor is velerlei redes. In baie gevalle bestaan daar nie beroepsgeleenthede waar die professioneles hulle kundigheid na behore kan gebruik nie. In ander gevalle sien hulle gewoon nie kans om aan die sukkelende en soms korrupte samelewing van hulle state van oorsprong blootgestel te word nie.

In die verbysterende tempo waarteen tegnologie en kennis in die era van globalisering ontwikkel en versprei, kan meeste Afrika gemeenskappe nie tred hou nie. "Globalization is associated with unprecedented opportunities but also daunting challenges", beweer Coomaraswamy in die *Round Table* van April 2002 en vervolg later: " A large swathe of humanity is confronted with the threat of marginalization" (Coomaraswamy, 2002:162-163).

Dit kan professionele kundiges sekerlik nie ten kwade gedui word as hulle hul brood elders wil verdien in plaas van om hulle kanse te verbeur op plekke en in lande waar hulle talente nie na behore benut word nie. Tog is dit die oorwoë oordeel van die navorser dat alle kundiges minstens 'n deel van hulle talente aan die opbou en ontwikkeling van hulle lande van oorsprong behoort te lewer. Alle mense het immers 'n morele verpligting teenoor hulle geboorteplekke en vaderlandse bodem in die moderne figuurlike sin van die woord. Die ideaal van 'n *renaissance* in Afrika sal slegs kan realiseer as ook die migrante van Afrika op die Afrika-bodem hulle bydrae lewer.

In 'n sportmal wêreld kan baie van die sokkersterre, uitstaande atlete en ander sportidole van Afrika - wat hulle tans as migrante in

die buiteland bevind - veel doen om as rolmodelle samelewings en veral die jeug van Afrika te inspireer. Nie alleen behoort sportgeleenthede in Afrika vir hulle meer aantreklik gemaak te word nie, maar daar behoort 'n sterk morele appél op hulle gedoen te word om ten minste 'n deel van hulle talente aan die ontwikkeling van 'n gesonde ontspanningskultuur op ons kontinent te wy.

Soos in die aanbevelings (Hoofstuk 5) aangetoon sal word, is dit van kardinale belang dat daar in Afrika 'n ensiklopedie van professionele Afrika-migrante opgestel behoort te word wie se kundigheid en dienste vir spesiale projekte op die kontinent aangewend kan word. In so 'n benadering is migrante nie 'n verlies van talente nie, maar word die geleentheid wat migrasie aan hulle gebied het juis met terugwerkende krag in die lande en kontinent van hulle oorsprong teruggeploeg. Dan word migrasie 'n menslike belegging waarvan die rendemente vir die lande van oorsprong van onskatbare betekenis sal wees.

3.3.9 Migrasie en natuurrampe in Afrika

Natuurrampe en veral droogtes is ook eie aan die migrasieproblematiek van Afrika. Hiervan is in Afrika talle voorbeelde deur die eeue. Met verwysing na die nomadiese stam in Noord-Soedan, die Hamaweër, wat in die middel tagtigerjare as gevolg van 'n verwoestende droogte in die Sahel moes migreer skryf Hang (2002:76) in die *Journal of Disaster Studies* soos volg: "Climate change and rainfall failure caused drought, hunger, livelihood breakdown, distress and forced migration. For many people, the choice was either to stay and starve to death or to go somewhere else in search of work opportunities." Hang (2002:82) gebruik ook die treffende idiomatiese uitdrukking van 'n Hamaweër, Salhab elder in Wadi El Braiga, wat in 2000 gesê het "[a] A poor

person is somebody who does not have anything to give to guests.” Dit is nogal wyse woorde wat universeel van toepassing gemaak kan word op die sosiale aanvaarbaarheid van migrante in wêreldwye verband.

Hierdie endemiese droogtes - en ook seldsame vloede - is 'n realiteit waaraan Afrikane deur die eeue gewoon moes raak. Ehrlich (1975:13) wat hierna as 'n eko-katastrofe verwys, maak die volgende opmerking: “It is the top of the ninth inning. Man, always at threat at the plate has been hitting Nature hard. It is important to remember, however, that “Nature bats last.” Afrika se mense is hoofsaaklik landbouers wat van veestapels en graangewasse vir hulle lewensbestaan afhanklik is. Klaarblyklik het natuurrampe soos die endemiese droogtes, lewenskwaliteit beïnvloed en soms selfs vernietig. Psychas en Malaska (1989:89, 101) beweer: “...the death tolls from African famines seem especially horrific...” en “...the pace of environmental destruction far exceeds anything seen prior to the turn of the century”. In sy werk *Drought and Economic Development in Sub-Saharan Africa* beweer Glantz (1998:51): “As climate variability...is a common feature of arid and semiarid parts of sub-Saharan Africa, so too is migration. Migration has been resorted to as a mechanism for centuries by regional inhabitants, herders and farmers alike...” (vgl. Glantz, 1998:52-60; Myers, 2000:322-340).

Talle natuurrampe in Afrika is natuurlik mensgemaak. Oorbeweiding, en soms oeroue en stereotipe landbougebruike verminder die drakrag van die grond en gee tot grootskaalse gronderosie en die vernietiging van die habitat aanleiding. Met verwysing na die verwoestende Ethiopiese droogte van 1984-1985 het Radio Addis Ababa op 9 Februarie 1985 gesê: “...Those who were affected by drought again and again and could not be

rehabilitated in their own area due to its uselessness...". Die regering van die Marxistiese Mengistu Haile Mariam het gesê die wêreld verkies om Ethiopië te vergeet: "...forgotten by a world glutted with a surplus of grain." Internasionale landbouspesialiste het egter volgens die *Washington Post* van 3 Januarie 1985 die volgende mening gehad: "...the drought-seared land has been ruined, probably for decades, by deforestation, erosion, overpopulation and destructive farm practices. There is no way, the specialists say, that the highlands can feed the seven million or so people who now live there" (Clay & Holcomb, 1986:42, 43, 44; 9-234). As President Arap Moi duisende tande ivoor verbrand as simboliese gebaar om die natuur van Afrika te beskerm is dit 'n volslae futiele oefening as hy nie die mense van Kenia kan oortuig dat hulle gewone dissipline in hulle landboupraktyke moet toepas nie.

3.3.10 VIGS en migrasie in Afrika

Siekte-epidemies is eie aan Afrika. Aan die Kaap die Goeie Hoop het die pokke epidemie die grootste gedeelte van wat as die "Hottentot-bevolking" bekend gestaan het, uitgewis. Malaria, tuberkulose, slaapsiekte, die fetale alkoholsindroom en ebola ("Groenaapkoors") kom wydverspreid in Afrika voor. In Suid-Afrika het die "groot griep" van 1918 derduisende mense se lewens geëis.

Daar is egter niks gesamentlik of afsonderlik uit die geskiedenis wat by benadering met die VIGS-pandemie wat tans in Suid- en Suider-Afrika woed, vergelyk kan word nie. Ons het reeds in Hoofstuk 2 (punt 2.3.1.8) daarna verwys dat die siekte en sy verspreiding 'n belangrike faktor in internasionale migrasie geword het. Die dilemma is dat dit, saam met die huidige probleem van die verspreiding van die SARS-epidemie, wêreldwyd bydra om 'n nuwe

internasionale psigologiese weerstand teen migrasie te ontwikkel. Sonder twyfel gaan dit die kernmomente van internasionale migrasie fundamenteel beïnvloed. Anarfi (2003:44) verwys na die gevaar van VIGS in Afrika met die opmerking: **"...the whole of sub-Saharan Africa, the killing field"** (Navorsers se beklemtoning)

Sommige statistieke met betrekking tot die VIGS-pandemie is skokkend; veral as die sogenaamde vredesrol van die weermagte van Afrika in berekening gebring word saam met die sedeloosheid waarmee oorloë gewoonlik gepaard gaan. Die besmettingsyfer van die weermag van Angola is 50%; van Oeganda 66%; van Malawi 75% en van Zimbabwe 80%. Dit moet aanvaar word dat hulle, waar hulle ook al aangewend word, 'n spoor van VIGS-verwoesting kan nalaat (Singer, 2002:148).

Die pandemie impakteer ook op die toenemende getalle vroue wat in en vanuit Afrika migreer en waarvan talle in bordele en agterstrate van stede en dorpe as prostitute eindig om 'n bestaan te maak, en dan ongelukkig die dodelike virus verder versprei. Cronjé *et al.* (2003:135) verwys in hulle studie oor migrasie en gesondheid in Mpumalanga na die bordeel-aktiwiteite wat in die aande by die grenspos by Komatipoort aan die gang is. Horwitz (2001:21) merk hieroor op: "Some of these women had to make the choice between prostitution and dire poverty, even starvation." In Afrika wil dit selfs voorkom of verkragting doelbewus ingespan word om die dodelike siekte te versprei: "It appears that rape is now being intentionally used to transfer AIDS to target populations" (Singer, 2002:153). Holt (2003:2) is die volgende mening in *The Journal of Disaster Studies* toegedaan: "War and population displacement may be a significant and underrecognised collective risk factor for HIV transmission."

In hierdie omstandighede het die bekamping van VIGS onontbeerlik geword vir lande en bevolkings wat doodgewoon in eie belang optree. Singer (2002:153) is uitgesproke hieroor as hy opmerk: "Fighting AIDS is not just a matter of altruism, but enlightened self interest." Dit is juis hierdie eie belang van state en bevolkings wat internasionale migrasie beïnvloed. In baie dele van Afrika is selfs basiese mediese dienste totaal afwesig, wat nog te sê 'n vermoë om met die miljoene VIGS-pasiënte en die voortvloeiende miljoene weeskinders van Afrika te werk. Dit word beraam dat teen die jaar 2010 meer as 2.7 miljoen kinders in Nigerië, 2.5 miljoen in Ethiopië en 1.8 miljoen kinders in Suid-Afrika as VIGS-weeskinders geklassifiseer sal kan word (Singer, 2002:151). Vanselfsprekend sal die gevolge daarvan op sosiale, ekonomiese, opvoedkundige en mediese terreine enorm wees. Die ontwikkeling van 'n substantiële kinderbevolking in Afrika wat ouerloos is, sal die kontinent voor bykans onoorkomelike uitdagings te staan bring (Venter, 2001:177-193).

Die voorkoms van VIGS-besmette migrante is 'n realiteit en die morele dilemma van hulle toelating as migrante wag soos 'n tydbom om te ontplof. Aan die een kant is alle mense op aarde geregtig op basiese mediese dienste soos wat die dogma van universele menseregte voorskryf. Aan die ander kant is dit klaarblyklik onsinnig om van lande met goed ontwikkelde mediese dienste en streng beheermaatreëls oor pandemiese siektes te verwag om hulle poorte vir migrante - wat in 'n letterlike sin draers van die dood is - oop te gooi. Hierby moet ook nog gevoeg word dat die VIGS-virus uiters oordraagbaar is, veral tydens die hantering en analise van ligamsvloeistowwe, en dat 'n mens kan verwag dat mediese dokters en verpleegsters toenemend sal weier om VIGS-besmette pasiënte te behandel.

Dit sal sekerlik ook nie vreemd wees as lande, stede en dorpe en ander politieke en sosiale instellings toenemend reëls neerlê om die migrasie van mense wat met VIGS besmet is aan bande te lê nie. Dit sal nie vergesog wees om te verwag dat draers van die virus nie aan enige vorm van interstaatlike migrasie sal kan deelneem nie. Dit gaan sekerlike oproer veroorsaak as mense wat vir 'n leeftyd getrou hulle mediese premies betaal het, moet ervaar dat daardie premies die hele tyd styg en die mediese voorsorg wat hulle getref het, uitgegee word op VIGS-migrante. Die nuut gestigte Afrika-Unie sal daadwerklik die VIGS-pandemie in Afrika moet pak en dit veral uit 'n hoek van interstaatlike migrasiekonvensies bestuur. Dit sal 'n onberekenbare bydrae wees om een van die mees tergende uitdagings van ons kontinent daadwerklik te beredder.

Nadat verskillende belangrike fasette van migrasie binne die Afrika-konteks gestel is, gaan vervolgens gefokus word op die redes waarom Afrika-migrante verkies om spesifiek na Suid-Afrika te kom.

3.4 Rasionaal vir Afrika-immigrante om na Suid-Afrika te kom

Dit is logies dat nie alle migrante dieselfde doel voor oë het wanneer hulle migreer nie (vgl. verskillende tipes migrasie, punt 2.3.1; verskillende tipes migrante, punt 2.3.2; verskillende moontlike redes wat uit die voorafbehandelde punt 3.3 mag spruit). Die rasionaal vir 'n groot hoeveelheid Afrika-migrante wat na Suid-Afrika kom – in 'n groot mate ook die Mosambiekse proefpersone in hierdie studie – het 'n sterk ekonomiese basis (vgl. in dié verband die bespreking van ekonomiese migrasie, punt 2.3.1.4). Vervolgens word aan twee belangrike fasette in die verband aandag gegee. Die twee sake moet uiteraard ook teen die agtergrond van die

behandelde kwessie van stoot- en trekfaktore gesien word (vgl. punt 2.3.5).

3.4.1 Migrante en die mynbou- en landbousektor in Suid-Afrika

Suid-Afrika se ekonomiese magsbasis was tot aan die einde van die 19de eeu hoofsaaklik op die landbousektor aangewese. Vanaf die einde van die 19de eeu is daar na die ontdekking van goud, diamante en veral die ontwikkeling van steenkoolmyne 'n deurslaggewende industriële magsbasis in Suid-Afrika gevestig. In die verband beweer Sheila van der Horst (1964:31-32): "One of the most outstanding characteristics of the South African social and industrial scene is the prevalence and persistence of the use of migrant labour". Om die mynindustrie te laat vlot was die nodige arbeid onontbeerlik en reeds vanaf die einde van die 19de eeu is duisende migrante as mynarbeiders vanuit Suid-Afrika se buurstate ingevoer. Teen 1910 was daar reeds meer as 100 000 arbeiders op die myne werksaam en volgens Curtis (in Gungwu, 1997:85) was meer as die helfte van hierdie arbeiders migrante-arbeiders uit die buiteland afkomstig. 'n Kwarteeu gelede was 60% van die mynwerkers op die goudmyne aan die Witwatersrand vanaf Mosambiek afkomstig (Wilson, 1976:3).

In dieselfde tyd is duisende migrante ook as werkers in die Suid-Afrikaanse landbousektor aangewend. Talle Mosambiekers het op plase in die voormalige Oos-Transvaal (Mpumalanga) gewerk terwyl daar ook duisende werkers van Lesotho op plase in die Vrystaat gewerk het (Matlosa, 1995:1-24).

Ook hedendaags is Mosambiekse immigrante wat werksaam is op plase in Mpumalanga 'n algemene verskynsel. Die Johannesburgse

kantoor van die Mosambiekse Arbeidsdepartement beweer dat daar in 2002 tot soveel as 29 020 Mosambiekse migrante in die landbousektor van Suid-Afrika werksaam was (Africa Pulse, 2003). Die proefpersone in die ondersoek is teweens almal op plase werksaam. Die mans is hoofsaaklik gemoeid met intensiewe hande-arbeid soos die kap van suikerriet en die pluk van piesangs, terwyl die vroue in groentetuine of as huishulpe werksaam is (vgl. punt 2.3.2.3).

Mosambiekse "landboumigrante" het deur die jare nie altyd van alle Suid-Afrikaanse werkgewers 'n billike behandeling ontvang nie. Die standpunt word deur die bekende politieke aktivis Ruth First onderskryf wat deur Crush aangehaal word met die volgende mening: "South Africa will not have farm workers with a love and knowledge of their work and a willingness to labour, till the farmworker is ensured a living wage, adequate food, housing, education, leisure and security – above all to enjoy the fullness of life" (Crush, 2000:1). Hierdie stelsel het natuurlik tot gevolg gehad dat die ekonomie van Mosambiek nie volledig ontwikkel het nie. Aan die ander kant is dit nie korrek om die gebrek aan werkseleenthede in Mosambiek uitsluitlik by die ekonomiese suigkrag van die Suid-Afrikaanse ekonomie as trekfaktor tuis te bring nie.

Daar sal mettertyd verder in hierdie hoofstuk daarna verwys dat grootskaalse korrupsie en selfverryking asook die blindelinge toepassing van 'n kommunistiese en sosialistiese stelsel op Mosambiek die ontwikkeling van 'n gesonde ekonomiese infrastruktuur feitlik onmoontlik gemaak het (vgl. Hanlon, 2002:4-5). Na die onafhanklikheid van Portugal in 1975 het die FRELIMO-regering byvoorbeeld die stelsel van tradisionele leiers in Mosambiek roekeloos afgetakel en daardeur die grondslag van

tradisionele landbou op die platteland en gepaardgaande voedselproduksie onherstelbare skade berokken. In dié verband merk Head soos volg op: "In the rural areas, they simply abandoned shops and farms, slaughtered cattle, destroyed drainage, irrigation equipment and pumps, and immobilised tractors and harvestors and the like. Industrial and agricultural production slumped... Living standards started to fall...crops wilted and died and people went hungry; many died of starvation" (Head, 1995:135).

Sedert 1994 is enorme bedrae in internasionale ontwikkelingshulp en grootskaalse projekte ter waarde van biljoene dollar in Mosambiek aangepak. Die FRELIMO-regering in Maputo het ook algaande al meer van sy futiele sosialistiese beleid afgewyk en die Mosambiekse ekonomie het geleidelik vorentoe begin beweeg. Enkele voorbeelde van hierdie ontwikkelingsprojekte sluit in die MOZAL aluminiumsmelter deur Billiton, Mitshubishi van Japan en die Mosambiekse regering wat ontwikkeling ter waarde van 1,3 biljoen Amerikaanse dollar van stapel gestuur het. Die grootse projek is die Maputo yster en staal projek ter waarde van 1,6 biljoen VSA dollar asook 1,4 biljoen VSA dollar vir die ontwikkeling van die Maputo-korridor waarin SA en veral Mpumalanga natuurlik ook, vir eie belang, ten nouste betrokke was. Oor die waarde hiervan merk Siteo in *Labour Markets and Migration in Mozambique* soos volg op: "Although billion-dollar projects may create job opportunities and generate revenues for the state accounts, only the reduction of poverty among the rural population and the creation of labour intensive growth polls in the countryside may, in fact, bring an environment conducive to meaningfull development" (Siteo, 2001:282-286, 294-295).

Hierdie "infiltrering" van internasionale immigrante in die mynbou- en landbousektore in Suid-Afrika was en is 'n komplekse aangeleentheid. Vir 'n goeie begrip hiervan – ook om verdere lig op die vestiging van Mosambiekse immigrante in Mpumalanga te werp – word 'n kort oorsig oor die kwessie vervolgens gegee.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog, was daar volgens amptelike statistiek reeds 556 000: "...foreign-born Africans in South Africa". Dit is baie interessant om daarop te wys dat reeds op daardie stadium - volgens die amptelike statistiek van 1946 - meer as 20% of 111 000 van die migrante vroue was. Verder het meer as 179 000 of 40% van die migrante op die goud en steenkoolmyne gewerk (Wilson, 1976:3-7).

Sedert die begin van die vyftiger jare van die 20ste eeu het die Suid-Afrikaanse regering 'n doelbewuste poging aangewend om swart buitelandse migrante-werkers in Suid-Afrika te verminder. Die syfer het dan ook geval met meer as 32% in die dekade tussen 1960 en 1970. Daar moet egter op gewys word dat alle statistieke in hierdie verband waarskynlik slegs matig betroubaar is. Volgens Wilson (1976:8-10) het die mynwerker-migrante nooit langer as twee jaar in Suid-Afrika gebly nie. Hy beweer verder dat uit 'n meningsopname wat onder 98 Mosambiekse migrante wat op die goudmyne gewerk het gemaak is, hulle te kenne gegee het dat hulle in hulle werks-leeftyd as migrante gemiddeld 8 termyne van twee jaar en by ses verskillende myne hulle migrante-arbeid verrig het.

Migrasie in veral die mynbousektor het natuurlik in Suid-Afrika ideologiese spanning tussen die kommunistiese beskouing oor arbeiders en die arbeidersproletariaat aan die een kant, en die groot kapitalistiese mynmaatskappye aan die ander kant tot gevolg gehad.

Die bekende Randse Stakings van 1913 en 1922 toe die Smuts-regering troepe en vliegtuie gebruik het om opstandige wit mynwerkers se verset teen swart mynwerkers en veral migrante se arbeid op die myne te beëindig, is historiese bewys van die gewelddadige spanning wat migrante toe reeds in die mynbougeskiedenis van Suid-Afrika veroorsaak het (Leistner & Breytenbach, 1975:1-96). Die interessante feit is dat die stakers hulle onder die "Rooi Vlag" van die kommunisme georganiseer het en Smuts – wat die krygswet afgekondig het – het die opstand finaal onderdruk op 15 Maart 1922 toe lede van die bestuurskomitee selfmoord gepleeg het. Tydens die sogenaamde "stakersrevolusie" is 230 mense gedood waarvan 50 konstabels van die Suid-Afrikaanse Polisie was (Van der Walt *et al.*, 1965:488, 506-509).

Dit kan nie ontken word dat die mynowerhede van die privaatsektor in terme van verblyf in hostelle, mediese dienste en sosiale behandeling die migrante-mynwerkers bra stief behandel het nie. Soos verwag kon word het die Suid-Afrikaanse kommuniste dit gesien as 'n doelbewuste uitbuiting van die migrante as arbeidersklas waarvoor die bekende kommunis Legassick (Legassick & De Clerq, 1984:164) opmerk "...the South African proletariat has been subjected to the ongoing daily experience of widespread, intimate and open connection between economic exploitation and political cohesion...". Hy gaan voort: "The future of the migrant labour system is therefore bound up with the future course of capital accumulation as a process of class struggle". In die belangwekkende werk *Migrant Labour* wat Francis Wilson in 1972 in opdrag van Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke uitgevoer het, kom hy ook tot die gevolgtrekking dat die sosiale lewensomstandighede van mynwerkers en migrante dringend aangespreek behoort te word. Hy vra: "But unless action is taken now does the evidence

not suggest that the consequences of the migrant system will ravage South Africa?" (Wilson, 1972:218).

Daar was ook uitbuiting van die individuele migrante as aanvaar word dat besondere ooreenkomste tussen die private mynmaatskappye in Suid-Afrika en die sogenaamde koloniale moondhede in Europa bestaan het om aan die koloniale oorsprongstate 'n deel van die salarispakette van die migrante-mynwerkers oor te betaal. Bohning (1977:29) beweer dat daar 'n gemandateerde 15% van mynwerker-migrante uit Mosambiek se salaris in goud, wat op 42 dollar per fyn ons gewaardeer is, aan die regering in Lisabon betaal is. Hy beweer dat geld wat die migrante toegekom het is "salted away in Lisbon"; dit het later groot winste vir die Portugese regering gebring toe die markprys van goud aansienlik gestyg het. Daardie winste is natuurlik nie vir die maatskaplike opheffing van die Portugese kolonies gebruik nie.

Migrantemynwerkers se salarisse was uiters karig. Leistner en Breytenbach (1975:6) beweer dat in die twintiger en dertiger jare wit mynwerkers van vyf tot tien keer soveel soos swart mynwerkers verdien het. In 1961 het swart mynwerkers slegs R141 per jaar verdien. Na die val van die Portugese koloniale ryk in 1974 het die verdienste van hierdie migrante skerp toegeneem tot R948 per jaar. In die sewentiger jare was daar ook verskeie gewelddadige konfrontasies tussen die mynowerhede en die migrante oor salariskwessies en die migrante se algemene lewensomstandighede. President Banda van Malawi het selfs 'n embargo op die werwing van Malawiese mynwerkers geplaas nadat 'n vliegtuig in April 1970 by Francistown in Botswana geval het waarin 72 Malawiese migrante dood is (Wilson, 1976:14-15). Wilson (1976:38) beweer ook dat in die tydperk van 1946 tot 1976 migrante meer as 7.1 miljoen manjare in Suid-Afrikaanse myne spandeer het. Dit moet

voor oë gehou word dat die jare waarna Wilson verwys waarskynlik slegs 'n kwart van die tydperk veronderstel wat migrante as mynwerkers in Suid-Afrika aangewend is.

Dit is 'n onweerlegbare feit dat nóg die Suid-Afrikaanse mynindustrie, nóg die Suid-Afrikaanse landbousektor sonder grootskaalse migrasie van arbeiders uit Suid-Afrika se buurstate doeltreffend sou kon funksioneer. Dit is natuurlik ook duidelik dat talle wit en swart Suid-Afrikaners bepaalde vorme van arbeid op myne en plase as minderwaardig en benede hulle "status" beskou het (vgl. in die verband ook die gegewens in Hoofstuk 4 waaruit dit blyk dat Suid-Afrikaanse plaaswerkers ook op sekere tipes werk neersien, punt 4.3.3 en 4.5). Wilson (1976:21) se opmerking hieroor is betekenisvol: "Dit is mos kaffer-werk/...summarised in a phrase the contemptuous attitude towards certain jobs as being beneath the dignity of white men. However "the dim K.W." syndrome is not confined to whites (nor indeed to Southern Africa)".

In 1997 het die Suider-Afrikaanse Migrasieprojek (SAMP) 'n meningspeiling onder 661 Mosambiekers uitgevoer. Van die getal was 61% mans en 39% vroue en 51% stedelik en die res van die platteland. Op die vraag wat die doel was waarom hulle Suid-Afrika besoek het, het migrante van Mosambiek, Lesotho en Zimbabwe soos volg tydens die meningsopname geantwoord (De Vletter in McDonald & Crush, 2000:57):

Tabel 1: Redes vir besoek aan Suid-Afrika tydens mees onlangse besoek (%)

Om vir werk te soek	22	8	14
Om te werk	45	17	15
Goedere te koop en verkoop	2	3	21
Opleiding/Onderwys	1	1	2
Inkopies	4	19	21
Besigheid	2	2	8
Om vriende en familie te besoek	12	34	13
Vakansie, toerisme	5	2	3
Mediese behandeling	4	6	2
Ander	2	8	3

In dieselfde meningsopname word ook interessante bevindings van die familie-lede van migrante oor hulle migrasieverblyf in Suid-Afrika verskaf (De Vletter in McDonald & Crush, 2000:59):

Tabel 2: Mees prominente vrese oor familie en vriende wat na Suid-Afrika gaan (%)

Raak betrokke in 'n verhouding	4	3	2
Word beseer	9	63	20
Word 'n slagoffer van misdaad	23	8	24
Raak betrokke by misdaad	9	2	5
Kry 'n siekte	6	4	14
Begin 'n tweede gesin	7	3	3
Kom nooit weer terug nie	33	8	13
Verloor eie taal en kultuur	2	-	1
Verloor religieuse en morele waardes	1	-	-
Niks sal my bekommer nie	0	3	3
Word daar doodgemaak	0	0	8
Ander	7	5	5

Om soos Bohning en sommige ander navorsers te beweer dat alle probleme van migrasie in Suider-Afrika die gevolg van kolonialisme is en dat, as almal gelyke ekonomiese geleenthede en ontwikkeling gehad het, migrasie nie nodig sou wees nie, is onwetenskaplik. Migrante het sonder twyfel in die verlede 'n deurslaggewende rol gespeel in die mynbou en landbousektore van Suid-Afrika - die feit kan deur niemand ontken word nie. Die werklike uitdaging is egter om ordelike verstandhoudings te bereik oor hoe om hulle onmisbare toekomstige rol as migrante in ordelike bestuur en interstaatlike verdrae saam te vat. Verder sal - baie meer as ooit tevore - die lewensomstandighede van migrante met betrekking tot hul behuising, skoolgeriewe vir hul kinders, mediese versorging en vergoedingspakette positiewe aandag en ontwikkeling moet ontvang (vgl. ook Hoofstuk 5 - Aanbevelings).

3.4.2 Vroue-migrante as huiswerkers

Vroue-migrante wat as huishulpe werksaam is, is 'n baie algemene verskynsel wat oor baie eeue in hoofsaaklik die blanke huishoudings van Suid-Afrika voorgekom het en steeds voorkom. Dit sal eenvoudig nie help om te ontken dat, soms baie gemiddelde, wit huishoudings in die verlede en vandag nog oor talle sogenaamde "bediendes" beskik waarvan sommiges in die tuin werk, andere die skottelgoed was en nog ander die kinders moet oppas. In hierdie arbeidsveld is ook vroue-migrante van Afrika betrokke (Berger, 1992:16-43).

Binne die konteks van die tipiese Afrika-kultuur is dit welbekend dat die vrou oor die algemeen hardwerkend en gedissiplineerd is; verder word hulle nie so maklik soos mans lede van vakbonde en vakbondaktiviste nie, en hulle is baie meer geskik om die eentonige herhalende werk te doen wat dikwels in huishoudings en soms selfs

op die fabrieksvloer voorkom. Die swart mans van Afrika sal ook maar hulle hand in eie boesem moet steek en erken dat hulle tradisionele beskouing van vroue as minderes indirek daartoe aanleiding gee dat vroue uit die arbeidsmark gehou is.

In 'n opname wat South African Council of Higher Education (SACHED) reeds in Augustus en September 1984 onder vroue gedoen het word baie interessante bevindings gemaak. In die opname word verwys na die standpunt van ene Dolly wat sê: "Most of the men in Soweto are so useless. I don't know why, they're not prepared to work. They just sit around in the house and do nothing." In dieselfde meningsopname word verwys na 'n onderhoud met Nomvula in Augustus 1984 wat sê: "...a husband is a big man. He shouldn't do anything at home...when he is at home he must have a rest and I must cook for him" en nog later sê sy: "And your husband may leave you because you've got another man's baby – and you've only slept with that man because you wanted a job" (Anon., 1985:22; vgl Anon., 1985:7-140). Simelani (2001:180) maak hieroor in die *South African Historical Journal* van Mei 2001 die volgende interessante opmerking: "The negative attitude against women leaving their homes to areas of employment locally and in South Africa was an expression of male fears about the incorporation of women into the local and regional labour market."

In die onderhawige studie is daar ook vroue-respondente wat as huiswerkers en tuinwerkers by boere op die plase werk. Boere en hul vrouens het tydens onderhoude vertel dat hierdie werkers uitstekende werkers is en hoogs betroubaar is. Simelane (2001:163-183) toon aan dat vroue 'n algemene verskynsel onder die migrantewerkers op plase en in die mynindustrie geword het. Simelane (2001:181) haal Elson & Pearson aan wat die volgende

toepaslike opmerking maak: "Women are considered not only to have naturally nimble fingers, but also to be more docile and willing to accept tough work discipline, and less naturally inclined to join trade unions than men..."

Groter getalle vroulike migrante uit alle lande van Suider-Afrika as huiswerkers, maar in toenemende mate in alle sektore van die ekonomie, is klaarblyklik onafwendbaar. Vanselfsprekend bring dit nuwe sosiale uitdagings na vore. Vroue-migrante sal byvoorbeeld baie meer as mans verantwoordelikheid vir hulle kinders moet neem en daarom sal hulle huisvesting en mediese en opvoedkundige voordele as migrante met veel groter tegemoetkoming deur die ontvangerstate hanteer moet word. In 'n era waarin seksuele wangedrag en verkragting meer prominent na vore tree in Suid-Afrika, is vroue-migrante natuurlik baie meer kwesbaar en behoort spesiale maatreëls in plek gestel te word om na hulle om te sien en hulle teen dié soort trauma te behandel.

Dit is ongelukkig so dat aktivistiese feministe met hulle dikwels misplaasde beklemtoning van vroueregte die foute by die verkeerde plekke probeer soek. Hulle moet hulle veel eerder daarop toespits om die uitgediende en uiters diskriminerende tradisionele sienings van swart mans in Afrika oor vroue te verander. Die angswekkende wreedaardige gebruik wat vandag nog op miljoene vroue in Afrika toegepas word, naamlik die besnyding van hulle geslagsdele, laat 'n mens sprakeloos van verstomming en behoort met wortel en tak uitgeroei word. Ten spyte van die gebruik dat vroue hierdie tipe besnyding op mekaar uitvoer, is dit twyfelagtig dat vroue self die tradisie geïnisieer het. Rahman en Toubia (2000:5) sê dat vroulike besnyding is: "...Intended to show a woman her confined role in society and restrain her sexual desires." Dieselfde outeurs

(Rahman & Toubia, 2000:5-7) beweer dat in ten minste 18 lande van Afrika meer as 50% van vroue sodanig besny is.

In hierdie verband lê die fout verseker nie by kolonialisme nie en Afrika se mense behoort dit spoedeisend te erken en met die nodige optrede op te volg. Dit is buitendien 'n broodnodige en onafwendbare stap wat geneem sal moet word, want vrouemigrante sal meer en meer in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark op die voorgrond tree – soos tereg ook in die onderhawige ondersoek gesien is.

3.5 Xenofobie in Suid-Afrika

Aangesien reeds in Hoofstuk 1 na xenofobie as belangrike uitvloeisel van migrasie verwys is, en dit ook ondubbelsinnig uit die gegewens van hierdie ondersoek (vgl. punt 4.3.3) blyk, word nou by die omstrede kwessie stilgestaan.

Ter aanvang moet dadelik opgemerk word dat migrante uit die res van Afrika hulle nie net in Suid-Afrika in xenofobie vasloop nie. In sy artikel *Contemplating the impact of illegal immigration on the Republic of South Africa* verwys Solomon (2001:8-10) na gevalle van matige tot eksteme xenofobie wat ook in Ghana, Zimbabwe, Angola, Nigerië en Zambië voorkom.

In die eerste dekades na die onafhanklikheidswording van Afrika en die gevolglike beëindiging van kolonialisme is migrante uit Afrika met ope arms in Europa, Amerika en ander koloniale moondhede ontvang. Dit het die gewetes van die koloniale heersers gesus. Migrante is dikwels op die hande gedra en gunstes en gawes - veral in die vorm van studiebeleentheid - is ruimskots beskikbaar gestel. Die afgelope jare het die migrante-wittebrood in Amerika,

Europa en elders egter begin uitloop. In die tydskrif *West Africa* word hierdie nuwe tendens met die interessante beskrywing van "compassion fatigue" gedoop en verder word opgemerk: "Even in liberal European governments, fundamental questioning of the refugee regime is no longer uncommon" (West Africa, 2002a:8-9). Migrante uit veral Afrika word nou al meer en meer aan brutale vorme van vreemdelinghaat of xenofobie blootgestel; die ontstellende hiervan is dat dit meermale met uiterste voorvalle van rassisme gepaard gaan.

Vir redes wat tot nog toe grootliks onverklaarbaar is, is daar onder Suid-Afrikaners, in hoofsaak by swart Suid-Afrikaners, die hoogste xenofobiese weerstand wat in die wêreld voorkom. Mattes, Taylor, McDonald, Poore en Richmond (1999:1) beweer dat slegs 'n skrale 6% van Suid-Afrikaners ten gunste is van 'n totale oop beleid teenoor migrante en gaan dan voort: "This is the highest level of opposition to immigration recorded by any country in the world where comparable questions have been asked". Hulle verwys voorts na die algemene beskouing van Suid-Afrikaners van die: **"...popular notion that "hordes" of northern barbarians have already invaded the country with millions more now massing on the borders"** (Mattes *et al.*, 1999:3, Navorser se beklemtoning).

Bond (2002:19) beweer vreemdelinghaat is 'n besondere uitdaging vir die regering van Pretoria; "...many South African workers and urban poor residents are guilty of the vicious xenophobia that often results in the murder of immigrants from Zimbabwe, Mozambique and the rest of the continent." Meningspeilings onder Suid-Afrikaners toon aan dat die redes vir die onverklaarbare hoë vlakke van xenofobie die volgende is (Mattes *et al.*, 1999:18-19):

Tabel 3: Redes vir die hoë vlakke van xenofobie

• Misdaad		48%
• Verlies aan werksgeleenthede		37%
• MIV/Vigs-		29%
• Potensiële verlies aan behuising		3%
• Verlies van grondbesit		2%
• Taal en kultuurverskille		1%

Bogenoemde statistiese gegewens is fundamenteel. Geweld as hooforsaak word deur 'n opname wat die Kanadese regering tussen Mei en Junie 1998 onder 600 migrante van Namibië uitgevoer het, bevestig met hulle bevinding dat: "Namibians feared injury and crime more than any other factor in going to South Africa" (Frayne, 1998:16).

Uit meningspeilings onder Suid-Afrikaners deur die Suider-Afrikaanse Migrasieprojek (SAMP) van 1994, 1995 en 1997 asook opnames deur dieselfde instelling in sommige buurtstate en meningspeilings deur ander internasionale organisasies, kom soms opsienbarende feite na vore. Die volgende bevinding oor Suid-Afrikaners se houding teenoor migrante in internasionale perspektief is veelseggend (Mattes in McDonald *et al.*, 1999:201):

Tabel 4: Suid-Afrikaanse houding teenoor immigrasie – 'n internasionale perspektief

Land	Laat enige persoon toe (%)	Laat persone slegs toe as daar werk is (%)	Plaas streng beperkings op die getal persone wat toegelaat word (%)	Laat geen persone van buite toe nie (%)	Weet nie (%)
Suid-Afrika (1997)	6	17	45	25	7
Suid-Afrika (1995)	6	29	49	16	0
Rusland (1995)	6	48	28	18	2
Philippyne (1995)	9	16	63	12	0
Peru (1995)	8	39	40	12	4
China (1995)	7	33	40	11	9
Argentinië (1995)	8	49	31	9	3
Finland (1995)	8	30	51	8	3
Taiwan (1995)	2	16	30	7	45
Japan (1995)	4	41	40	6	8
Chile (1995)	10	50	31	7	1
Nigerië (1995)	18	37	40	6	3
Spanje (1995)	14	55	23	4	3
Zimbabwe (1997)	16	30	48	4	0
Australië (1995)	5	52	39	3	2
Suidelike Mosambiek (1997)	12	61	23	2	0
Swede (1995)	8	32	55	1	3
Lesotho (1997)	61	23	12	3	1

Dieselfde opname bring uiters interessante gegewens oor die houding van Suid-Afrikaanse swartes en blankes teenoor migrante van alle ander lande na vore. Dit is betekenisvol dat swart Suid-Afrikaners oor die algemeen wit Suid-Afrikaners as mede landgenote meer aanvaarbaar vind as enige buitelandse migrant –

sels swart migrante wat uit die buurstate na Suid-Afrika migreer (Mattes in McDonald *et al.*, 1999:207).

Bogenoemde data bevestig die opsienbare stelling van Mattes wat nie anders kan as om 'n mens onrustig te stem oor die vlakke van vreemdelinghaat in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Mattes sê hieroor: "Racists are not looking outwards for racial allies. *Racists dislike foreigners even if they are racially similar.*" (Mattes in McDonald en Crush, 2000:214).

As hierdie meningsopnames as 'n waarskynlike korrekte barometer van die algemene siening van Suid-Afrikaners oor migrante aanvaar word, is dit duidelik dat gewelddadigheid, werkgeleenthede en VIGS die hoofoorake van vreemdelinghaat in Suid-Afrika is (vgl. ook die opmerking van Tony Twine asook die ondersoek deur *Mail and Guardian* oor dié aangeleentheid in Hoofstuk 1 – Agtergrond en aktualiteit). As die Suid-Afrikaanse regering sy demokratiese plig wil nakom, sal hy die algemene populêre openbare opinie van sy eie mense nie durf verontagsaam nie. Die dilemma is dat hierdie xenofobiese neigings nie verkeerdelik by die algemene ingesteldheid van Suid-Afrikaners as individue gesoek moet word nie.

Die hoofoorake van die verstommende negatiewe houding sou in 'n mate ook voor die deur van die huidige Suid-Afrikaanse regering gelê kan word wat in die algemeen nie hulle owerheidstaak ten opsigte van misdadigheid, behuising en gesondheid na behore uitvoer nie. Tot dusver soek die meeste sosiaal-wetenskaplikes die fout by Suid-Afrikaners, terwyl hulle dit by die regering moet soek. Dr. Barney Pitso, voormalige voorsitter van die Menseregtekommissie het byvoorbeeld die wyse waarop die Departement van Binnelandse Sake die migrante-kwessie hanteer as 'n "skande vir Suid-Afrika" beskryf in *Die Burger* (2001:10). Geen opvoedkundige programme

om die gesindhede van Suid-Afrikaners te verander kan hoop om suksesvol te wees as die Suid-Afrikaanse owerheid soos tot nou toe, skromelik in gebreke bly om van die belangrikste funksies van dié breë owerheidstaak uit te voer nie.

Ewe interessant is die feit dat Suid-Afrikaners en veral swart Suid-Afrikaners, van oordeel is dat die morele skuldverpligtinge wat hulle teenoor Afrika het as gevolg van ondersteuning teen apartheid nie so swaar kan weeg as die bedreiging wat migrante vir hulle inhou nie. Hierin is 'n belangrike les vir die Suid-Afrikaanse regering. As 'n mens Duodo (2000:2) se artikel in *Die Burger* lees is dit egter duidelik dat politici, wat soos gewoonlik met mag behep is, nie kan bekostig om hulle eie mense se openbare verset teen migrante in aanmerking te neem nie. Hy sê: "Politici wat weet hoe kragtig xenofobie kan wees, doen hul bes om voor te gee dat hulle bo etniese sentimente verhewe is. Maar wanneer hul mag wankel kan hulle die versoeking nie weerstaan om met die gevaarlike krag te speel nie...As vreemdelingshaat eers gewek is, kan dit nooit weer regtig gesus word nie."

As ekonomiese ontwikkeling nie spoedig dramaties verbeter nie, verg dit nie 'n profeet om in te sien dat met minder en minder werkseleenthede, die stryd oor die wat wel beskikbaar is, in felheid en intensiteit gaan toeneem en dat xenofobie nog aansienlik erger gaan word as wat tans die geval is nie. Sosiale opvoedingsprogramme sal natuurlik 'n belangrike rol speel (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings). Die mees deurslaggewende bydrae om xenofobie hok te slaan en migrasie ordelik en tot almal se beswil in Suid-Afrika te ontwikkel, is geleë in 'n goeie regering, ekonomiese ontwikkeling en die skepping van die nodige werkseleenthede in *alle* lande van Suider-Afrika. Dit is die enigste manier om te

voorkom dat stootfaktore (vgl. punt 2.3.5) in Suid-Afrika se buurstate tot onhanteerbare getalle migrante aanleiding gee.

Soos reeds gestel, word die voorkoms van xenofobie in hierdie navorsing in Hoofstuk 4 aan die orde gestel.

3.6 Slotopmerkings

Hierdie hoofstuk toon duidelik aan dat die voorkoms en rol van migrante in Afrika in die algemeen en Suid-Afrika in besonder nie net 'n historiese en huidige realiteit is nie, maar meer nog 'n kritieke toekomstige uitdaging is.

Na die oordeel van die navorser sal Suid-Afrika dringend die leiding moet neem om in die SAOG – Suider-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap - en in die Afrika-Unie 'n kontinentale beleid en toepaslike interstaatlike verdrae en administratiewe bestuursmeganismes vir internasionale migrasie daar te stel.

Omvangryke verdere navorsing sal hiervoor broodnodig wees. Internasionale organisasies en alle lande van Afrika behoort finansiële bydrae te doen om die migrasie deurtastend na te vors en sodoende die inligtingsbasis daar te stel waarop sinvolle beleidsbesluite geneem kan word. Dit is veral die sosiologiese vakrigting aan Suid-Afrikaanse universiteite en ander akademiese instellings wat hierin die voortou sal moet neem. Vanweë die interdisiplinêre aard van migrasie as wetenskaplike fokusarea, sal talle ander vakwetenskaplike dissiplines ook 'n verdere onmisbare bydrae moet lewer. As onnodig hiermee getalm word kan migrante en migrasie ons kontinent verder in die afgrond druk. As dit aan die ander kant daadkragtig en innoverend aangepak word, kan migrante 'n deurslaggewende bydrae lewer tot die wel en weë van

Afrika en al sy mense en ook hierdie deel van die wêreld 'n beter plek maak om in te woon (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings).

Na 'n behoorlike konseptualisering van internasionale migrasie (Hoofstuk 2) asook 'n kontekstualisering binne Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks (Hoofstuk 3), word die spesifieke impak van Mosambiekse immigrasie op die sosiale struktuur van 'n grensgemeenskap, wat in hierdie studie op kwalitatiewe wyse ondersoek is (vgl. Hoofstuk 1), vervolgens in Hoofstuk 4 behandel. Uiteraard sal in Hoofstuk 4 – weereens as gevolg van die reedsgenoemde verweefdheid en kompleksiteit van die tema – telkens na Hoofstukke 2 en 3 terugverwys word.

HOOFSTUK 4

DIE IMPAK VAN MOSAMBIEKSE IMMIGRASIE OP DIE SOSIALE STRUKTUUR VAN DIE GRENSGEMEENSAP

4.1 Inleiding

Soos in Hoofstuk 1 gestel, is dié navorsing gedeeltelik binne 'n **struktuur-funksionele raamwerk** ingebed. So byvoorbeeld is daar op die **disfunksionele** (Merton) en ontwrigte staat van die sosiale sisteem in Mosambiek gefokus wat dan ook grootliks aanleiding gegee het tot die migrante se koms na Mpumalanga. Voorts word die impak van die migrasie op die grensgemeenskap aan die hand van die **sosiale struktuur** daarvan (kultuur, instellings, status en rol), ondersoek.

Genoemde teoretiese perspektief het sy oorsprong vanuit die Natuurwetenskappe. In sy belangrike standaardwerk *The Principles of Sociology*, sê Herbert Spencer (1975:450) die volgende: "The analogy of a society to an organism becomes still clearer on learning that every organism of applicable size is a society." Spencer se perspektief kom in essensie neer op 'n soort van "survival of the fittest" as 'n riglyn vir owerheidsoptrede in die samelewing. Sy grootste bydrae was dat hy die mensdom aangemoedig het om gemeenskap, samelewing en kultuur as dele van 'n **gebalanseerde naturalistiese wereld** te beskou. In Volume 2 van sy *Principles of Sociology* meld Spencer (1969:65) hieroor die volgende "Civilisation, is a part of nature; all of a piece with the development of the embryo of the unfolding of the flower".

Die **kern van die Funksionalisme** kom dus daarop neer dat die samelewing as 'n natuurlike meganisme beskou word met 'n

duidelik waarneembare **sosiale struktuur** waarvan al die verskillende dele of **struktuurkomponente** in harmonie en balans met mekaar verkeer. Die Department van Sosiologie by *The Hewett School* beskryf die Struktuur Funksionalisme as volg; "Functionalism is often referred to as 'consensus' theory because it doesn't address the issue of conflict in society, rather it projects an ideal picture of harmonious social relationships" (Sociology at Hewett, 2004). Sosiale struktuur is per definisie 'n sosiale "raamwerk" wat ons omring en bestaan uit verhoudings tussen mense en groepe en verskaf so rigting aan en beperkinge op ons gedrag (vgl. Henslin, 1999:94). Die sosiale struktuur is dus 'n natuurlike geheel en die versteuring van een van die "onderdele" lei tot ontwrigting van die geheel. Hierdie kleiner "boustene" (struktuurkomponente) van die sosiale struktuur - onder andere instellings, kultuur, taal, norme en waardes, ensovoorts - speel almal 'n belangrike rol om die geheel te stabiliseer en in ewewig te hou (Wikipedia, 2004).

Uit voorgaande volg dit logies dat spanning en konflik die sosiale sisteem sal destabiliseer. In dié verband is dit gevolglik gepas om kortliks te verwys na die sienings van drie wetenskaplike baanbrekers. **Durkheim** (1960:3) se siening oor die rol van gesag as 'n **morele mag** in wat hy as die **patologiese samelewing** beskou, is duidelik uit sy siening in sy werk *The Division of Labour in Society* as hy soos volg opmerk: "Human passions stop only before a moral power they respect. If all authority of this kind is wanting, the law of the strongest prevails, and latent or active, the state of war is necessarily chronic."

In sy werk *Sociological Ambivalence and other Essays* maak **Merton** (1976:111-112) die volgende opmerking: "As social dysfunctions accumulate in society or concentrate in one or another of its sectors, there develops an increasingly acute sense among

practitioners of the social sciences that the state of their knowledge does not begin to measure up to the requirements of the situation". Dieselfde gedagtegang vind mens by Merton (1949:186) in sy werk *Social Theory and Social Structure*: "Our primary aim is to discover how some **social structures exert a definite pressure upon certain persons in a society to engage in non-conforming rather than conforming conduct**" (Merton se beklemtoning).

Parsons beklemtoon spanningsbeheer om die destabiliserende invloede van die samelewing suksesvol teen te werk. In sy werk *The Social System* stel Parsons (1951:321): "Structured deviant behaviour tendencies, which are not successfully coped with by the control mechanisms of the social system, constitute one of the principal sources of change in the structure of the social system". In 'n ander werk, *Sociological Theory and Modern Society*, verwys Parsons (1967:295) na geweld as die "...ultimate instrument of cohesion" wat ten alle tye in die belang van die samelewing ten volle beheer moet word en derhalwe nie roekeloos en onverantwoordelik aangewend mag word nie.

Alvorens die onderskeie struktuurkomponente van die sosiale struktuur van die grensgemeenskap in Mpumalanga aan die orde kom, gaan die kwessie van **funksie en disfunksie** nou met die onderhawige navorsing in verband gestel word.

4.2 Funksie en disfunksie

Dié kwalitatiewe ondersoek het besonderse lig gewerp op die ontwrigtende ervarings van Mosambiekse immigrante in die proses van hervestiging en om sosiale stremminge en aanpassings te bowe te kom ten einde by hulle nuwe sosiale omgewing geïnkorporeer te word. Wanneer die klassieke funksionalistiese aspekte van **funksie**

en disfunksie (Merton, 1949) met betrekking tot hierdie ondersoek onder die vergrootglas geplaas word, blyk dit dat letterlik al die respondente in die ondersoek die **destabilisering en ontwrigting** (disfunksie) van die sosiale sisteem tydens die burgeroorlog in Mosambiek ervaar het.

Die burgeroorlog tussen RENAMO en FRELIMO in Mosambiek (vgl. punt 2.3.4) het klaarblyklik 'n belangrike rol gespeel om tot soveel as ses miljoen Mosambiekers na Suid-Afrika en ander buurstate te laat migreer. Talle van hierdie migrante is in veral Malawië en voorheen ook Tanzanië en Zimbabwe gevestig. Dit is egter ook baie duidelik dat, na die beëindiging van hierdie wrede en vernietigende oorlog, die swak prestasie van die FRELIMO-regering in Maputo ook vir grootskaalse migrasie verantwoordelik was.

Uit die fokusgroep-onderhoude in hierdie ondersoek is die burgeroorlog tussen RENAMO en FRELIMO as een van die sterkste **stootfaktore** (vgl. punt 2.3.5.1) gestel. 'n Respondent stel die volgende:

"Ons hou niks van die oorlog nie. As dit donker word het almal weggekrui. Ons het baiekeer in bome geslaap. Renamo "raid" die huise; hulle [Renamo] maak beeste dood, varke, hoenders – hulle klop nie aan die deur nie. Renamo was sleg en Frelimo bietjie beter."

Dit moet egter as 'n feit gekonstateer word, soos baie duidelik in Hoofstuk 3 - punt 3.3.5 aangetoon, dat die skynbaar nimmereindigende konflikte en potensiële konflikte in Afrika nog vir jare en dekades migrasie tot gevolg sal hê. Die emosionele wonde wat burgeroorloë skep neem lank om te genees en die nagevolge

daarvan vir die uitvloei van migrante uit Mosambiek na SA en veral Mpumalanga sal nog vir baie lank 'n realiteit bly.

Uit die fokusgroep-onderhoude het verder geblyk dat sommige slagoffers hals oor kop uit Mosambiek gevlug het, dat 'n groot aantal mede-Mosambiekers doodgemaak is, dat 'n groot persentasie Mosambiekers hulle werk verloor het en dat die "gewone" inwoners van Mosambiek 'n verskriklike hongersnood in die gesig gestaar het. Vir Mosambiekse immigrante op soek na 'n **funksionele en stabiele sosiale sisteem** (wat oënskynlik in Suid-Afrika te vinde is), was die opsie om in Mpumalanga te hervestig dus 'n vername **trekfaktor** (vgl. punt 2.3.5.2). Bogenoemde standpunt word duidelik bevestig deur die volgende response:

"...die soldate het begin kom en die oorlog ook. Ek het my werk verloor en moes na Johannesburg gaan om nuwe werk te soek. Ek het gesien dat daar nie meer veel van die land oor was nie..."

"Ek het op die 4 de Januarie 1988 na Suid-Afrika gekom. Ek het besluit om weg te hardloop uit Mosambiek omdat daar oorlog was en hulle die mense doodgemaak het."

"Ons sal nie weer kan aanpas in die slegte omstandighede daar [Mosambiek] nie. Ons gaan partykeer met die toestemming van ons werkgewer weer terug om te gaan kuier in Mosambiek. Die mense daar is baie arm en hulle dink ook anders as ons. Ons kan sien dat dit glad nie goed gaan met hulle nie."

"Ek het besluit om weg te hardloop uit Mosambiek omdat dit oorlog daar was."

"Ons het altyd lekker gebly in Mosambiek totdat RENAMO gekom het en mense begin doodmaak het. Hulle het alles vir my en my mense opgefok."

"Ek gaan nie weer terug Mosambiek toe nie, ons het te veel daar gesukkel."

Voorgaande menings van die respondente bring interessante perspektiewe na vore. Dit bevestig dat die hooforsaak van die migrasie uit Mosambiek na Mpumalanga geleë is in die soeke na werkseleenthede op die plase (vgl. punt 3.4.1). Die standpunt word deur Fion de Vletter bevestig as hy sê dat Mosambiekers in die landbousektor, naas die myne, die belangrikste kategorie van migrante in Suid-Afrika is (De Vletter, 2000:51). Dit is opvallend dat in die menings van die respondente die klem uit en uit geplaas word op die gebrek aan werkseleenthede in hulle staat van oorsprong.

Dit is 'n belangrike feit om te weet dat die sosialistiese beleidsrigtings wat FRELIMO na 1975 in Mosambiek toegepas het die land en sy mense ekonomies op hulle knieë gebring het soos wat Weinstein (2002:148-156) tereg in sy werk *Mozambique: A Fading UN Success story* opmerk: "...Mozambique's peasant majority was reeling from the disastrous effects of FRELIMO's failed socialist agricultural policies and nationalization campaigns." en "The economy was in shambles, still suffering from nationalization and collectivism and unable to attract foreign investment".

Die beskikbaarheid van werkseleenthede in Mpumalanga fluktueer baie saam met die seisoene waarin hoofsaaklik suikerriet gekap en sitrus en eksotiese tropiese en sub-tropiese vrugtesoorte op kort tydskale en hoë volumes ge-oes en verpak moet word. Dit bring mee dat hoë vlakke van in en uit beweeg van die migrante voorkom wat weer op sy beurt nie 'n konstante salaris tot gevolg het nie en meebring dat hulle as migrante nie eintlik permanente status verwerf nie. Mather en Mathebula (2000:17) verwys in "*The Farmer prefer Us: Mozambican Farmworkers in the Mpumalanga Lowveld*" daarna dat van die Boere gemiddeld 500 migrante op die plaas as werkers aanwend maar dat die getalle vir die tydperk November tot Januarie tot 1200 toeneem. Die tendens kom wydverspreid in Mpumalanga voor.

Die sosiale gevolge van hierdie fluktuerende werkseleenthede van die Mosambiekse migrante in die landbousektor in Mpumalanga is vanselfsprekend. Eendersyds verhoog dit die moontlikheid van uitbuiting onder hierdie migrante en aan die ander kant is daar geen permanensie van 'n vaste inkomste, gesondheidsdienste en ander burgerskapsregte wat normaalweg op migrante van toepassing is nie. Crush (1997:23-25) beweer ook dat dit 'n sterk algemene tendens is dat vroue 'n betekenisvolle persentasie van hierdie seisoenale migrantewerkers uitmaak. In Hoofstuk 3 - punt 3.4.2, blyk dit duidelik dat vroulike migrante as gevolg van verskeie tradisionele en hedendaagse redes in baie gevalle bo mans verkies word as migrantewerkers.

Vervolgens kom toepaslike **struktuurkomponente** onder die loep.

4.3. Kultuur

Kultuur is natuurlik die mees omvattende en basiese struktuurkomponent van sosiale struktuur (vgl. punt 4.1). Goodman en Marx (1982:84-99) haal Kluckhohn aan wat na kultuur verwys as "**design for living**" (navorser se beklemtoning). Final Concepts (2004b) beskryf kultuur as die totaliteit van aangeleerde sosiaal oordraagbare gedrag en voer verder aan; "Culture is all the values, norms, and customs that a people share with one another. Culture is all of the objects and ideas found within a society. Culture is what individuals think is right and important as they interact."

Al die biljoene mense wat die wêreld bewoon deel almal een of ander kulturele beskouing wat hulle daaglikse weë en wandel bepaal. Dit bepaal mense se siening oor die huwelik, die familie en gesin, verhoudinge met ander mense en sienings oor dissipline, opvoeding en seksuele beskouings; letterlik alle verhoudingsfasette van die mens in sy sosiale omgewing.

Internasionale migrasie bring uiteraard **verskeie fasette van kultuur** na vore; vervolgens word van die fasette wat uit die ondersoek geblyk het, belig.

4.3.1 Taal

Taal is fundamenteel. Sonder die gesproke woord is daar tog geen kommunikasie tussen mense nie. Sonder kommunikasie kan daar geen sprake wees van sosiale interaksie tussen mense nie. Gebrek aan kommunikasie bring misverstande teweeg en talle oorloë het al ontstaan omdat mense nie in staat was om hulle na behore uit te

druk of omdat hulle boodskappe nie goed verstaan is nie, of meer nog, omdat hulle standpunte met opset en doelbewus verkeerd vertolk word. De Swaan (in Ben-Rafael & Sternberg, 2001:205-233) verwys daarna dat daar tans nog in die wêreld bykans vier duisend verskillende tale gepraat word en merk verder op: "...the emerging world constellation of languages may be related to the economic, political, ecological and cultural aspects of the world system...".

Op die terein van taal en kultuur as sosiale verskynsels kom dit voor asof daar tans twee teenstrydige tendense in die moderne wêreldorde ontwikkel. Aan die een kant bring die moderne inligtingstechnologie 'n soort van 'n kennisrevolusie wat die tekens dra van 'n universele "kennistaal" wat vir alle mense geld en 'n nuwe wêreldkultuur daarstel. Op dié manier kan kulturele agterdog en selfs kulturele enklawes plek maak vir beter begrip van mekaar as alle mense dieselfde inligtingstaal praat en spreekwoordelik almal "uit dieselfde gesangeboek sing" (Ben-Rafael & Sternberg, 2001:205-233).

Aan die ander kant het die onlangse konflik in Oos-Europa, in die mere-gebied van Afrika, die dreigende konflik tussen Indië en Pakistan en die voorkoms van sterker etniese enklawes dwarsoor die wêreld, 'n simbool geword dat kulturele faktore sterker word en nie afneem nie. Daar is trouens talle en talle voorbeelde waarna ons reeds in hierdie studie verwys het (vgl. punt 3.2) waar migrantegeroepe hulself toenemend as kulturele en etniese enklawes (vgl. punt 2.4.3) in die nuwe state van hulle vestiging handhaaf. Daar is selfs die kommerwekkende sosiologiese realiteit dat talle etniese groepe bereid is om hulle kulturele identiteit deur dade van terreur te handhaaf. Die mening in die psigologie dat die mens slegs as 'n individualistiese enkeling beoordeel kan word, is

klaarblyklik foutief en word geloënstraf deur die realiteite van die heersende wêreldorde. Die hele wêreld is dus oënskynlik nie 'n aardse "melting pot" nie en die sosiologiese studie van die mens sal onvoldoende bly solank dié realiteit kunsmatig ontken word.

Die taal wat in die grensgebied tussen Mpumalanga en Mosambiek gepraat word ('n mengsel van Swazi en Tsonga) was aanvanklik 'n groot probleem vir die Mosambiekers. 'n Suid-Afrikaanse plaaswerker stel die volgende:

"Die grootste probleem tussen die plaaswerkers van Mosambiek en die van Suid-Afrika is die taal. Dit was aan die begin vir ons baie moeilik om hulle te verstaan. Ons gebruik ons hande en gebare om baie keer vir mekaar iets te verduidelik. As ons mekaar lank genoeg ken, raak dit al hoe makliker om te praat omdat ons dieselfde woorde en gebare ken."

Tydens die onderhoude het drie Mosambiekse migrante soos volg oor die taalkwessie gereageer:

"Die grootste verskil tussen ons is die taal wat ons praat en die manier waarop ons aantrek."

"Hulle het later aan ons gewoon geraak en ons geleer om soos die Swazi's te praat en dinge op hulle manier te doen."

"Die dinge het baie verander die laaste tyd. Die mense van verskillende groepe kom nou baie beter oor die weg. As jy 'n Shangaan is en jy groet 'n Sotho en praat met hom is daar nie probleme nie."

Na 'n tydperk het die Mosambiekse immigrante egter die taalprobleem te bowe gekom; dit het tewens uit die onderhoude geblyk dat **kultuurdifusie met betrekking tot taal** plaasgevind het deurdat sommige woorde (Tsonga) deur die plaaslike gemeenskap geabsorbeer is. Dit blyk egter, volgens die respondente, dat die meeste Mosambiekse kinders wat in Suid-Afrika gebore is "slagoffers" van **mono-lingualisme** (eentaligheid) geword het; die taal van hulle nuut-gevonde land word aangeneem terwyl enige kennis van die moedertaal vinnig verdwyn of glad nie ontwikkel nie. Hier en daar – afhangende van die aard van die fisiese en sosiale kontak wat ouers nog met ander Mosambiekers het – word daar 'n geringe mate van tweetaligheid aangetref (vgl. Portes & Hao, 2002:889-912).

4.3.2 Die normatiewe komponent van kultuur

In elke samelewing word interaksie en sosiale gedrag deur die normatiewe komponent van kultuur (waardes, norme en sanksies) gerig en gereguleer. **Die kernvrae hier is: "wat is die mens?", "wie is die mens?" en "waarom is die mens wat hy/sy is?".** Volgens die navorser se beskouing is die mens die kroon van die Skepping en het hy/sy die opdrag om op die aarde te heers deur sy eie vermoë en die aard van sy verhoudinge met ander mense, instellings en sy omgewing.

In die onderlinge verhoudinge tussen biljoene mense kom menslike gedragspatrone skerp en helder na vore. Dit wissel van liefde en naastediens tot konflik en oorlog; van leiers wat die gang van die geskiedenis sogenaamd bepaal tot biljoene wat elke dag van ellende krepeer. Soos reeds gestel moet hierdie gedragspatrone uiteraard gerig en gereguleer word om orde in die samelewing te bewerkstellig (vgl. punt 4.1). In dié verband speel **waardes**,

norme en **sanksies** as struktuurkomponente 'n belangrike rol. 'n Waarde is 'n breë riglyn vir reg en verkeerd, wenslik en onwenslik. Voortvloeiend uit waardes ontstaan norme. 'n Norm is 'n spesifieke gedragsreël; dit is ook meer voorskriftelik. In 'n samelewing word daar ook formele en informele norme aangetref. In die onderlinge menslike gedragspatrone is daar ook 'n uitgebreide stelsel van strafmaatreëls of sanksionerende maatreëls waardeur mens verplig word om hulle by die algemene waardes en norme van hulle sosiale omgewing neer te lê. Soos wat waardestelsels onder verskillende kulture verskil, so is daar ook klaarblyklike verskille in die sanksionerende maatreëls wat deur die verskillende kulture toegepas en aanvaar word (Coreno, 2002:1-22).

Uit die navorsing het dit geblyk dat **gewoontes en gebruike**, as deel van **informele norme**, baie verskillend was tussen die immigrante en die plaaslike grensgemeenskap. Hierdie genoemde toedrag van sake het ongetwyfeld **kultuurskok** by baie Mosambiekse immigrante teweeg gebring. Afgesien van die reeds behandelde kwessie van taal, was die **voorbereiding van voedsel** en die **manier van aantrek** baie verskillend tussen die immigrante en plaaslike bewoners. 'n Mosambiekse immigrant stel die volgende:

"Dit het ons so twee jaar gevat om te leer om soos die Swazi's aan te trek en kos te maak. Die Swazi's het ons vinnig geleer om die goed reg te doen. As ons dit nie gedoen het soos wat hulle gesê het nie, het hulle ons geslaan."

'n Ander Mosambiekse migrant sê:

"Toe ons die eerste keer hier gekom het, het ons die verskil tussen ons en die ander agtergekom. Hier was baie groot apartheid tussen die swartes op die plase."

Een van die Suid-Afrikaanse respondente bevestig ook hierdie kultuurverskille tussen Mosambiekse immigrante en die plaaslike gemeenskap:

"Hulle het ander gewoontes as ons. Hulle kos en taal was aan die begin vir ons die vreemdste. Ons bly aan die een kant en hulle bly aan die ander kant van die stuk grond wat die baas vir ons gegee het."

Dit blyk ook dat die teenwoordigheid van **tradisionele helers** (*sangomas*) onder die Swazi's en Sotho's problematies was vir die Mosambiekers. Die volgende aanhaling bevestig dit:

"Lank terug was daar ook toordokters. Hulle [plaaslike bewoners] het gesê dat die Shangaan mense toor en daarom doodgemaak moet word. Die toordokters is deesdae nie meer so baie nie en die mense luister ook nie so baie na hulle liegstories nie."

Kulturele assimilasie en inkorporasie is ook in die gemeenskap bevorder deur die feit dat sommige van die Mosambiekse immigrante met vroue vanuit die plaaslike gemeenskap getrou het. Die assimilasiетеorie (vgl. punt 2.4.1) voer aan dat wanneer persone (migrante) hulself binne 'n bepaalde gasheerland vestig, hulle noodwendig mettertyd deur die dominante kultuur verander en vernuwe sal word. Tog word daar ook klem gelê op die feit dat

die migrante ook 'n mate van invloed op die gasheer-kultuur kan uitoefen. Die volgende aanhaling verteenwoordig die gemelde saak:

"Toe ek die eerste keer na Suid-Afrika gekom het, het ek nie 'n vrou gehad nie, maar ek het vir my een hier gekry. Ek het twee seuns en dogters wat in Suid-Afrika gebore is. Ek geniet my werk op die plaas en het nie enige probleme nie."

Hierdie "vermenging" het egter nie sonder "stamp of stoot" gegaan nie. 'n Suid-Afrikaanse plaaswerker vertel die volgende:

"Ons het baie keer baklei. Die meeste van die kere het die baklei gegaan oor werk en oor vroue. Omdat die mans wat van Mosambiek af gekom het nie hulle vroue by hulle gehad het nie, het hulle baie keer van die Suid-Afrikaanse vroue gevat."

Soos reeds in Hoofstuk 1 - punt 1.2 en Hoofstuk 3 - punt 3.5 gestel, is **etnosentrisme en xenofobie** - wat onder andere meegebring word deur voorafgenoemde "kultuur-vermenging" - ernstige bedreigings vir die sosiale orde en harmonie in enige gemeenskap.

4.3.3 Etnosentrisme en xenofobie

Etnosentrisme verteenwoordig 'n siening van kulturele meerderwaardigheid. Die optrede wat vandag nog plek-plek in die wêreld teenoor swart mense in die algemeen voorkom en die Duitse gevoel van meerderwaardigheid teenoor die Jode voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog, is baie bekende voorbeelde van vernederende etnosentrisme. Etnosentrisme verwys dus na die

tendens om jou eie kultuur as die norm te beskou. Hierdie tendens of gevoel word dan ook gewoonlik vergesel met die verwerping van ander persone/groepe se kultuur. Omdat die menslike wese se kultuur, norme en waardes sentraal staan tot hoe die mens hom- of haarself identifiseer, is dit in baie gevalle moeilik om te aanvaar dat enige kultuur slegs een van vele is. Etnosentrisme het inderdaad 'n positiewe uitwerking op 'n groep se **solidariteit**, maar kan ernstige negatiewe gevolge inhou wanneer daar verwag word dat almal hierdie kultuur moet aanneem (Final Concepts, 2004a).

In Suid-Afrika het ons selfs wette gemaak om meerderwaardigheid en minderwaardigheid van mense statutêr vas te lê. Etnosentrisme gee dikwels tot diep emosionele revolusionêre verset aanleiding waardeur die verontregtes poog om selfs deur geweld en terreur hulle minderwaardigheid reg te stel.

Die volgende aanhaling van 'n Mosambiekse immigrant is 'n goeie voorbeeld van **etnosentristiese denke** onder die plaaslike gemeenskap:

"In Mosambiek het ons nie werk gehad nie en ons het doodgegaan van die honger. Dit is hoekom ons bereid is om vir enige iets hier te werk. Die werkers van Suid-Afrika sê hulle is nie Shangaan nie en hulle sal nie suikerriet kap nie!"

'n Ander Mosambiekse migrant stel die ander kant van die munt met 'n selfs sterker standpunt:

"Ons steel nie, ons werk vir geld. Hierdie mense werk nie. By die dag hulle loop by die pad en hy sien hy is moeg en hulle gaan sit by die boom en bier drink. Ons

***het hier gekom om te werk en nie om bier te drink nie.
Ons vat niemand se werk nie. Die mense hier wil nie
die werk doen nie."***

Die kontensieuse kwessie van "**emotional labour**" impliseer natuurlik ook **etnosentristiese denke en gedrag** van wit Suid-Afrikaanse boere – soos wat ook uit objektiewe waarneming deur die navorser in die gebied geblyk het. Emosionele arbeid kan gedefinieër word as "...the taken-for-granted effort of managing feeling to create a publicly observable facial and bodily display that produces the proper state of mind in others" (vgl. Hochschild, 1983:3; Ibarra, 2000:454). Voorbeelde wat in die verband op Suid-Afrikaanse plase in Mpumalanga voorkom, is onder andere die paternalistiese wyse waarop met werkers gepraat word en spesifieke aanspreekvorme wat gebruik word (boere word as "baas" deur werkers aangespreek). Die vraagstuk van emosionele arbeid kom natuurlik nie net op plase in Mpumalanga voor nie, maar bykans op elke plaas in Suid-Afrika.

Duidelike aanduidings van **xenofobie** was ook aanwesig. Soos wat ons reeds in Hoofstuk 3 - punt 3.5 aangetoon het, kom vreemdelinge haat algemeen onder die swart bevolking van Suid-Afrika voor. In die grensgebied tussen Mosambiek en Mpumalanga is die fokus van hierdie xenofobie uiteraard op die Mosambiekse migrante wat, as gevolg van verskeie redes, soos onder andere hulle groter werksywer, as werkers bo die plaaslike swart werkers van Mpumalanga verkies word.

Vyf Mosambiekse plaaswerkers in die onderzoekgroep het onderskeidelik as volg oor dié aangeleentheid gereageer:

"Die werkers van Suid-Afrika sê hulle is nie Shangaan nie en hulle sal nie riet kap nie. Hulle wil ook nie skoffel nie want hulle ken nie van honger bly nie."

"Baie mense van Suid-Afrika kry hartseer as hulle sien die mense van Mosambiek kom hiernatoe en werk baie mooi. Hulle is kwaad vir ons en sê ons vat hulle werk."

"Toe ek na Suid-Afrika gekom het, het ek geweet dat ek nie dieselfde as die mense hier is nie. Die mense van Suid-Afrika was kwaad vir ons en het gesê dat ons alles hier deurmekaar gekrap het."

"Baie mense van Suid-Afrika is ongelukkig as hulle sien die mense van Mosambiek kom hiernatoe en werk lekker op die plase. Hulle is kwaad vir ons en sê ons vat hulle werk. Hulle is ook kwaad want hulle sê ons sal vir minder geld as hulle werk."

"Toe ek in Suid-Afrika aangekom het, het die Swazi-mense wat hier bly nie baie van ons [Shangaan] gehou nie. Hulle het gesê ons mag nie hier werk nie en ons mag ook nie hier [op die plaas] eet nie."

Die voorkoms van xenofobie blyk ook duidelik uit die response van Suid-Afrikaanse plaaswerkers:

"Dit maak my baie kwaad as daar Mosambiekers oor die grens kom. Hulle wil baie keer net ons werk hê en ander kere verkoop hulle goed wat hulle gesteel het. Baie van hulle wil nie werk nie en steel ons vee en

groente. Ons het al baie keer met hulle baklei en dit gaan nou beter.”

“Hulle [Mosambiekers] het elke dag meer geword en baie van hulle werk ook nou op die plase. Die Mosambiekers is baie keer bereid om vir minder as die Suid-Afrikaanse plaaswerkers te werk. Daar is baie van ons wat bang is dat ons ons werke sal kan verloor as daar te veel van die Mosambiekers oor die grense kom. Ek dink hulle moet weer teruggaan na Mosambiek. Hulle maniere is tē anders as ons maniere. Hier is baie om van te leef maar nie almal kan van dit kry nie, want ons was eerste hier en hulle het ook hulle eie land.”

Etnosentristiese en xenofobiese denke en gedrag teenoor Mosambiekse immigrante kan maklik 'n *reaktiewe benadering* (teenoor 'n *kompeterende benadering*) teweeg bring. Sodanige benadering suggereer dat die minder bevoorregte en benadeelde groep neig om 'n **gesegregeerde etniese raamwerk** as reaksie teen hulle “minder bevoorregte status” tot stand te bring (Al-Haj, 2002:239).

Vervolgens word aandag gegee aan die impak van Mosambiekse immigrasie op **enkele instellings** in die gebied.

4.4 Instellings

Die sosiale struktuur van die menslike samelewingsorde word in verskeie instellings georganiseer (vgl. 4.1). 'n Instelling kan sosiologies gedefinieer word as die georganiseerde en “gestandaardiseerde” wyses waarop 'n samelewing sy basiese behoeftes vervul (vgl. Henslin, 1999:98). Charon (1986:229)

beskryf instellings as strukture wat bepaal wat reg of verkeerd is in 'n spesifieke gemeenskap. Verder sê hy: "Institutions help establish and maintain social order. Institutions act as norms. Institutions tend to support the ideology of a society". Hierdie instellings het almal unieke eienskappe en tree volgens eiesoortige waardestelsels, reëls en gedragspatrone op. So byvoorbeeld is die strukturele waardes en reëls van besigheidsmaatskappye, van die gesin en huwelik, van die kerk, van die skool en talle ander samelewingsverbande eiesoortig en kan die kultuur en gebruike van die een nie geldig wees vir die eiesoortige aard van 'n ander samelewingsverband nie (vgl. definisie). Die sanksie van dissipline wat byvoorbeeld in 'n huisgesin, in 'n skool, in 'n besigheidsmaatskappy, in 'n kerk of selfs in die staat toegepas word, verskil ingrypend van mekaar. In die ekonomiese wêreld lê die sanksie van dissipline in uiteindelijke bankrotskap, terwyl die sanksie van dissipline in die staat op sy unieke gebruik van die swaardmag en strafregstelsel neerkom.

4.4.1 Die ekonomiese instelling

Die ekonomiese instelling word gerig daarop om die daaglikse lewensbestaan van die mens te verbeter. Mense soek ekonomiese welvaart en as hulle dit nie in hulle onmiddellike omgewing kan vind nie, gee dit dikwels daartoe aanleiding dat hulle as groepe en individue migreer na omgewings waar hulle wel ekonomiese voorspoed kan geniet.

Dit het duidelik uit 'n hele aantal van die response geblyk dat die ekonomiese instelling in Mosambiek in terme van **werksgeleenthede** bykans totaal gedisintegreer het – ***"Ek het my werk verloor en moes na Johannesburg toe gaan om nuwe werk te soek. Ek het 'n ruk lank op Vlakfontein [Suid-Afrika]***

gewerk en toe is ek weer terug na Mosambiek. Ek het gesien dat daar nie veel van die land oor was nie en dat daar ook glad nie werk was nie. Ek het later weer oor die draad geklim [na Suid-Afrika] en gelukkig werk op een van die plase gekry.” [Aanhaling van ’n Mosambiekse immigrant]

Die relatiewe stabiele ekonomiese situasie in Suid-Afrika was ’n welkome uitkoms vir die meeste Mosambiekse immigrante; hulle het minstens ’n werk kon kry in Suid-Afrika en kon so darem hulle gesins- en familieledede (vgl. ook punt 4.4.3) ondersteun. Die immigrante was oor die algemeen finansieel met min tevrede, maar die meeste het ook getoon dat hulle nie net ’n wil het om te oorleef nie, maar ook op die lang duur wil ontwikkel. Die volgende aanhaling onderstreep bogenoemde standpunt:

“Die mense [plaaslike gemeenskap] sê ons vat hulle werk, maar hulle is self nie bereid om te werk nie. Hulle soek baie geld. Hoe kan ’n mens geld kry as hy nie wil werk nie?”

Die dispariteit van rykdom in die streek (vermoënde boere aan die een kant van die spektrum en immigrante-werkers wat basies niks besit nie, aan die ander kant) verklaar natuurlik gedeeltelik ook hierdie aanvraag vir werkers op plase in die gebied. Tesame met ’n arbeids-intensiewe landboukundige bedryf (sitrus, suikerriet en piesangs) skep die hoë-inkomste leefstyl van blanke boere die “sosiale struktuur” vir ’n hele aantal werkers op die plase. Die Mosambiekse immigrante in hierdie situasie kan vervolgens vergelyk word met onder andere die Mexikane wat na Santa Barbara (Kalifornië) migreer het. Die ekonomiese ongelykheid in Santa Barbara het ook die “aanvraag” geskep vir ’n hele aantal

dienste wat met 'n hoë-inkomste leefstyl gepaard gaan (Ibarra, 2000:453-454).

As gevolg van die voorkoms van absolute armoede onder Mosambiekse immigrante in Mpumalanga, was die verskynsel van transnasionale entrepreneurskap as 'n oorlewingstrategie 'n rare verskynsel. Portes, Guarnizo en Landolt (1999:222) stel tereg dat immigrante-gemeenskappe wat beter af is in terme van ekonomiese en menslike hulpbronne hoër vlakke van transnasionisme sal toon. Voldoende bewyse is egter uit die ondersoek gevind dat Mosambiekse immigrante in Suid-Afrika 'n belangrike rol vertolk in die **ekonomiese ondersteuningstelsel** ten opsigte van hulle familie- en gesinslede in Mosambiek; dit impliseer uiteraard 'n **basiese vorm van transnasionisme** (vgl. Portes, Haller & Guarnizo, 2002:283-284). Hierdie basiese transnasionisme word natuurlik bevorder deur die proses van **globalisering** wat interaksie tussen immigrante en hulle familie en vriende in Mosambiek hedendaags baie makliker maak. So byvoorbeeld is daar 'n relatief "uitgestrekte" busdiens-netwerk wat Mosambiekse immigrante vanaf die grens (by Komatipoort) met verskillende dorpe en landelike gebiede in Mosambiek verbind (vgl. Richmond, 2002:711-716). Twee aanhalings illustreer bogenoemde aspek:

"Dit is lekker om te werk, want nou kan ek vir my vrou en kinders sorg en vir hulle kos gee. Ek stuur ook geld na my ouers in Mosambiek."

"My ouers en al my familie is steeds in Mosambiek. Nou en dan gaan ek daarheen [Mosambiek] om te kuier en gee dan vir hulle geld."

Dit blyk egter – hoewel immigrante ekonomiese verligting en selfs “vooruitgang” in Suid-Afrika ervaar het – dat respondente ook toenemend gebuk gaan onder **stygende lewenskoste en 'n ongesonde inflasiekoers**. Respondente maak die volgende opmerkings in die verband:

"Toe ek op die plaas begin werk het, het ek 50c 'n dag verdien en ek kon baie goed koop as ek dorp toe gegaan het. Deesdae is die pryse baie hoog en ek kan nie meer alles bekostig wat ek in die verlede kon nie."

"Ek gaan gewoonlik dorp toe om klere vir my kinders te koop en kos by SPAR. Die pryse in Suid-Afrika is laag by plekke soos SPAR en PEP, maar by die kafee is hulle baie hoog."

In hulle artikel beweer Peberdy en Crush (2001:117-119) dat kleinhandelaars al meer en meer die daaglikse handel van lewensmiddele oorneem. Hierdie handel word hoofsaaklik gevoer in klerasie, skoene, vleis en hoenders, vrugte en groente, algemene huishoudelike toerusting soos meubelment en elektriese ware en soms selfs luukse ware soos skulpvis en neute.

Ten einde verdere steun aan die proses van sosiale ontwikkeling te verleen, is dit gebiedend noodsaaklik dat basiese lewensmiddele op 'n billike manier aan migrante en hulle afhanklikes en die mense wat aan die Mosambiekse kant van die grens van Mpumalanga woon, verskaf behoort te word. Die tragedie is dat die arm kleinboere en migrante van Mosambiek dikwels meedoënloos uitgebuit is omdat die sosialistiese stelsel wat gegeld het vanaf 1975 op die lang duur geen gesonde kompetisie toegelaat nie (National Geographic History, 2004). Baie meer behoort gedoen te

word om winkels waar basiese lewensmiddele goedkoop verskaf kan word, op Mosambiekse grond daar te stel. Migrasie om basiese lewensmiddele te bekom is in wese onaanvaarbaar en dui net op een ding naamlik swak regering en uitgediende sosio-ekonomiese behepthede met ideologie wat nog nêrens welvarende gemeenskappe volhoubaar in stand kon hou nie.

4.4.2 Die religieuse instelling

Mense se geloof in 'n Godheid is so oud soos die geskiedenis van die mensdom. Die navorser is van oordeel dat dit fundamenteel die totaliteit van enige mens se optrede bepaal. Christene, Mohammedane, Hindoes en Boeddiste se beskouings oor die huwelik, gesin en staatkunde verskil byvoorbeeld ingrypend van mekaar. Elke mens se gedrag en optrede kan sonder uitsondering in 'n groot mate teruggevoer word na die godsdiens wat sy/haar lewensbeskouing bepaal en rig. Hieroor is die standpunt van Wuthnow besonder insiggewend (Wuthnow in Smelser, 1989:473-500).

Dit het uit die navorsing geblyk dat die meeste Mosambiekse immigrante op een of ander manier by 'n kerk betrokke was en dat die religieuse instelling 'n kritieke integrerende en funksionerende rol in die gemeenskap gespeel het. Die volgende response van Mosambiekse plaaswerkers illustreer bogenoemde stelling:

"Lank terug toe hier [grensgemeenskap, Suid-Afrika] nie 'n kerk was nie het die mense nie baie van mekaar gehou nie. Die kerk wat vandag hier is het die apartheid tussen die mense doodgemaak. Die mense kom nou beter oor die weg en die kriminele aktiwiteite is ook minder as in die verlede."

"Ek gaan nie by die toordokter nie. Ek gaan by Zion's Church."

4.4.3 Huwelik- en gesinslewe

Die mens is 'n sosiale wese en leef dus saam met ander mense. In dié verband is die basiese grondslag van "Ubuntu" - "'n mens bestaan deur ander mense" - deurslaggewend en 'n rigsgaander wat dikwels nie genoeg na waarde geskat word nie. Deur die eeue is daar, met min uitsonderings, een of ander vorm van huwelik tussen man en vrou(e) in alle kulture en beskawings aangetref. Uit die huwelik kom kinders voort en word uiteindelik families gevorm wat normaalweg in 'n besondere sosiale verhouding tot mekaar staan. Volgens die gesinsosiologie dien die gesin as 'n formele of informele instelling waarbinne prokreasie en/of seksuele gedrag sowel as sosialisering van kinders plaasvind. Volgens die funksionaliste vervul die gesin 'n rol van sosialisering en stabilisering binne die gemeenskap (Family Life, 2004).

Dit het baie duidelik uit van die response geblyk dat die hervestiging van Mosambiekse immigrante in Mpumalanga ook aan die meerderheid die geleentheid gebied het om "beter vir hulle gesinne te sorg". Die volgende aanhalings bevestig hierdie stelling:

"Ek bly nou baie lekker hier op die plaas saam met met my vrou en my kinders."

"Dit is baie goed om werk te hê want nou kan ek vir my vrou en kinders sorg en kos gee."

Klaarblyklik wil Mosambiekse migrante deur hulle eie werk nuwe en beter lewensgeleenthede vir hulle en hulle kinders skep. Veral van belang in die menings wat hier uitgespreek word, is die klem op skolastiese geleenthede wat die migrante eksplisiet uitsonder. Dit kom voor asof van hulle bereid is om die uitdagings van migrasie te aanvaar ten einde vir hulle gesinne en kinders 'n beter toekomstige lewensverwagting te bied.

In die konteks van gesin en familie kom die lotgevalle van en diskriminasie teen die vrou in Afrika en in die besonder ook in Mosambiek onder die soeklig (vgl. punt 2.3.2.3 en punt 3.3.6). Die siening oor diskriminasie teen vroue in die algemeen word gedeel deur O'Laughlin (2002:529). In haar werk *Pounders of Grain. A History of Women, Work and Politics in Mozambique* verwys Cathleen Sheldon (2002:135) byvoorbeeld na die feit dat in die eerste 25 jaar na onafhanklikheid van Portugal in 1975, Graca Machel die enigste vroueminister in die Mosambiekse regering was. Sy verwys ook na die volgende aangrypende gedig wat in 1979 tydens die Nasionale Vrouedag in Mosambiek gepubliseer is (Sheldon, 2002:138):

Mother, woman:

March and raise your fist

Affirm your will to be free

Do not walk three meters behind

Your companion and the Revolution

-March in front

It is your place by right

And, when they demand to exploit,

Prostitute and hurt your nude body

Do not permit it – refuse, struggling

Mother, woman: the Revolution is you

Laastens word gekyk na die “plek” (**status**) wat Mosambiekers in die gemeenskap bekleed en wat hulle spesifiek, voortspruitend uit hulle status, doen (**rol**).

4.5 Status en rol

Status, rol en leierskap speel 'n baie belangrike rol binne die sosiale struktuur van enige samelewing en dit is belangrik dat die konsepte behoorlik verreken moet word om die struktuur en funksionering van 'n samelewing te verstaan. Hierdie konsepte dui op “dinamo's” wat die samelewing “aandryf” en vir die sosiologie sal dit altyd deurslaggewend wees om hierdie dryfkragte te ondersoek. De Swaan (2001:46) maak hieroor die volgende opmerking en raak iets van die klassieke onderskeiding van Max Weber (in Coser, 1977:228-230), naamlik **klas**, **status** en **mag**, aan: “The *nouveaux riches*, war profiteers and “yuppies” have plenty of property, little power and fairly low status – the very terms used to describe them reflect contempt. On the other hand, many spiritual leaders, artists and scholars have little property or power, but are held in high regard.” (vgl. Treiman & Ganzeboom in Quah & Sales, 2000:123-141).

Sosiologies dui status veral op **drie belangrike sake**: **Eerstens** is dit gewoon 'n akteur se plek binne die interaksiesituasie. So byvoorbeeld is mnr. Tony Leon die leier van 'n bepaalde politieke party of die Mosambiekse burger is 'n migranteploaswerker. In die **tweede instansie** impliseer status altyd 'n mate van prestige en agting. So byvoorbeeld verskaf mnr. Leon se posisie as opposisie-leier aan hom 'n sekere mate van prestige en agting. 'n Gevangene of 'n onwettige migrant se “plek” in 'n interaksiesituasie

verleen ook aan hom 'n mate van prestige en agting; weliswaar twyfelagtig in dié gevalle. **Laastens** is daar altyd regte en verpligtinge wat aan 'n status gekoppel is. Regte is wat jy jouself kan "toe-eien" op grond van 'n status; so byvoorbeeld het 'n migrant of 'n vlugteling ook in terme van wetgewing sekere regte (vgl. Hoofstuk 5 – Aanbevelings). Verpligtinge daarenteen is die "minimum vereistes" wat aan 'n sekere status gekoppel word. In aansluiting by verpligtinge is rol wat 'n akteur uit hoofde van sy status *doen*; 'n status word dus *beklee* terwyl 'n rol *gespeel* of *vertolk* word. Volgens die webblad Angelfire (2004) kan rolle as volg getipeer word; "the "bridges" which enable us to span "clusters" of "definitions of the situation"; "The role provides the pattern according to which the individual is to act in the particular situation"; "The role forms, shapes, patterns both action and actor".

Gesien teen die agtergrond van die **"hoër" sosiale status** wat die plaaslike gemeenskap geniet (vgl. etnosentrisme en xenofobie, punt 4.3.3), verskil die **roldefinisie** van die gemiddelde plaaslike plaaswerker en die gemiddelde Mosambiekse plaaswerker aansienlik. Een van die Mosambiekse plaaswerkers rapporteer in die verband die volgende:

"Die mense van hier hou nie van werk met 'n graaf en 'n pik nie. Hulle sê dit is te harde werk."

Daarenteen verteenwoordig die rolgedrag van die Mosambiekse plaaswerkers 'n verskeidenheid tipes werk op die plaas. Die volgende aanhaling getuig daarvan:

"As ek [Mosambiekse immigrant] my pik en graaf vat sal ek enige iets doen wat my werkgewer van my vra!"

Objektiewe waarneming deur die navorser op plase het bogenoemde aanhaling onomwonde bevestig. Boere in die omgewing het ook telkens in persoonlike mededelings gestel dat Mosambiekse immigrante deeglike en betroubare werkers is en oor die algemeen min probleme veroorsaak. Een van die redes hiervoor is natuurlik die ekonomiese verknorsing waarin Mosambiekers hulle bevind (vgl. punt 4.2 en 4.4.1); hulle besit bykans niks en is te dankbaar om te kan werk.

Oor die algemeen word die standpunt dat Suid-Afrikaanse werkers lui en onbetroubaar is deur beide die boere en die Mosambiekse migrante gehuldig. Tydens 'n ondersoek deur Mather en Mathebula (2000:20) beweer Mosambiekse migrante oor Suid-Afrikaanse werkers: "...can't stand the heat of the sun and when it is cold, they can't stand that too..." en verder "The difference in work ethic is such that South African men complain because even Mozambican women work harder than they do". Die standpunt dat Mosambiekse migrante goeie werkers is, is reeds in 1935 in die parlement in Kaapstad gehuldig (Volksraadsdebatte, 1935:Kol.2513). In sy werk verwys Duncan (1995:130-131) na die standpunt van senior amptenare in Suid-Afrika wat in 1934 reeds opgemerk het: "...Mozambicans were cheaper and more amenable to discipline than local workers."

Enkele Suid-Afrikaanse respondente in die onderhawige ondersoek was tog bereid om erkenning te gee aan die Mosambiekers vir hulle **uitstaande rolvertolking as plaaswerkers**; een van die Suid-Afrikaanse werkers stel dit so:

"Die mans werk veral goed met die kap van suikerriet en die vroue is veral goed met die pluk van piesangs en die skoonmaak van die huise op die plase. Hulle is

harde werkers en ek is bly om te sien dat hulle ons so mooi help."

4.6 Samevatting

Die grondliggende bevinding van hierdie kwalitatiewe ondersoek wat in Hoofstuk 4 aan die orde gestel is, is dat Mosambiekse migrante in Mpumalanga 'n permanente realiteit geword het. Om te dink dat dit een of ander tyd tot 'n einde gaan kom is, gesien die heersende politieke en ekonomiese realiteite van Suid-Afrika, gewoon wensdenkery. Daar bestaan geen wetenskaplike gronde om te dink dat hierdie migrasie in die afsienbare toekoms omgekeer of beëindig sal word nie.

In dié kwalitatiewe navorsing het dit duidelik geblyk dat die koms van Mosambiekse immigrante 'n definitiewe impak op die sosiale struktuur van die grensgemeenskap in Mpumalanga gehad het (Doelstelling 1). Die vernaamste in dié verband was die verskille tussen die twee groepe met betrekking tot bepaalde kultuurfasette. Hierdie verskille is egter stadig maar seker besig om te verdwyn as gevolg van assimilasie. Voorts blyk dit duidelik dat Mosambiekse immigrante wel 'n funksie in Suid-Afrika vervul. Die goedkoop arbeid wat hulle verskaf is in meeste gevalle van hoër kwaliteit vergeleke met die plaaslike werkers. Ten spyte van die substandaard lone wat hierdie tipe werkers ontvang, kan hulle wel in hulle daaglike behoeftes voorsien en stuur sommige van hulle selfs geld aan familie.

In die voorafgaande navorsing het dit ook in etlike gevalle duidelik na vore gekom dat baie van die Mosambiekse migrante wat hulself nou in Suid-Afrika bevind nie ooit weer wil teruggaan na Mosambiek nie.

Verder is dit ook waar dat Suid-Afrikaners Mosambiekse migrante nie oor die algemeen met ope arms ontvang nie (vgl. punt 4.3.3). Onder die boeregemeenskap in Mpumalanga is daar wel talle voorbeelde waar migrante menswaardig, billik en met doelgerigte pogings om hulle lewensomstandighede te verbeter, behandel word. Soos in enige sosiale omgewing is daar ongelukkig ook talle voorbeelde waar die behandeling van die migrante op uitbuiting, veral ekonomiese uitbuiting, neerkom.

Mosambiekse migrasie is egter tans 'n werklikheid waarmee Suid-Afrika moet rekening hou. Die **sosiale impak**, soos uitgelig in hierdie Hoofstuk, is slegs een van die kernaspekte wat deeglike ondersoek benodig. Tot dusver is dit hoogstens ad hoc, amateuragtig en met ontoepaslike ideologiese maatstawwe beoordeel en ontleed. Die uitdaging moet spoedeisend aangespreek en innoverend met nuwe planne en 'n toegewyde amptenarekorps aangepak word.

In Hoofstuk 5 sal vervolgens 'n bondige samevatting van die vernaamste bevindinge gegee word, enkele oorhoofse perspektiewe oor migrasie in Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks gestel word en, ooreenkomstig die **sekondêre doelstelling** (vgl. Hoofstuk 1) van die studie, ook **oplossingsgerigte aanbevelings** oor die vraagstuk gemaak word.

HOOFSTUK 5

SLOTPERSPEKTIEWE EN OPLOSSINGSGERIGTE AANBEVELINGS OOR MIGRASIE IN SUIDER-AFRIKA

5.1 Inleiding

Internasionale migrasie is aan die een kant so oud soos die berge en aan die ander kant so modern soos die dag van môre. As moderne sosiale verskynsel kan dit nie weggedink of weggewens word nie. Trouens, dit sal grootliks tot die wêreld se nadeel wees as internasionale migrasie nie daadwerklik aangepak en blywende oplossings daarvoor gesoek word nie.

In hierdie studie is in Hoofstukke 2, 3 en 4 onderskeidelik eers op die teoretiese grondslae van migrasie, daarna op die voorkoms daarvan in Afrika en veral Suid-Afrika en in Hoofstuk 4 op die voorkoms daarvan in die grensgebied van Mosambiek en Mpumalanga gekonsentreer. Uit die drie hoofstukke blyk dit duidelik dat internasionale migrasie vir Afrika in die algemeen en Suid-Afrika in die besonder buitengewone uitdagings inhou. Hierdie verhandeling het genoegsaam op konflik in Afrika gefokus om met reg die stelling te maak dat solank oorloë, konflik en armoede in Afrika 'n oorheersende realiteit is en tans selfs toeneem, migrasie 'n werklikheid is en sal bly. Daar is in elk geval tans weinig aanduidings dat oorlog en armoede spoedig in Afrika tot 'n einde sal kom en omdat migrasie hand aan hand daarmee gaan, is die einde daarvan nie in sig nie. Alle tekens is eerder teenwoordig dat dit in omvang en intensiteit gaan toeneem.

In dié hoofstuk gaan vlugtig op die vernaamste bevindinge gelet word waarna enkele slotperspektiewe asook toepaslike aanbevelings aan die orde gestel gaan word.

5.2 Samevattende bevindinge

Uit die bevindinge (vgl. Hoofstuk 4) het dit duidelik geblyk dat 'n interessante **verwantskap** tussen Mosambiekse immigrante en sekere aspekte van die **sosiale struktuur** van die plaaslike grensgemeenskap in Mpumalanga bestaan.

Aanvanklik was daar konflik en aanpassingsprobleme met betrekking tot sekere **kulturele fasette** soos taal, gebruike en tradisies. Die navorsingsbevindinge het egter aangetoon dat daar met tyd **kultuurgelykmaking** plaasgevind het tussen die plaaslike gemeenskap en die migrante. Objektiewe waarneming in die gebied – deur die navorser – het bogenoemde standpunt bevestig.

Hoewel daar geen teken was van **transnasionale entrepreneurs** nie, kon die gemiddelde Mosambiekse immigrant redelik gemaklik in sy daaglikse behoeftes voorsien en het hulle (migrante) ook as 'n **ondersteuningstelsel** vir die res van hulle gesinne en families in Mosambiek gedien. Bykans alle Mosambiekse immigrante is by verre beter af in Suid-Afrika as in hulle geboorteland en weinig van hulle wil daarheen terugkeer.

5.3 Oorhoofse slotperspektiewe

Dit is 'n ongelukkige toedrag van sake dat te veel leiers en regerings van Afrika met eensydige ideologiese oogklappe na die uitdaging van internasionale migrasie kyk. Dit kan nie ontken word dat kolonialisme en ekonomiese uitbuiting wel in die verlede tot

verarming aanleiding gegee het nie. Tot vandag toe dien dit gedeeltelik nog as stootfaktor (vgl. Hoofstuk 2 – punt 2.3.5.1) vir migrasie na welvarende state in en buite Afrika. Daarteenoor is dit egter 'n pypdroom om nie te weet dat Afrika na bykans 'n halwe eeu van politieke onafhanklikheid grootliks in gebreke gebly het om van sy mees tergende vraagstukke, soos onder andere onbeheersde migrasie, suksesvol aan te spreek nie. Dit sal Suid-Afrika en Afrika weinig help om hulself by eindelose werkwinkels warm te maak oor onregte van die verlede en nie hulle eie probleme met eie energie en talente aan te spreek en op te los nie.

Daar is reeds daarop gewys dat mense nie maklik migreer nie (vgl. punt 2.2.1). Dit is nie in die menslike kultuur om 'n suksesvolle lewe in 'n gevestigde en bekende samelewingsorde te verruil vir die twyfelagtige lewensbestaan van 'n onbekende nuwe bestaansomgewing nie. Soos mettertyd in hierdie hoofstuk aangetoon sal word, is die mees blywende en suksesvolle antwoord op internasionale migrasie in Suider-Afrika vanselfsprekend dat alle lande so suksesvol moet wees dat hulle inwoners nie elders 'n heenkome hoef te soek nie.

Om internasionale migrasie bloot as sosiale verskynsel te beskou en met wetgewing en gepoogde effektiewe grensbeheer staatkundige soewereiniteit teen vreemde indringers te waarborg, is sekerlik net 'n aanspreek van die simptome van 'n siekte wat veel dieper geleë is. Met die Groenskrif op Internasionale Migrasie wat op 30 Mei 1997 gepubliseer is, het die Suid Afrikaanse regering die kwessie van migrasie daadwerklik probeer aanspreek. Die Groenskrif gaan van die veronderstelling uit dat belange van Suid-Afrikaners bo die belange van migrante gestel moet word. Die Witskrif wat hierop gevolg het, het goed op papier gelyk, maar skiet steeds tekort om die wydverspreide korrupsie in Staatsdepartemente, soos

Binnelandse Sake, effektief aan te spreek (Centre for Development and Enterprise, 2000). Die basiese siekte van Suid en Suider-Afrika is swak regering en voordat dit nie blywend beredder word nie sal migrasie nooit suksesvol bestuur kan word nie.

Migrasie moet egter allermens slegs as 'n totale negatiewe verskynsel beskou word. Dit is vir alle state en streke uiters waardevol as van sy mense buite die landsgrense hulle talente ontwikkel en nuwe kundighede aanleer wat later met vrug in hulle state van oorsprong toegepas kan word. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat in historiese perspektief politieke leiers, sakeleiers en talle ander leiers van Afrika en selfs van die internasionale wêreld, lang tye buite die grense van hulle onderskeie state van oorsprong deurgebring het. In hierdie sin is tydelike migrasie in die moderne globalisering van die wêreld van groot waarde en behoort selfs nog beter beplan en bestuur te word as wat tans die geval is. Dit moet sekerlik ten sterkste ondersteun en aangemoedig word dat die nuwe klas van professionele internasionale migrante waarna daar in Hoofstuk 3 – punt 3.3.8 verwys word, ruimskoots in Suider-Afrika aangewend behoort te word. In so 'n scenario word professionele migrante 'n absoluut onmisbare steen vir die suksesvolle, vreedsame stabilisering en ontwikkeling van Suider-Afrika. Na die oordeel van die navorser is dit van kardinale belang dat 'n internasionale datapoel van professionele migrante opgestel behoort te word wat deur die VN en ander internasionale gemeenskappe ondersteun behoort te word; sodoende kan sekere kundighede op bepaalde tye en vir bepaalde projekte tot die beskikking van die ontwikkelende wêreld gestel word.

As migrante só aangewend word, word breinkwyn 'n wins en sekerlik nie 'n verlies nie - dan word die breindrein 'n paspoort tot

welvaart en vooruitgang. As die breindrein egter aan die ander kant beteken dat die lande van die ontwikkelende wêreld hulle burgers wat met die tien talente geseën is permanent verloor, kan dit nie anders as om die ontwikkelende state onherstelbare skade te berokken nie. Dit kan nie ontken word dat die huidige Suid-Afrikaanse regering veel meer sal moet doen om talentvolle Suid-Afrikaanse migrante in die buiteland met aantreklike vergoedingspakette terug te lok om hulle talente in Suider-Afrika te kom aanwend. Die ironiese waarheid is dat talle van hierdie breinkwyn-migrante juis by uitnemendheid geskik is om Suider-Afrika se uitdagings met die problematiek van migrasie suksesvol te help beredder.

Vreemdelingshaat het in Suider-Afrika die potensiaal om grootskaalse ontwigting en selfs bloedvergieting tot gevolg te hê (vgl. punt 3.5 en punt 4.3.3). Hoe hard dit ook al ontken word, etniese en kulturele verskille soos byvoorbeeld tussen die Hutu's en die Tutsis in Rwanda en Burundi, speel steeds 'n deurslaggewende rol in Suider-Afrika. Die teregende uitdaging gaan wees om deur innoverende hantering en bestuur te verhoed dat Suid-Afrikanners, Nigeriërs, Zimbabwiërs, Mosambiekers, Kongolese en talle ander nie as gevolg van migrasie in bloedige konflik oor skaars werkseleenthede en lewensruimte gewikkel word nie. Die hantering hiervan sal meer as Salomo se wysheid verg. Die gemiddelde inwoner van Suider-Afrika sal na die navorser se mening op die lang duur eenvoudig nie genoeg neem dat diktators soos Mugabe sy eie mense se lewensverwagting so verwoes dat sy bure, wat dit self nie te breed het nie, verantwoordelikheid moet neem om deur migrasie aan die mense van Zimbabwe 'n lewensbestaan te bied nie.

Openbare toesprake oor verdraagsaamheid en die terugbetaling van politieke ereskulde is helaas nie die antwoord nie. Suid-Afrikaners wat met leë mae en sonder 'n dak oor hulle kop moet gaan slaap sal nooit aanvaar dat hulle pynlike offers moet bring teenoor hulle bure, nadat die bure hulle eie lande van melk en heuning as gevolg van politieke wanbestuur skromelik tot 'n val gebring het nie.

In lyn met die sekondêre doelstelling van die studie (vgl. Hoofstuk 1), word vervolgens aandag gegee aan moontlike aanbevelings en oplossings.

5.4 Oplossingsgerigte aanbevelings

5.4.1 Inleiding

Die meeste van die aanbevelings wat volg is prakties van aard; die fokus val veral op optredes wat op oplossings gerig is. Die aanbevelings is derhalwe nie filosofiese teorieë nie, maar daadwerklike planne oor hoe internasionale migrasie in die harde daaglikse realiteite van Suider-Afrika aangespreek kan word. Die sukses daarvan sal geleë wees in uitvoering en daarvoor is kundige administrasie van alle vlakke van die owerheidsektor en van die burgerlike samelewing onontbeerlik.

5.4.2 Die Owerheidsektor

- **Hier gaan dit oor die daarstelling van 'n nuwe sentrale staatsdepartement wie se werksterrein eksklusief op migrasie gefokus is.** Dit is duidelik dat die huidige Departement van Binnelandse Sake migrasie as 'n "bo en behalwe"-taak beskou en migrasie hoegenaamd nie as 'n prioriteit hanteer nie. Die nuwe sentrale departement behoort

verlengstukke op provinsiale regeringsvlak te hê asook raakpunte en verlengstukke op die munisipale owerheidvlak in die algemeen en die megastede en daardie dorpe en stede van Suid-Afrika wat ten nouste met migrasie-uitdagings te kampe het, in die besonder. Ernstige oorweging behoort ook daaraan gegee te word dat hierdie nuwe departement sy eie toegewyde sekuriteitskomponent behoort te hê wat in die plek van 'n grootliks onwillige en onderbemande Weermag en Polisiediens die nodige veiligheids-wetstoepassing ten opsigte van migrasie kan hanteer.

- **Beter samewerking tussen die drie regeringsvlakke moet plaasvind.** Op die sentrale regeringsvlak behoort nasionale beleid bepaal te word, maar die uitvoering moet veral op provinsiale en munisipale regeringsvlakke hanteer word. Die grondwetlike beginsel van assimetrie – dit is om die uitvoering van toepaslike owerheidsoptrede tot op die laagste moontlike vlak af te wentel - behoort daadwerklike aandag te ontvang. Die doel moet wees om ook die hantering van migrasie so na as moontlik aan migrante op die voetsoolvlak te bring. Organisatoriese en begrotingsvoorsiening sal veral op provinsiale en plaaslike regeringsvlakke gemaak moet word. Hieruit volg dit logies dat die owerheid 'n spesiale politieke en administratiewe komitee sal moet daarstel wat oorhoofse verantwoordelikheid vir die bestuur van migrasie as verskynsel in interowerheidsbetrekkinge kan hanteer.
- **Toepaslike nasionale wetgewing, gepaardgaande regulasies en munisipale bywette moet op innoverende wyse daargestel, verander en voortdurend innoverend aangepas word.** Die werklikhede van migrasie verander so

vinnig dat 'n konstante poging nodig sal wees om uitgediende voorskrifte en regulasies met steeds nuwe statutêre raamwerke te vervang.

- **Grensbeheermaatreëls behoort aansienlik gemoderniseer, opgeskerp en aangepas te word.** Eltelange vorms en soms onsinnige besonderhede by grensposte is klaarblyklik uitgedien; nog te meer as aanvaar word dat 'n baie groot persentasie van migrante na Suid-Afrika nie eers kan lees en skryf nie. Vanselfsprekend moet daar grensbeheer bestaan, maar dit is die navorser se oorwoë oordeel dat dit selfs strenger toegepas kan word ofskoon strenger toepassing nie met burokratiese rompslomp en eindelose administratiewe verdragings te make hoef te hê nie.
- **Opleiding is deurslaggewend.** Die owerheid mag sy verantwoordelikheid in die verband nie ontduik nie. Aan die een kant behoort tegniese opleidingsentrums vir migrante daargestel te word waar hulle intellektuele en handvaardighede aangeleer, verbeter en afgerond kan word. As in aanmerking geneem word dat migrante dikwels juis migreer vanweë hulle ondernemingsgees, moet aanvaar word dat hulle geleentheid vir verdere opleiding met ope arms sal aangryp.

Aan die ander kant is opleiding van amptenare wat met migrasie as 'n staatsverantwoordelikheid werk, ook dringend nodig. Migrante het die reg om professionele hantering te ontvang en daar is geen twyfel dat die huidige korps van amptenare in Suider Afrika dikwels onbeholpe, onbevoeg en onkundig is in die hantering van migrante as vreemdelinge.

Laastens behoort die burgers van die state in Suider-Afrika aan 'n openbare bewusmakingsveldtog onderwerp te word ten einde migrante nie so te hanteer dat dit tot spanning en onderlinge bitterheid en konflik aanleiding gee nie.

- **Die breinkwyn behoort baie meer innoverend deur die owerhede bestuur te word.** Suid-Afrikaners kan selfs aangemoedig word om tydelik te migreer ten einde hulle kundighede en talente te verbeter, maar dan behoort 'n verantwoordelike regering sorg te dra dat daar lokmiddele bestaan om hulle daarna weer in die lande van hulle oorsprong te vestig. In dié verband is die uitdaging nie om die breinkwyn te keer nie, maar om diegene met die tien talente wat na migrasie selfs vyftien talente kan hê, vir werk en diensbaarheid na hulle state van oorsprong te laat terugkeer.
- **Xenofobie of vreemdelinghaat moet pro-aktief bestuur word.** In dié verband behoort 'n gesonde balans gevind te word tussen die skep van ruimte vir buitelandse migrante en die beskerming van eie burgery se werksgeleenthede en leefruimtes. Die owerheid behoort baie meer aktiewe pogings van stapel te stuur om migrantegroepe, selfs met behoud van hulle etniese identiteit, by die breër kulturele en sosiale omgewing van hulle vestigingstate te laat inskakel. Interkulturele byeenkomste en vriendskaplike sportgeleenthede in die stede asook op die platteland behoort byvoorbeeld tussen migrante en bestaande inwoners aangewakker, beplan en selfs finansieël deur die owerhede geborg word. Die "melting pot" hoef nie oorverhit te word nie en dit is glad nie nodig dat migrante hulle kulturele identiteite hoef prys te gee om gelukkige en welvarende burgers in hulle nuwe state van vestiging te wees nie.

- **Regerings moet hulle owerheidstaak in die algemeen veel beter uitvoer en daardeur sorg dat migrasie nie 'n oorweldigende probleem word nie, maar eerder 'n noodsaaklike interstaatlike interaksie van mense van verskillende state wat suksesvol deelneem aan die globalisering van die moderne wêreld.** Om dit blatant te stel: regerings moet hulle deel doen om die verwoestende oorloë van Afrika te bekamp. In Suider-Afrika veral, soos reeds herhaaldelik in die verhandeling aangetoon, is die dood en hongersnood van miljoene mense die direkte gevolg van totalitêre politieke diktators wat van effektiewe regering 'n klaaglike mislukking maak.
- **Alle owerhede behoort meëdoenloos teen kriminele as migrante en kriminaliteit soos dwelmsmokkelary, prostitusie en moord en roof op te tree.** Vir hierdie tipe migrante moet daar nie verskonings gesoek word nie soos wat helaas tans nog die geval is nie. Daar behoort inderdaad geen genade vir hulle te bestaan nie. Interstaatlike kontrakte en verdrae behoort daargestel te word om hierdie migrante gemeenskaplik op te spoor en selfs by interstaatlike streekshowe en tribunale te laat verhoor en gepaste ongenaakbare, maar korrektiewe strawwe toe te dien.
- **In Suider-Afrika behoort kosproduksie en die landbousektor binne die breë raamwerk van migrasie veel groter aandag te ontvang.** Honger mense moet migreer as hulle wil oorleef; hulle hoef nie te migreer as hulle genoeg kos het nie. Gevolglik behoort kosproduksie in die landbousektor so bestuur te word dat almal in Suider-Afrika genoeg op die tafel het en dat kosproduksie nie ondergeskik gestel word aan die soms kortsigtige sosialistiese proefnemings soos in die huidige

tydsgewrig in Zimbabwe nie. Mens kan jou kwalik indink wat die tragiese gevolge vir Suider-Afrika sal wees as almal in Suider-Afrika die landboubeleid van Zimbabwe as voorbeeld sou navolg.

5.4.3 Internasionale optrede en interstaatlike verhoudinge

- **Die Afrika Unie behoort kontinentale migrasie in Afrika as 'n prioriteit te hanteer en 'n kontinentale Migrantekommissie daar te stel ten einde die uitdagings van migrasie in Afrika gefokus aan te spreek.**
- **Binne die raamwerk van Afrika Renaissance in NEPAD behoort migrasie as 'n wesenlike uitdaging aanvaar te word en bestuur te word as een van daardie prioriteite wat deur suksesvolle hantering broodnodige vernuwing en die uitskakeling van namelose ellende op ons kontinent teweeg kan bring.** Die moontlikheid van projekte onder die vaandel van NEPAD is legio. Aan die een kant doen landbou-ontwikkeling en ander sosio-ekonomiese projekte hulleself onmiddellik as projekte voor ten einde voorkomend op te tree. Aan die ander kant is die verskaffing van gesondheidsdienste, tydelike woongeriewe en selfs onderwysgeriewe 'n vanselfsprekende en onontkombare realiteit in daardie gebiede waar migrasie reeds en steeds op die kontinent omvangryke afmetings aanneem. Dit sal weereens toegewyde en kundige korpse van amptenare vra wat bereid is om te werk en ophou om te praat en te filosofeer.
- **Bilaterale interstaatlike verdrae, soos byvoorbeeld tussen Suid-Afrika en Mosambiek, behoort migrasieprobleme tussen twee of meer geografiese buurlande aan te spreek.** In hierdie verband behoort die provinsiale regering van

Mpumalanga, die stadsraad van Nelspruit en munisipale owerhede van beide Mpumalanga en Mosambiek ten nouste by sodanige ooreenkomste betrek word. Sodoende kan migrasie eie aan die eise van assimetrie baie meer suksesvol saam met en vir die mense wat dit raak, bestuur word. Uitgebreide komiteestelsels en gepaardgaande ondersteunende amptenarestrukture sal egter voorsien moet word.

- **In Suid-Afrika se geval veral behoort veel beter begrip te bestaan, en gevolglik daadwerklike optrede beplan word, om die infrastruktuur en ekonomiese en sosiale lewensomstandighede van die buurstate te verbeter.** As ideaal behoort talle Suid-Afrikaanse kundiges as professionele migrante in hierdie buurstate te gaan werk ten einde inisiatief en ondersteuning vir die state se opbou aan te bied. Dit is die navorser se mening dat die huidige gewraakte diens van mediese studente, wat in die volksmond as die "Zumajaar" bekend staan, met groot vrug en positiewe rendement deur Suid-Afrikaanse studente gelewer kan word.
- **Samewerking met internasionale organisasies soos die VN, die Europese Unie en ander internasionale streekorganisasies behoort baie meer fokus op uitdagings van migrasie in Afrika te plaas.** Samewerking tussen Afrika en die res van die wêreld is in dié verband onontbeerlik en hopeloos te veel van die internasionale hulpprogramme in Afrika vind sonder die inspraak en deelname van die mense van Afrika plaas. Aan die ander kant sal die mense van Afrika minder koppig en eiesinnig moet wees en aanvaar dat die buitewêreld oor professionele migrante beskik, sonder wie se bydrae ons kontinent tans beswaarlik sy eie migrasie-uitdagings sal kan hanteer.

- **Die bydrae van internasionale stigtings van weldoeners en die talle en talle menseregte en goedbedoelende maatskaplike diensorganisasies behoort veel beter gekoördineer en bestuur te word.** Dit is 'n feit dat talle van hierdie weldoenerorganisasies se geld en pogings dikwels op die rotse loop omdat dit onbepland of soms vir suiwer politieke winsmotiewe gedoen word. Die werk van die Internasionale Rooikruis is in hierdie verband klaarblyklik 'n suksesvolle voorbeeld en daar kan met vrug saam met hulle besin word oor die suksesvolle beplanning en benadering wat in hierdie verband toegepas kan word.

Laastens, en helaas tragies, kan gestel word dat Afrika reeds vir baie van die internasionale wêreld 'n verlore kontinent geword het waar daar weinig self aan te smeer is. Dit is egter aan die ander kant so dat indien migrasie van die honger miljoene van Afrika nie op die kontinent aangespreek word nie, dit mettertyd die verantwoordelikheid van Europa en die ontwikkelende wêreld sal word. Dit is gevolglik onontbeerlik en aangewese dat Afrika, in 'n gees van saamwerkende beplanning en uitvoering, die migrasiedilemmas saam met die internasionale wêreld aanpak.

5.4.4 Burgerlike gemeenskap

- **Die burgerlike gemeenskap behoort deur nie-regeringsorganisasies, plaaslike gemeenskapsorganisasies en spesiale toegewyde plaaslike diensorganisasies ten nouste by die bestuur van migrante betrek te word.** Plaaslike bestuurskomitees behoort daarvoor in die lewe geroep te word ten einde op 'n deursigtige manier die behoeftes van beide die bestaande plaaslike inwoners en die migrante-gemeenskappe te bepaal en saam met hulle te

besin, te beplan en toe te sien dat ooreengekome projekte uitgevoer word.

- **Teen die agtergrond van die migrante wat in hierdie verhandeling bestudeer is, is dit voor die handliggend dat die boeresektor in die landboubedryf ten nouste betrek moet word.** Hulle is immers die werkverskaffers en die daarstelling van 'n gemeenskaplike ooreengekome raamwerk van 'n kode vir optrede en hantering is onontbeerlik. Die bestaande informele raadpleging wat tans tussen baie boere en migrante plaasvind behoort dus meer geformaliseer te word en selfs met owerheidsteun meer amptelike status te verwerf. Agri-SA en Agri-Mpumalanga sal hierby betrek moet word.

Aan die ander kant van hierdie munt behoort finansieël lonende insentiewe ook vir die boeregemeenskap van Mpumalanga daargestel te word, om in samewerking met die Mosambiekse owerhede, landbouontwikkeling en kosproduksie in Mosambiek te help vestig en minstens aanvanklik te help bestuur. Sodoende kan Suid-Afrikaanse landboumigrante 'n onskatbare bydrae lewer om die hooforsaak van migrasie uit Mosambiek aan bande te lê.

- **Munisipale owerhede in Mpumalanga en in soverre dit in Mosambiek bestaan, behoort eweneens by die proses betrek te word.** In die geval waar munisipale owerhede nie in Mosambiek bestaan nie, kan van geïdentifiseerde gemeenskapsleiers gebruik gemaak word. Vanselfsprekend kan dieselfde model in enige ander toepaslike grensgebied wat met uitdagings van migrasie te make het, van toepassing gemaak word.

- **In die lig van die deurslaggewende rol van vroue en kinders is dit ooglopend aangewese dat organisasies soos die Vrouelandbou-Unie en ander plaaslike kerklike en maatskaplike diensorganisasies ook by die proses betrokke sal wees.** Op dié manier kan huisvlytvaardighede onder migrante en selfs die ontwikkeling van tuisnywerhede ook onder die vrouens en die gesinne van migrante gevestig word.

Na die mening van die navorser behoort dit 'n wonderlike uitdaging vir georganiseerde diensorganisasies in Mpumalanga te wees om byvoorbeeld kleuterskole en dagsorgsentrums onder die Mosambiekse migrante te vestig en te help bestuur.

- **Terwyl aanvaar word dat verantwoordelikhede met betrekking tot behuising, onderwys en gesondheid owerheidsfunksies is, moet die moontlikhede spoedeisend ondersoek word om op daardie plase waar grootskaalse getalle Mosambiekse migrante werksaam is, behuising, onderwys en gesondheid deur die eienaars op die plase, te verskaf.** Dit vind in elk geval in baie gevalle nie-amptelik plaas, en die regering behoort te oorweeg om dit finansieël te ondersteun eerder as om peperduur vervoerstelsels daar te stel ten einde hierdie noodsaaklike maatskaplike dienste op meer gesentraliseerde punte te lewer. Die suksesvolle "tradisionele" stelsel van plaasskole en plaasklinieke kan met vrug vir toepassing onder die migrante op die plase van Mpumalanga ondersoek word. Vanselfsprekend sal toegesien moet word dat die boere en die migrante in die toepasing van hierdie innoverende moontlikhede aan streng regulasies van kontrole en ouditering onderworpe sal wees. Dit is iets waarvoor die voorgestelde nuwe Departement van Migrasie verantwoordelikheid sal moet aanvaar.

5.4.5 Kōördinerings van navorsing

- **Dit is kardinaal dat alle Suid-Afrikaanse universiteite betrek word by 'n nasionale gekoördineerde akademiese sentrum of instituut waar migrasie in Suider-Afrika gesamentlik en toegewyd bestudeer kan word.** Dit impliseer dat alle universiteite en selfs private navorsingsinstellings moet waak teen die dien van eie belange, en om, in die belang van skaars menslike hulpbronne en middele, een sentrale en gespesialiseerde sentrum vir die studie van internasionale migrasie tot stand te bring. Dit word aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse regering betrokke raak - in terme van fondse en menslike hulpbronne - ten einde van die genoemde sentrum/instituut 'n sukses te maak.
- **In die verhandeling is die studie van internasionale migrasie fundamenteel vanuit 'n sosiologiese invalshoek bestudeer. Maar dit is egter ook logies dat verskeie ander vakwetenskappe soos die staatkunde, die regs wetenskap, sielkunde, konflik studies en ekonomiese en sosiale vakwetenskappe vakwetenskappe ook 'n belangrike rol het om te speel.** Na die oordeel van die navorser behoort daar dus 'n inter-dissiplinêre grondslag by die voorgestelde sentrum/instituut hierbo betoog, aanwesig te wees.
- **Die voorgestelde sentrum of instituut behoort verder noue skakeling en wisselwerking met akademiese en navorsings-instellings oor die hele wêreld aan te gaan en uit te bou.** Internasionale migrasie is immers nie net 'n probleem van die kontinent van Afrika nie.

- **Uit hierdie studie het dit ook geblyk dat navorsingsdata oor internasionale migrasie op sy beste hoogs onbetroubaar is.** Dit is derhalwe van kritieke belang dat genoemde sentrum/instituut betroubare data en feite moet versamel sodat regerings en owerhede ingeligte besluite op grond van die beste feitebasis kan neem.
- **Ondersteuning deur internasionale maatskaplike diensorganisasies behoort eweseer met die werksaamhede van die voorgestelde sentrum/instituut gekoördineer te word.**

5.5 Slot

In die verhandeling is ondubbelsinnig aangedui dat internasionale migrasie een van die mees tergende sosiale vraagstukke van ons tyd is – veral ook in Afrika en Suid-Afrika. Indien owerhede weifel om die uitdaging daadwerklik aan te spreek, het internasionale migrasie die potensiaal om bykans onoorkombare probleme daar te stel.

Die hoop word uitgespreek dat die impak van Mosambiekse immigrante op die grensgebied in Mpumalanga deur hierdie studie skerper in fokus geplaas is. Hopelik is ook genoegsame aanbevelings en oplossings aan die hand gedoen ten einde die uitdagings suksesvol aan te spreek (vgl. Doelstellings – Hoofstuk 1). Dit is in elk geval een van daardie uitdagings waarvan die einde nie in sig is nie, en wat slegs deur behoorlike en innoverende aandag van regerings, die burgerlike samelewing en les bes deur migrante self aangespreek behoort te word.

Laastens is die waarde van kwalitatiewe navorsing weereens in die studie bevestig. Sonder die eerlike en betekenisvolle response wat op kwalitatiewe wyse ingewin is, sou die bestudering van die sosiale struktuur van die betrokke komplekse grensgemeenskap nie moontlik gewees het nie.

6. BIBLIOGRAFIE

AFRICA PULSE. 2003. ***Mozambique: Migrant miners disadvantaged by new South Africa immigration law.*** [Web:] <http://www.africapulse.org.za/index.php?action=viewarticle&articleid=1734> [Datum van toegang: 5 Mei 2004].

AGÜEROS, J. 1971. Halfway to Dick and Jane. In ***The Immigrant Experience: The Anguish of Becoming American.*** The Dial Press: London.

AKEHURST, M.B. 1973. ***A Modern Introduction to International Law.*** Allen & Unwin: London.

AL-HAJ, M. 2002. ***Ethnic mobilization in an ethno-national state : the case of immigrants from the Former Soviet Union in Isreal.*** Ethnic and Racial Studies, Vol 25, nr 2, p. 238-257, Mar.

ANARFI, J.K. 2003. ***The Impact of HIV/AIDS Africa.*** New Agenda, nr 9, p. 44.

ANGELFIRE. 2004. ***Invitation to Sociology.*** [Web:] <http://www.angelfire.com/or/sociologyshop/berger.html> [Datum van toegang: 29 Apr. 2004].

ANON. 1993. **Grootste verskuiwing nog.** *Die Burger*: 9, Jul. 7.

ANON. 2001. **Xenofobie.** *Volksblad*: 4, Jan. 12.

AYITTEY, G.B.N. 1992. ***Africa Betrayed.*** St. Martin's Press: New York.

BASCH, R. 1994. ***Secrets of the Super Searchers***. Eight Bit Books: Wilton.

BAILEY, K.D. 1987. ***Methods of social research***. Free Press: New York.

BARNETT, D. 2002. ***US Immigration Policy: Asylum-Seekers and Refugees***. The Journal of Social, Political and Economic Studies, Vol 27, nr 2, p. 56, Summer.

BEN-RAFAEL, E & STERNBERG, Y. 2001. ***Identity, Culture And Globalization***. Brill: Leiden.

BERGER, I. 1992. ***Threads of Solidarity. Women in South African Industry***. Indiana University Press: Indianopolis.

BOHNING, W.R. 1977. ***Black Migration to South Africa—What are the Issues***. International Labour Organisation, Geneve.

BOND, P. 2002. ***Zimbabwe: Pretoria's New African Dilemma***. Indicator, Vol 19, nr 1, Mar.

BROWN, D.L. 2002. ***Migration and community: social networks in a multilevel word***. Rural Sociology, Vol 67, nr 1, p. 1-23.

BRUCE, B. 2001. ***Toward Mediating the Impact of Forced Migration and Displacement among Children Affected by Armed Conflict***. Journal of International Affairs, Vol 55, nr 1, p. 35-57, Fall.

BUTLER, K.D. 2001. ***Defining Diaspora, Redifining a Discourse***. Diaspora, Vol 10, nr 2, p. 189-214, Fall.

CENTRE FOR DEVELOPMENT AND ENTERPRIZE. 2000 ***Response to the White Paper on International Migration in Respect of Skilled Migration***. CDE: Johannesburg.

CHARON, J. 1986. ***Sociology: A Conceptual Approach***. Allyn and Bacon: Boston.

CHOUCRI, N. 2002. ***Migration and Security: Some Key Linkages***. Journal of International Affairs, Vol 56, nr 1, p. 97-120, Fall.

CLAY, J.W. & Holcomb, B.K. 1986. ***Politics and the Ethiopian Famine 1984-1985***. Transaction Books: Oxford.

COHEN, R. 1996. ***International Migration: Southern Africa in Global Perspective***. [Web:] <http://www.queensu.ca/samp/transform/Cohen.htm> [Datum van toegang: 22 Des. 2002].

COHEN, R. 1997. International Migration: Southern Africa in Global Perspective. In J. Crush & F. Veriava (eds.) ***Transforming South African Migration and Immigration Policy***. Southern African Migration Project: Cape Town.

COKER, C. 2002. ***Globalisation and Insecurity in the Twenty-First Century***. Adelphi Paper 345, Oxford University Press: New York.

COOK, D. 2003. ***The Recovery of Radical Islam in the Wake of the Defeat of the Taliban***. Terrorism and Political Violence, Vol 15, nr 1, p. 31-56, Spring.

COOMARASWAMY, I. 2002. **Globalization, Politics and Summitry**. The Round Table, nr 364, p. 161-166, Apr.

CORENO, T. 2002. **Fundamentalism as a Class Culture**. [Web:] http://www.findarticles.com/cf_0/m0SOR/3_63/92284224/p5/article.html?term [Datum van toegang: 1 Mei 2002].

COSER, L. 1977. **Lewis Coser on Weber's Class, Status, and Power**. [Web:] <http://www.unm.edu/~nvaldes/371/class.htm> [Datum van Toegang: 6 Mei 2004].

CRONJÉ, J.F., STRYDOM, H. & HAASBROEK, A. 2003. The impact of Mozambican migration on critical health issues in Mpumalanga. In Cohen, R., ed. **Migration and Health in Southern Africa**. Van Schaik, Bellville South, p. 126-139.

CRUSH, J. 1997. Contract Migration to South Africa: Past, Present and Future. In J. Crush & F. Veriava (eds.) **Transforming South African Migration and Immigration Policy**. Southern African Migration Project: Cape Town/Kingston.

CRUSH, J. 2000. **Borderline Farming**. Idasa: Kaapstad.

CRUSH, J. 2001. **Immigration, Xenophobia and Human Rights in South Africa**. Idasa: Kaapstad.

CRUSH, J. 2002. **The Global Raiders: Nationalism, Globalization and the South African Brain Drain**. Journal of International Affairs, Vol 56, nr 1, p. 149-153, 164-167, Fall.

CURTIN, P.D. 1997. ***Cross-Cultural Trading in World History***. Cambridge University Press: Cambridge.

DE JONG, G.F., ABAD, R.G., ARNOLD, F., CARIÑO, B.V. & FAWCETT, J.T. 1983. ***International and internal migration decision making: A value-expectancy based analytical framework of intentions to move from a Philippine province***. International Migration Review, Vol 17, nr 3, p. 470–484.

DE SWAAN, A. 2001. ***Human Societies. An Introduction***. Polity Press: Cambridge.

DE VLETTER, F. 1998 ***Sons of Mozambique: Mozambican Miners and Post-Apartheid South Africa***. Idasa, Kaapstad.

DE VLETTER, F. 2000. Labour Migration to South Africa: The Lifeblood for Southern Mozambique. In McDonald, D.A., ***On Borders***. Op Cit.

DIE BURGER. 2001. ***Rassisme ook in Baai bekyk***. Die Burger: 2, Jun. 12.

DUODO, C. 2000. ***Vreemdelinge haat steeds dodelike krag in Afrika***. Die Burger: 2, Oct. 4.

DU TOIT, B.M. 2003. ***Boers, Afrikaners and Diasporas***. Historia, Vol 48, nr 1, p. 15-24.

DU TOIT, J. 2000. ***Vrese oor immigrante en werk is ongegrond, wys studie***. Die Beeld: 7, Mar. 17.

DUMBUTSHENA, T. 2002. ***Foreigners go Home***. African Political and Economic Monthly, Vol 14, nr 8.

DUNCAN, D. 1995. ***The Mills of God. The State and African Labour in South Africa, 1918-1948***. Witwatersrand University Press: Johannesburg.

DURKHEIM, E. 1960. ***The Division of Labour in Society***. The Free Press: Glencoe.

EBERSTADT, N. 2002. ***The Future of Aids***. Foreign Affairs, Vol 81, nr 6, p. 16-21, Nov/Dec.

EHRlich, P.R. 1975. Eco-Catastrophe! In Marden, P.G., Hodgson, D., ***Population, Environment, and the Quality of Life***. Wiley and Sons: New York.

ELBE, S. 2002. ***HIV/AIDS and the Changing Landscape of War in Africa***. International Security, Vol 27, nr 2, p. 161, 168, 176, Fall.

FAIST, T. 2000. ***The Volume and Dynamics of International Migration and Transnational Social Spaces***. Oxford University Press: London.

FAMILY LIFE. 2004. ***Basic Definitions and Family Types***. [Web:] <http://www.sociology.org.uk/cardfam.htm>. [Datum van toegang: 6 Mei 2004].

FINAL CONCEPTS. 2004a. ***Ethnocentrism***. [Web:] <http://www.delmar.edu/socsci/rlong/intro/concepts.htm> [Datum van toegang: 26 Apr. 2004].

FINAL CONCEPTS. 2004b. ***Intoductory Sociology***. [Web:] <http://www.delmar.edu/socsci/rlong/intro/concepts.htm> [Datum van toegang: 25 Apr. 2004].

FISCHER, P.A. & MARTIN, R. & STRAUBHAAR, T. 1997. Interdependencies between development and migration. In Hammar, T., Brochmann, G., Tamas, K. & Faist, T., reds. ***International migration, immobility and development***. Oxford University Press : New York, p. 91-132.

FRANKFORT-NACHMIAS, C. & NACHMIAS, D. 1992. **Research methods in the social sciences**. St. Martin's: Sevenoaks, Kent.

FRAYNE, B. 1998. In PENDLETON, W., ***Southern African Migration Project***. nr 34, University of Namibia, Windhoek.

FREUND, B. 1995. ***Insiders and Outsiders. The Indian Working Class of Durban, 1910-1990***. University of Natal Press: Pietermaritzburg.

GASANA, E., JEAN-BOSCO, B., DEO, B., KAREIKEZI, A. & RWANDA, M. 1999. In Adedeji, A., ***Comprehending and Mastering African Conflicts***. Zed Books: London, p. 163-166.

GIBSON, E. 1996. **Weermag het ewigdurende stryd om migrante uit SA te hou**. *Die Burger*: 9, Dec. 31.

GLANTZ, M.H. 1998. ***Drought and Hunger in Africa: denying famine a future***. Cambridge University Press: Cambridge.

GIBSON, E. 2001. **Te min geld om grense deeglik te bewaak.** *Die Beeld*: 11, Sep. 4.

GOODMAN, N. & MARX, G.T. 1982. **Society Today.** Random House: New York.

GUNGWU, W. 1997. **Global History and Migrations.** Perseus Books: New York.

HAMMAR, T. & TAMAS, K. 1997. Why do people go or stay? In HAMMAR, T., BROCHMANN, G., TAMAS, K. & FAIST, T., eds. **International migration, immobility and development.** Oxford University Press: New York, p. 1-19.

HANCE, W.A. 1970. **Population, Migration and Urbanization in Africa.** Columbia University Press: New York.

HANG, R. 2002. **Forced Migration, Processes of Return and Livelihood Construction in Northern Sudan.** The Journal of Disaster Studies, Policy and Management, Vol 26, nr 1, p. 70-84, Mar.

HANLON, J. 2002. **Are donors to Mozambique promoting corruption?** Paper submitted to the conference, Towards a New Political Economy of Development. Sheffield 2-4 July 2002.

HARFF, B. 2003. **No Lessons Learned from the Holocaust? Assessing Risks of Genocide and Political Mass Murder since 1955.** American Political Science Review, Vol 97, nr 1, p. 57-73, Feb.

HEAD, J. 1995. Migrant Mine Labour from Mozambique: What Prospects? In Crush, J., Wilmot, J., (red) ***Crossing Boundaries. Mine Migrancy in a Democratic South Africa.***

Idasa: Kaapstad.

HEINECKEN, L. 2001. ***Living in Terror. The Looming Security Threat to Southern Africa.*** African Security Review, Vol 10, nr 4, p. 7, 14.

HENDERSON, J. 2001. Demographics. In Kane-Berman, J., Ed., ***South Africa Survey: 2001/2002.*** South African Institute of Race Relationships: Johannesburg.

HENNING, C.G. 1993. ***The Identured Indian in Natal (1860-1917).*** Promilla Publishers: New Delhi.

HENSLIN, J.M. 1999. ***Down to Earth Sociology: introductory readings.*** Free Press: New York.

HEYMAN, J. McC. 2000. ***Respect for outsiders? Respect for the law? The moral evaluation of high-scale issues by US immigration officers.*** The Journal of the Royal Anthropological Institute, Vol. 6, nr 4, p. 635-652, Dec.

HOCHSCHILD, A. 1983. ***The managed heart: the commercialization of human feeling.*** University of California Press: Berkerley.

HODGES, C.D. 1977. ***The Legacy of Che Guevara,*** Thames and Hudson: London.

HOLMES, C., (red). 1996. **Migration in European History.** Edward Elgar: Cheltenham.

HOLT. 2003. **Planning STI/HIV Prevention among Refugees and Mobile Populations,** The Journal of Disaster Studies, Policy and Management, Vol 27, nr 1, p. 1-16, Mar.

HORWITZ, S. 2001. **Migrancy and HIV/AIDS: A Historical Perspective.** South African Historical Journal, nr 45, p. 103-123, Nov.

IBARRA, M. 2000. **Mexican immigrant women and the new domestic labor.** Human Organization, Vol 59, nr 4, p. 452-464.

JACOBS, H. 2000. **Migrante bly 'n groot probleem in Afrika.** Volksblad: 3, Aug. 5.

JACOBSEN, K. 2002. **Can Refugees benefit the State? Refugee Resources and African Statebuilding.** The Journal of Modern African Studies, Vol 40, nr 4, p. 577, 585, 594, Dec.

JOOSTE, C.J. 1991. **'n Volkstaat vir Boere-Afrikaners: lesse uit die Joodse besetting van Palestina.** Afrikanervryheidstigting: Pretoria.

KELSEN, H. 1966. **Principles of International Law.** Holt, Rinehart and Winston: New York.

KINGRY, M.J., TIEDJE, L.B. & FRIEDMAN, L.L. 1990. **Focus groups: a research technique for nursing.** Nursing Research, Vol 45, nr 3, p. 124-125, Mar/Apr.

KLAAREN, J. & RAMJI, J. 2001. ***Inside Illegality: Migration Policing in South Africa after Apartheid.*** Africa Today, Vol 48, nr 3, p. 35-47, Fall.

KREFTING, L. 1991. ***Rigor in qualitative research: the assessment of trustworthiness.*** The American Journal of Occupational Therapy, Vol 45, nr 3, p. 214-222, Mar.

KREUGER, R.A. 1994. ***Focus groups :a practical guide for applied research.*** Sage: Thousand Oaks.

KUBAT, D. 1976. Introduction. In Kubat, D., Richmond, A.H., ***Internal Migration. The New World and the Third World.*** Sage Publications: London.

KUPERMAN, A.J. 2000. ***Rwanda in Retrospect.*** Foreign Affairs, Vol 79, nr 1, p. 94-118, Jan/Feb.

KVALE, S. 1983. ***The qualitative research interview: a phenomenological and a hermeneutical mode of understanding.*** Journal of Phenomenological Psychology, Vol 14, p. 171-196.

LEGASSICK, M. & DE CLERQ, F. 1984. Capitalism and Migrant Labour in Southern Africa: The Origins and Nature of the System. In Marks, S. & Richardson, P. ***International Labour Migration. Historical Perspectives.*** Institute of Commonwealth Studies: London.

LEISTNER, G.M.E. & BREYTENBACH, W.J. 1975. ***The Black Worker of South Africa.*** Afrika Instituut: Pretoria.

LEWIS, G. 1974. ***Migration: Economic Complexes***. Unit 9., Human Migration, The Open University Press: Walton Hall, Milton Keynes.

MACKINLAY, J. 2002. ***Globalisation and Insurgency***. Adelphi Paper 352, Oxford University Press: New York.

MALMBERG, G. 1997. Time and space in international migration. In Hammar, T., Brochmann, G., Tamas, K. & Faist, T., eds. ***International migration, immobility and development***. Oxford University Press: New York, p. 21-48.

MAMDANI, M. 1996. ***Citizen and Subject, Contemporary Africa and the Legacy of Late Colonialism***. Fountain Publishers: Kampala.

MANCHUELLE, F. 1997. ***Willing Migrants. Soninke Labour Diasporas, 1848-1960***. Ohio University Press: Athens.

MANDELA, N.R. 1994. ***Long Walk To Freedom***. Little, Brown and Company: London.

MANGHEZI, M. 1998. ***Legacies of Labour Migration from Southern Mozambique to South Africa***. Sapes Books: Harare.

MATHER, C. & MATHEBULA, F. 2000. The Farmers Prefer Us. Mozambican Farmworkers in the Mpumalanga Lowveld. In Crush, J., (red) ***Borderline Farming: Foreign Migrants in South African Commercial Agriculture***. Idasa: Kaapstad.

MATLOSA, K. 1995. ***Labour Migration and the Economy in Southern Africa: A Review of Lesotho-South Africa Relations in a Post-Apartheid Era***. CSAS: Johannesburg.

MATTES, R., TAYLOR, D.M., MCDONALD, D.A., POORE, A. & RICHMOND, W. 1999. ***Still Waiting for the Barbarians: SA Attitudes to Immigrants and Immigration***. SAMP nr 14: Kaapstad.

MCDONALD, D.A., MASHIKE, L., GOLDEN, C. 1999. ***The Lives and Times of African Migrants and Immigrants in Post-Apartheid South Africa***. Idasa: Kaapstad.

MCDONALD, D.A. & CRUSH, J. 2000. ***Understanding Skilled Migration in Southern Africa***. Africa Insight, Vol 30, nr 2, p. 7-10, Oct.

MERTON, R.K. 1949. ***Social theory and Social structure***. Free Press: Glencoe, Ill.

MERTON, R.K. 1976. ***Sociological Ambivalence and Other Essays***. The Free Press: New York.

MILLER, D. E. 2000. ***Mathematical dimensions of qualitative research***. Symbolic Interaction, Vol 23, nr 4, p. 399-402.

MINNAAR, A., PRETORIUS, S. & WENTZEL, M. 1995. ***Who goes there? Illegals in South Africa***. Indicator SA, Vol 12, nr 3, p. 33-40, Winter.

MOORE, J.N. 1974. ***The Arab-Israeli Conflict***. Vol. 2, Princeton University Press: Princeton.

MORGENTHAU, H.J. 1967. ***Politics Among Nations***. Knopf, New York.

MULLER, C.F.J. 1968. ***Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis***. Academica: Kaapstad.

MUSARAT-AKRAM, S. 1999. ***The World Refugee Regime in Crisis: A Failure to Fulfill the Burden-Sharing and Humanitarian Requirements of the 1951 Refugee Convention***. Proceedings of the 93rd Annual Meeting of the American Society of International Law, Washington, p. 24-27, Mar.

MYERS, G.W. 2000. African Regional Organizations and Environmental Security. In Chasek, P.S., ***The Global Environment in the Twenty-First Century: Prospects for International Cooperation***. United Nations University Press: New York.

NAFZINGER, J.A.R. 1983. ***The General Admission of Aliens under International Law***. American Journal of International Law, Vol 77, nr 4, p. 267, Oct.

NAGEL, C.R. 2002. ***Geopolitics by Another Name: Immigration and the Politics of Assimilation***. Political Geography, Vol 21, nr 8, p. 971-985, Nov.

NATIONAL GEOGRAPHIC HISTORY. 2004. ***Mosambique History***. [Web:]
<http://iexplore.nationalgeographic.com/dmap/Mozambique/History>
[Datum van toegang: 29 Apr. 2004].

NEW AFRICAN, 2001a. 393, Feb. Looking for a job? [Web:] http://www.africasia.com/newafrican/recent.php?back_month=14 [Datum van toegang: 15 Aug 2003].

NEW AFRICAN, 2001b. nr 398, July/August. Democracy carries the day? [Web:] http://www.africasia.com/archive_index.html [Datum van toegang: 14 Aug. 2003].

NEW AFRICAN, 2001c. nr 400, October. Interview. [Web:] http://www.africasia.com/archive_index.html [Datum van toegang: 14 Aug. 2003].

NGOBENI, E. 1998. *The locals don't want the competition.* *Electronic Mail & Guardian*, (3). [Besikbaar op internet:] <http://www.mg.co.za/mg/news/98sepl/14sep-competition.html> [Datum van toegang: 16 Mrt. 2001].

NGORO, B. 1997. *How I joined the alien flood into SA.* *The Sunday Independent*: 1, 2, Jun. 6.

NORDSTROM, C. 1995. War on the Front Lines. In Nordstrom, C., Robben, A.C.G.M., *Fieldwork under Fire. Contemporary Studies of Violence and Survival.* University of California Press: Los Angeles.

O'LAUGHLIN, B. 2002. *Proletarianisation, Agency and Changing Rural Livelihoods: Forced Labour and Resistance in Colonial Mozambique.* *Journal of Southern African Studies*, Vol 28, nr 3, p. 511-530, Sep.

OUCHO, O. 2002. *Migration Perspectives and Prospects.* SAMP: Cape Town.

PARILLO, V.N. 2000. ***Strangers to These Shores. Race and Ethnic Relations in the United States.*** Allyn and Bacon: Boston, Sesde Uitgawe.

PARNWELL, M. 1993. ***Population Movements and the Third World.*** Routledge: London.

PARSONS, T. 1951. ***The Social System.*** The Free Press: Glencoe.

PARSONS, T. 1967. ***Sociological Theory and Modern Society.*** The Free Press: New York.

PATTON, M.Q. 2002. ***Qaulitative research & evaluation methods.*** 3rd ed. Sage Publications: Thousand Oaks, Calif.

PEBERDY, S. & CRUSH, J. 2001. ***Invisible Trade, Invisible Travellers: The Maputo Corridor Spatial Development Initiative and Informal Cross-Border Trading.*** South African Geographical Journal, Vol 83, nr 2, p. 115-123.

PERRY, W.J. 2001. ***Preparing for the Next Attack.*** Foreign Affairs, Vol 80, nr 6, Nov/Dec.

PETERSON, P.G. 1999. ***Gray Dawn: The Global Aging Crisis.*** Foreign Affairs, Vol 78, nr 1, Jan/Feb.

POKU, N.K. 2002. ***Poverty, Debt and Africa s HIV/AIDS Crisis.*** International Affairs, Vol 78, nr 3, Jul.

PORTES, A. 1995. ***Economic Sociology and the Sociology of***

Immigration. Russel Sage Foundation: New York.

PORTES, A., GUARNIZO, L.E. & LANDOLT, P. 1999. ***The study of transnationalism: pitfalls and promise of an emergent research field.*** Ethnic and Racial Studies, Vol 22, nr 2, p. 217-237, Mar.

PORTES, A., HALLER, W.J. & GUARNIZO, L.E. 2002. ***Transnational entrepreneurs: an alternative form of immigrant economic adaptation.*** American Sociological Review, Vol 67, p. 278-298, Nov.

PORTES, A. & HAO, L. 2002. ***The price of uniformity: language, family and personality adjustment in the immigrant second generation.*** Ethnic and Racial Studies, Vol 25, nr 6, p. 269-294, Nov.

PSYCHAS, P. & MALASKA, P. 1989. An Analysis of the Problematique of African Famine. In Lemma, A. & Malaska, P. ***Africa Beyond Famine.*** Tycooly Publishing: New York.

QUAH S.R. & SALES, A. 2000. ***The International Handbook of Sociology.*** Sage Publications: London.

RAHMAN, H. & TOUBIA, N. 2000. ***Female Genital Mutilation. A Guide to Laws and Policies Worlwide.*** Zed Books: London.

RAMPHELE, M. 1999. ***Immigration and Education: International Students at South African Universities and Technikons.*** Idasa: Kaapstad.

SISULU, E. 2002. **Walter and Albertina Sisulu. In Our Lifetime.** David Philip Publishers: Claremont.

SITOE, E. 2001. Labour Markets and Migration in Mozambique. In Matlosa, (red). **Migration and Development in Southern Africa.** Sapes Books: Harare.

SMELSER, N.J. 1989. **Handbook of Sociology.** Sage: Newbury Park.

SMITH, P. 1998. **Transnationalism from Below. Special Issue Comparative Urban and Community Research.** McGraw-Hill: New York.

SOCIOLOGY AT HEWETT. 2004. **Functionalism as a Sociological Perspective.** [Web:]

<http://www.hewett.norfolk.sch.uk/curric/soc/T&M/funct.htm>

[Datum van toegang: 22 Apr. 2004].

SOLOMON, H. 2001. **Contemplating the impact of illegal immigration on the Republic of South Africa.** Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, Vol. 26, nr 1, p1-29, Jun.

SPENCER, H. 1969. **The Principles of Sociology.** 2 vols. Appleton: New York.

SPENCER, H. 1975. **The Principles of Sociology.** Vol.1, Greenwood Press: Westport, Herdruk van die oorspronklike uitgawe van 1897 deur Williams and Norgate.

STATISTICAL YEARBOOK. 2001. Forty-Fifth Issue, United Nations: New York.

STREMLAU, J. 2000. ***Ending Africa's Wars***. Foreign Affairs, Vol 79, nr 4, Jul/Aug.

TOURE, A.T. 1999. Mastering African Conflicts. In Adedeji, A. ***Comprehending and Mastering African Conflicts***. Zed Books: London.

TUEPKER, A. 2002. ***On the Threshold of Africa: OAU and UN Definitions in South African Asylum Practice***. Journal of Refugee Studies, Vol 15, nr 4, Dec.

UNHCR. 2001. ***Realising Rights: The Development of Health and Welfare Policies for Asylum Seekers and Refugees in South Africa***. CASE: Braamfontein.

UNITED NATIONS. 1979. ***Trends and Characteristics of International Migration Since 1950***. United Nations University Press: New York.

VAN ASWEGEN, H.J. 1991. ***Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854***. Academica: Pretoria.

VAN DER HORST, S. 1964. ***African Workers in Town***. Oxford University Press: London.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, J.A., GEYER, A.L. 1965. ***Geskiedenis van Suid-Afrika***. Nasou: Kaapstad.

VAN HEAR, N. 1998. ***New Diasporas. The Mass Exodus, Dispersal and Regrouping of Migrant Communities***. UCL Press: London.

VAN RENSBURG, N.J. 1972. ***Population Explosion in Southern Africa***. Van Schaik: Pretoria.

VARESE, F. 2001. ***The Russian Mafia. Private Protection in a New Market Economy***. Oxford University Press: New York.

VENTER M. 2001. ***Workshop on Migrancy and AIDS***. 2-3 August 1993. Cape Town: National AIDS Research Programme/Medical Research Council/Queen's University-University of Cape Town Migrant Labour Project.

VOLKSBLAD. 1999. ***Dié Mosambiekers kry gou heeltydse verblyfpermitte***. *Die Volksblad*: 9, Aug. 16.

VON GLAHN, G. 1971. ***Law Among Nations***. Macmillan: London.

WEINSTEIN, J.M. 2002. ***Mozambique: A Fading U.N. Success Story***. *Journal of Democracy*, Vol 13, nr 1, p. 141-156, Jan.

WÊRELDBANK. 1995. ***World Development Report***. Oxford University Press: New York.

WEST AFRICA, 2002a. ***Global migration patterns***. [Web:] <http://www.westafricamagazine.com/archives.html> [Datum van toegang: 15 November 2003].

WEST AFRICA, 2002c. (Jul/Aug) ***Smugling with lives***. [Web:] <http://www.westafricamagazine.com/archives.html> [Datum van toegang: 12 November 2003].

ZIMMERMAN, W. 1995. ***The Last Ambassador***. *Foreign Affairs*, Vol 74, nr 2, p. 19, Mar/Apr.

VAN RENSBURG, N.J. 1972. ***Population Explosion in Southern Africa***. Van Schaik: Pretoria.

VARESE, F. 2001. ***The Russian Mafia. Private Protection in a New Market Economy***. Oxford University Press: New York.

VENTER M. 2001. ***Workshop on Migrancy and AIDS***. 2-3 August 1993. Cape Town: National AIDS Research Programme/Medical Research Council/Queen's University-University of Cape Town Migrant Labour Project.

VOLKSBLAD. 1999. ***Dié Mosambiekers kry gou heeltidse verblyfpermitte***. *Die Volksblad*: 9, Aug. 16.

VON GLAHN, G. 1971. ***Law Among Nations***. Macmillan: London.

WEINSTEIN, J.M. 2002. ***Mozambique: A Fading U.N. Success Story***. *Journal of Democracy*, Vol 13, nr 1, p. 141-156, Jan.

WÊRELDBANK. 1995. ***World Development Report***. Oxford University Press: New York.

WEST AFRICA, 2002a. ***Global migration patterns***. [Web:] <http://www.westafricamagazine.com/archives.html> [Datum van toegang: 15 November 2003].

WEST AFRICA, 2002c. (Jul/Aug) ***Smuggling with lives***. [Web:] <http://www.westafricamagazine.com/archives.html> [Datum van toegang: 12 November 2003].

WEST AFRICA, 2003d. (11-17 Nov.) ***Playing in the aftermath: Children of war.*** [Web:]

<http://www.westafricamagazine.com/archives.html> [Datum van toegang: 7 Februarie 2004].

WEST AFRICA, 2002e. (16-22 Des.) ***Footprints of migration.***

[Web:] <http://www.westafricamagazine.com/archives.html>

[Datum van toegang: 12 November 2003].

WIKIPEDIA. 2004. ***Functionalism (sociology).*** [Web:]

[http://en.wikipedia.org/wiki/Functionalism_\(sociology\)](http://en.wikipedia.org/wiki/Functionalism_(sociology)) [Datum van toegang: 22 April 2004].

WILSON, F. 1972. ***Migrant Labour.*** SACC and SPROCAS: Johannesburg.

WILSON, F. 1976. ***International Migration in Southern Africa.*** SALDRU: Kaapstad.

WOCKE, A. & KLEIN, S. 2002. ***The Implications of South Africa's Skills Migration Policy for Country Competitiveness.*** Development Southern Africa, Vol 19, nr 4, p. 441-453, Oct.

WOLOSKY, L.S. 2000. ***Putin's Plutocrat Problem.*** Foreign Affairs, Vol 79, nr 2, p. 18-31, Mar/Apr.

ZIMMERMAN, W. 1995. ***The Last Ambassador.*** Foreign Affairs, Vol 74, nr 2, p. 19, Mar/Apr.

BYLAAG A

